

6144 27345

D.O.V.S. BIBLIOTHEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER  
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE  
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300001816507

Universiteit Vrystaat

**‘N KRUI SKULTURELE ONDERSOEK NA  
VOORSPELLERS VAN JONG VOLWASSE STUDENTE  
SE HOUDINGS TEENoor DIE HUWELIK**

deur

**HYLMA VAN ROOYEN**

•

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

**MAGISTER SOCIETATIS SCIENTIAE (KLINIESE SIELKUNDE)**

in die

**FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE  
DEPARTEMENT SIELKUNDE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**

**STUDIELEIER: DR. A. LE ROUX,**

M.A., D. Phil. (Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein)

**NOVEMBER 2002**

Geldelike bystand wat deur die National Research Foundation (NRF) vir hierdie navorsing gelewer is, word hiermee erken. Menings wat uitgespreek is en gevolgtrekkings wat gemaak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die NRF toegeskryf word nie.

Universiteit van die  
Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN

4 - SEP 2003

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Societatis Scientiae in Kliniese Sielkunde aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg in die verhandeling ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

A handwritten signature in dark ink, appearing to read 'H. van Rooyen', is written over a horizontal line.

H. van Rooyen

Opgedra aan elkeen wat 'n bydrae gelewer het in die voltooiing van  
hierdie navorsing. My opregte dank.

## INHOUDSOPGAWE

---

|                      |    |
|----------------------|----|
| Lys van Figure ..... | v  |
| Lys van Tabelle..... | vi |

### HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

|                                                  |   |
|--------------------------------------------------|---|
| 1.1 Probleemstelling .....                       | 1 |
| 1.2 Doel van die navorsing .....                 | 2 |
| 1.3 Noodsaaklikheid van die navorsing .....      | 2 |
| 1.4 Begripsomskrywings .....                     | 3 |
| 1.5 Strukturele onderbou van die navorsing ..... | 3 |

### HOOFSTUK 2: LEWENSTYLE

|                                                                 |    |
|-----------------------------------------------------------------|----|
| 2.1 Inleiding .....                                             | 4  |
| 2.2 Verskillende lewenstyle .....                               | 4  |
| 2.2.1 Die huwelik .....                                         | 4  |
| 2.2.1.1 Omskrywing .....                                        | 4  |
| 2.2.1.2 Historiese oorsig .....                                 | 6  |
| 2.2.1.3 Faktore wat tot die afname in huwelik bygedra het ..... | 8  |
| a) Voordele van die huwelik .....                               | 8  |
| b) Godsdiens .....                                              | 9  |
| c) Saamwoon .....                                               | 10 |
| 2.2.2 Saamwoonverhoudings .....                                 | 11 |
| 2.2.2.1 Omskrywing .....                                        | 11 |
| 2.2.2.2 Die aard van saamwoonverhoudings .....                  | 12 |
| 2.2.2.3 Sosio-demografiese profiel van persone wat saamwoon ..  | 14 |
| 2.2.2.4 Voor- en nadele van saamwoon .....                      | 15 |
| 2.3 Die verband tussen saamwoon en huwelikstabiteit .....       | 16 |
| 2.4 Lewenstyltendense in Amerika, Europa en Australië .....     | 19 |

|                                                |    |
|------------------------------------------------|----|
| 2.4.1 Enkellopendheid .....                    | 19 |
| 2.4.2 Saamwoon.....                            | 20 |
| 2.4.3 Huwelike.....                            | 21 |
| 2.4.4 Ouderdom waarop huwelike plaasvind ..... | 23 |
| 2.5 Lewenstyltendense in Suid-Afrika.....      | 24 |
| 2.5.1 Saamwoon .....                           | 24 |
| 2.5.2 Huwelike.....                            | 25 |
| 2.5.3 Ouderdom waarop huwelike plaasvind ..... | 27 |
| 2.6 Samevatting .....                          | 29 |

### HOOFSTUK 3: HOUDINGS

|                                                 |    |
|-------------------------------------------------|----|
| 3.1 Inleiding .....                             | 30 |
| 3.2 Definisie van die begrip “Houding” .....    | 30 |
| 3.3 Houdingsteorieë .....                       | 32 |
| 3.3.1 Die leerteoretiese benadering.....        | 32 |
| 3.3.2 Kognitiewe konsekwentheidsteorieë.....    | 34 |
| 3.3.2.1 Balansteorie .....                      | 34 |
| 3.3.2.2 Kognitiewe dissonansieteorie.....       | 37 |
| 3.3.2.3 Die selfpersepsieteorie.....            | 40 |
| 3.3.3 Die verwagte-waardeteorie.....            | 41 |
| 3.4 Die verband tussen houdings en gedrag ..... | 41 |
| 3.4.1 Die sterkte van houdings .....            | 41 |
| 3.4.2 Die toeganklikheid van houdings .....     | 42 |
| 3.4.3 Die stabiliteit van houdings .....        | 43 |
| 3.4.4 Die opvallendheid van houdings .....      | 43 |
| 3.4.5 Redenering oor houdings .....             | 44 |
| 3.4.6 Die aard van gedrag.....                  | 44 |
| 3.4.6.1 Situasionele druk .....                 | 44 |
| 3.4.6.2 Sosiale norme.....                      | 44 |
| 3.4.6.3 Ander situasies.....                    | 45 |
| 3.4.7 Persoonlikheidsfaktore .....              | 45 |

|                                                                    |    |
|--------------------------------------------------------------------|----|
| 3.5 Houdings teenoor die huwelik.....                              | 46 |
| 3.6 Houdings teenoor saamwoon.....                                 | 47 |
| 3.7 Faktore wat houdings teenoor die huwelik beïnvloed .....       | 49 |
| 3.7.1 Ouderdom.....                                                | 50 |
| 3.7.2 Geslag.....                                                  | 50 |
| 3.7.3 Kultuur.....                                                 | 51 |
| 3.7.4 Godsdiens.....                                               | 52 |
| 3.7.5 Geografiese ligging .....                                    | 54 |
| 3.7.6 Opleiding.....                                               | 54 |
| 3.7.7 Huwelikstatus .....                                          | 55 |
| 3.7.8 Ouers se huwelikstatus.....                                  | 56 |
| 3.7.9 Gesinskonflik.....                                           | 58 |
| 3.8 Die verband tussen houdings teenoor lewenstyle en gedrag ..... | 59 |
| 3.9 Samevatting .....                                              | 60 |

#### HOOFSTUK 4: NAVORSINGSMETODE

|                                                   |    |
|---------------------------------------------------|----|
| 4.1 Inleiding .....                               | 62 |
| 4.2 Navorsingshipotese.....                       | 62 |
| 4.3 Metode van ondersoek.....                     | 62 |
| 4.3.1 Navorsingsontwerp .....                     | 62 |
| 4.3.2 Proefpersone.....                           | 63 |
| 4.3.3 Insameling van gegewens .....               | 64 |
| 4.3.4 Meetinstrumente .....                       | 68 |
| 4.3.4.1 Die Biografiese Vraelys.....              | 68 |
| 4.3.4.2 Houding teenoor die Huwelik Vraelys ..... | 69 |
| a) Betroubaarheid .....                           | 69 |
| b) Tekortkominge.....                             | 70 |
| 4.3.4.3 Houding teenoor Saamwoon Vraelys .....    | 70 |
| a) Betroubaarheid .....                           | 71 |
| b) Tekortkominge .....                            | 71 |

|                                                             |    |
|-------------------------------------------------------------|----|
| 4.3.5 Statistiese metode.....                               | 71 |
| 4.3.5.1 Betroubaarheid (Cronbach se alfa-koëffisiënt) ..... | 71 |
| 4.3.5.2 Meervoudige regressie-ontleding .....               | 72 |

## **HOOFSTUK 5: RESULTATE EN BESPREKING VAN DIE RESULTATE**

|                                                                                                |    |
|------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 5.1 Inleiding .....                                                                            | 75 |
| 5.2 Resultate met betrekking tot studente se houdings teenoor die huwelik<br>en saamwoon ..... | 75 |
| 5.2.1 Toetsbetroubaarheid .....                                                                | 75 |
| 5.2.2 Gemiddeldes en standaardafwykings van al die gegewens .....                              | 76 |
| 5.2.3 Interkorrelasiematriks .....                                                             | 80 |
| 5.3 Meervoudige regressie-ontledings .....                                                     | 81 |
| 5.4 Bespreking van verkreeë resultate .....                                                    | 83 |
| 5.4.1 Deelname aan godsdienstige aktiwiteite .....                                             | 83 |
| 5.4.2 Houdings teenoor saamwoon .....                                                          | 84 |
| 5.4.3 Etniese groep .....                                                                      | 84 |
| 5.4.4 Gesinskonflik .....                                                                      | 85 |
| 5.4.5 Geslag .....                                                                             | 85 |
| 5.5 Samevatting .....                                                                          | 86 |

## **HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

|                                                    |     |
|----------------------------------------------------|-----|
| 6.1 Gevolgtrekkings .....                          | 87  |
| 6.2 Kritiek en aanbevelings .....                  | 88  |
| Opsomming .....                                    | 90  |
| Summary .....                                      | 92  |
| Bronnelys .....                                    | 94  |
| Bylae A: Biografiese Vraelys .....                 | 104 |
| Bylae B: Houding teenoor die Huwelik Vraelys ..... | 107 |
| Bylae C: Houding teenoor Saamwoon Vraelys .....    | 109 |

## *LYS VAN FIGURE*

---

| <i>Nommer</i>                                                                                     | <i>Bladsy</i> |
|---------------------------------------------------------------------------------------------------|---------------|
| 2.1 Huwelikskoerse vir ongetroude vroue in Amerika .....                                          | 22            |
| 2.2 Gemiddelde ouderdom waarop mans en vroue in Amerika in die<br>huwelik tree.....               | 24            |
| 2.3 Huwelikskoerse vir die verskillende populasiegroepe in die<br>tydperk van 1980 tot 1990 ..... | 27            |
| 2.4 Mediaan-ouderdom waarop mans en vroue in Suid-Afrika vir die<br>eerste keer trou.....         | 28            |
| 3.1 Die Balansmodel.....                                                                          | 36            |
| 4.1 Die verskillende etniese groepe in die navorsing .....                                        | 66            |
| 4.2 Ouers se huwelikstatus .....                                                                  | 67            |
| 4.3 Gesinskonflik .....                                                                           | 67            |
| 4.4 Deelname aan godsdienstige aktiwiteite .....                                                  | 68            |

## LYS VAN TABELLE

---

*Nommer*

*Bladsy*

|                                                                                                                                           |    |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| 2.1 Aantal huwelike en huwelikskoerse vir die verskillende populasie-<br>groepe in die tydperk van 1980 tot 1990 .....                    | 26 |
| 4.1 Frekwensies en persentasies van die voorspeller veranderlikes .....                                                                   | 65 |
| 5.1 Die betroubaarheidskoëffisiënte van die metingskale .....                                                                             | 75 |
| 5.2 Gemiddeldes en standaardafwykings van die voorspeller veranderlikes<br>ten opsigte van studente se houdings teenoor die huwelik ..... | 76 |
| 5.3 Gemiddeldes en standaardafwykings van die voorspeller veranderlikes<br>ten opsigte van studente se houdings teenoor saamwoon .....    | 78 |
| 5.4 Interkorrelasiematriks van al die veranderlikes .....                                                                                 | 79 |
| 5.5 Resultate van 'n stapsgewyse meervoudige regressie-ontleding .....                                                                    | 81 |
| 5.6 Die proporsie en persentasie van die variansie wat deur al die<br>voorspellers verklaar word .....                                    | 82 |

4 . ,

## PROBLEEMSTELLING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

### 1.1 PROBLEEMSTELLING

Volgens Bumpass, Sweet en Cherlin (1991) en Bernades (1997) het daar die afgelope aantal dekades reg oor die wêreld grootskaalse verandering in lewenstyle en interpersoonlike verhoudings plaasgevind. Daar was 'n afname in huwelikskoerse en 'n toename in saamwoonverhoudings. Volgens die navorsing van Bumpass et al. (1991) was daar in Amerika in die tydperk van 1970 tot 1985 'n afname van 24% in huwelike van persone jonger as 25 jaar. Daar is gevind dat hierdie afname met die toename in saamwoonverhoudings verband hou (Bumpass et al., 1991). Net so was daar in Suid-Afrika 'n afname in huwelike by die verskillende bevolkingsgroepe (Suid-Afrikaanse Statistieke, 1995).

Volgens verskeie navorsers (Doyle, 1999; Whitehead & Popenoe, 2001) was die ander verandering wat in lewenstyle plaasgevind het, 'n toename in die ouderdom waarop daar vir die eerste keer in die huwelik getree is, 'n groter aantal kinders wat buite die huwelik gebore is en 'n toename in egskeidings. Volgens Doyle (1999) is die egskeidingskoers in Westerse lande baie hoër as voor 1970. Die kans dat 'n huwelik in Amerika in 'n egskeiding kan eindig, is 40 tot 45% (Whitehead & Popenoe, 2001). In Suid-Afrika het egskeidings ook grootliks toegeneem, sodat die egskeidingskoers 662 per 100 000 mense in 1998 was (Statistics South Africa, 2000).

Daar het nie net verandering in die vestiging van interpersoonlike verhoudings plaasgevind nie, maar ook in mense se houdings teenoor die huwelik en saamwoonverhoudings (Thornton, 1989). Volgens Axinn en Thornton (1993) en Rathus (2002) was daar 'n toename in die aanvaarding van saamwoonverhoudings. Dit het waarskynlik daartoe gelei dat huwelike uitgestel word en daar 'n toename in saamwoonverhoudings is (Axinn & Thornton, 1993). Volgens Thornton (1989) het die

norme en reëls aangaande die vestiging van interpersoonlike verhoudings verslap, sodat die samelewing nie meer vir mense voorskryf om te trou, om getroud te bly of om te skei nie. Daar was dus 'n uitbreiding van die gedrag wat as aanvaarbaar beskou word.

Die verandering wat in lewenstyle plaasgevind het, het die vrees laat ontstaan dat die gesin besig is om te disintegreer en dat daar 'n verswakking van die huwelik as instelling plaasgevind het (Donovan, 1999; Popenoe, 1993). Skolnick (1987) beskou die disintegrasië van die gesin as 'n mite. Die aannames oor die disintegrasië van die gesin berus op die idee dat daar in die verlede 'n tydperk was waar die gesinslewe stabiel en harmonieus was, totdat dit onlangs begin verbreek het. Dit is egter nie die geval nie, aangesien daar in historiese rekords aanduidings is dat mense vroeër ook bekommerd oor die gesin was (Skolnick, 1987). Volgens Donovan (1999) is die huwelik se dae nie getel nie, omdat dit fisiese, emosionele, sosiale en ekonomiese voordele aan mense bied. Mense wat skei, is dikwels ook geneig om weer te trou. Volgens Rathus (2002) en Louw, Van Ede en Louw (1998) bly die huwelik 'n gewilde lewenstyl, ten spyte van 'n toename in enkelvoudigheid of saamwoonverhoudings.

## **1.2 DOEL VAN DIE NAVORSING**

In die lig van die groot veranderinge in lewenstyle asook mense se houdings daarteenoor, is die doel van hierdie navorsing om ondersoek in te stel na die faktore wat moontlik studente se houdings teenoor die huwelik voorspel, naamlik ouderdom, geslag, etniese groep, akademiese status, godsdiens, huwelikstatus, die kwaliteit van die ouers se verhouding, gesinskonflik en houdings teenoor saamwoon.

## **1.3 NOODSAAKLIKHEID VAN DIE NAVORSING**

Suid-Afrika is 'n land met verskillende etniese groepe. Hierdie navorsing sal 'n bydrae lewer om te bepaal in watter mate etniese groep studente se houdings teenoor die huwelik voorspel. Aangesien daar 'n toename in saamwoon- en 'n afname in huweliksverhoudings is, sal daar ook ondersoek ingestel word na die invloed wat houdings teenoor saamwoon op houdings teenoor die huwelik het.

## 1.4 BEGRIPSOMSKRYWINGS

Die term *lewenstyl* verwys na die spesifieke manier hoe 'n individu of groep hul lewens lei (Louw et al., 1998). In hierdie navorsing sal enkele lewenstyle bespreek word, naamlik enkellopendheid, die huwelik en saamwoonverhoudings.

Die term *saamwoon* verwys slegs na persone in heteroseksuele verhoudings en nie na homoseksuele verhoudings nie. Die terme *saamwoon*, *huwelik* en *houding* is omvattend en sal breedvoerig in die literatuuroorsig hanteer word.

Hierdie navorsing fokus op voorspellers van jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik. Vir die doeleindes van die navorsing sal die term *studente* en *jong volwassenes* met mekaar afgewissel word, terwyl dit na dieselfde populasie verwys.

## 1.5 STRUKTURELE ONDERBOU VAN DIE NAVORSING

Ten einde die doelwitte van die navorsing te bereik, word die hoofstukke soos volg uiteengesit: In Hoofstuk 2 word lewenstyle, en meer spesifiek die huwelik en saamwoonverhoudings, bespreek. Die tendense wat reg oor die wêreld in die vestiging van interpersoonlike verhoudings plaasgevind het, gaan ook ondersoek word. Hoofstuk 3 handel oor houdings en meer spesifiek houdings teenoor die huwelik en saamwoon. In hierdie hoofstuk sal daar ook na die faktore wat houdings teenoor die huwelik beïnvloed, gekyk word. In Hoofstuk 4 word die navorsingsmetode, met ander woorde die navorsingsontwerp, die proefpersone wat gebruik is, die insameling van gegewens, die meetinstrumente wat gebruik is en die statistiese metode van ondersoek, uiteengesit. In Hoofstuk 5 gaan die navorsingsresultate bespreek word, waarna die gevolgtrekkings, kritiek en moontlike aanbevelings in Hoofstuk 6 uiteengesit sal word.

### LEWENSTYLE

#### 2.1 INLEIDING

Daar is reeds in Hoofstuk 1 genoem dat grootskaalse veranderings in lewenstyle en die vestiging van interpersoonlike verhoudings plaasgevind het. In die lig hiervan sal daar in hierdie hoofstuk aan die verskillende lewenstyle, meer spesifiek die huwelik en saamwoonverhoudings, aandag geskenk word. Die huwelik gaan omskryf word, waarna 'n historiese oorsig bespreek sal word. Die faktore wat moontlik tot die afname in huwelike bygedra het, sal ook aandag geniet. Vervolgens sal saamwoonverhoudings omskryf word, asook die aard, die vestiging en die voor- en nadele daarvan bespreek word. Daar is 'n hewige debat rondom die invloed wat saamwoonverhoudings op huwelikstabieleit het. Die verskillende perspektiewe oor die verband tussen saamwoon en huwelikstabieleit sal in hierdie hoofstuk ondersoek word. In die laaste afdeling van die hoofstuk sal die tendense wat in lewenstyle in die Verenigde State van Amerika, Europa, Australië en Suid-Afrika plaasgevind het, bespreek word.

#### 2.2 VERSKILLENDE LEWENSTYLE

In heteroseksuele verhoudings is daar drie maniere waarop mense hul verhoudings uitdruk, naamlik deur uit te gaan, saam te woon en te trou (Scanzoni, 1995). In die volgende afdeling word die omskrywing en historiese oorsig van die huwelik, asook die faktore wat tot die afname van huwelike bygedra het, ondersoek.

##### 2.2.1 Die huwelik

###### 2.2.1.1 Omskrywing

Die meeste samelewings in die wêreld erken intieme verhoudings (wat soortgelyk aan die huwelik is) wetlik, godsdienstig of kultureel (Bernardes, 1997). Die huwelik is 'n

belangrike lewenstyl. Dit is egter nie altyd duidelik wat presies met die begrip "huwelik" bedoel word nie. 'n Algemene definisie van die huwelik is: "...a socially approved mating relationship" (Benokraitis, 1996, p.2). Hierdie definisie is egter baie vaag. Volgens Skolnick (1987) is die huwelik meer as net 'n verhouding tussen 'n man en 'n vrou. Dit is 'n sosiale instelling waar die partye wetlike regte en verpligtinge het, asook 'n sosiale groep vorm.

Volgens Davis (1985b) ontstaan daar sekere vrae by die definiëring van 'n huwelik, byvoorbeeld of 'n paartjie wat van mekaar vervreem is, nog steeds as getroud beskou kan word; of homoseksuele paartjies kan trou en of dit 'n ware huwelik is wanneer egpare besluit om kinderloos te bly. Hy gebruik ses verskillende kenmerke of kriteria om tussen die verskillende soorte verhoudings te onderskei, naamlik seksuele aktiwiteite, 'n gedeelde woning, 'n verdeling van arbeid, die aanwesigheid van kinders, die verwagte permanensie van die verhouding en die openbare goedkeuring en herkenning. Die huwelik is die enigste instelling wat aan al hierdie kriteria voldoen. Ander soort verhoudings voldoen aan sommige van hierdie kriteria, byvoorbeeld saamwoonverhoudings waar seksuele aktiwiteite verwag word, 'n woonplek gedeel word en daar moontlik 'n verdeling van arbeid is (Davis, 1985b). Die huwelik is egter die enigste verhouding waar openbare goedkeuring en herkenning voorkom (Bernardes, 1997; Davis, 1985b). Die samelewing keur seksuele gemeenskap, asook die kry en grootmaak van kinders in 'n huwelik goed. Die paartjie kry egter net goedkeuring wanneer hulle aan sekere vereistes voldoen. Hierdie vereistes verskil in verskillende samelewings, maar dit behels gewoonlik 'n huwelikeremonie, die deel van 'n woning en sekere verpligtinge wat die paartjie teenoor mekaar het (Davis, 1985b).

Uit hierdie kriteria is dit dus duidelik dat 'n huwelik as 'n heteroseksuele verhouding beskou kan word wat sosiaal goedgekeur word; blywend is; daar verwag word dat kinders voortgebring sal word; waar 'n woonplek gedeel word; waar daar 'n verdeling van arbeid en gedeelde ekonomiese verantwoordelikhede is (Benokraitis, 1996). Vervolgens word die historiese oorsig van die huwelik bespreek.

### 2.2.1.2 Historiese oorsig

Volgens Skolnick (1987) het die huwelik soos wat ons dit vandag ken vanaf vroeëre tye baie verander. Vroeër was huwelike nie 'n individuele keuse soos wat dit in die hedendaagse lewe is nie. In die negentiende eeu was die gesinne en families afhanklik van die inkomste wat hul kinders gegenereer het, aangesien daar nie enige veiligheidsmaatreëls vir onvoorsiene gebeurtenisse soos skielike sterftes, bankrotskap, werkloosheid en siektes was nie. Die tydstip waarop kinders kon trou, het van die familie se behoeftes afgehang (Skolnick, 1987).

In die middel van die twintigste eeu was die proses om te trou heeltemal anders as in die negentiende eeu. Mense was meer welaf en het veiligheidsmaatreëls gehad om onvoorsiene gebeure finansiële te hanteer (Skolnick, 1987). Huwelike was nie meer van armoede afhanklik nie. Dit was dus nie meer vir mense nodig om die huwelik uit te stel, totdat hulle 'n huishouding kon vestig of behartig nie (Bird & Melville, 1994). Dit het daartoe gelei dat jong mense self kon besluit wanneer om te trou. Hulle het op 'n jonger ouderdom getrou en die huwelik is as 'n oorgang na volwassenheid beskou. Daar is egter verwag dat mense in hul vroeë twintigerjare moes trou en kinders kry (Skolnick, 1987).

Deesdae maak jong volwassenes, aan die hand van hul voorkeure en behoeftes, hul eie keuses ten opsigte van die huwelik; met ander woorde of hulle wil trou en indien wel, wanneer. Hierdie aspekte het daartoe gelei dat daar 'n neiging is om op 'n later ouderdom te trou as wat vroeër die geval was (Bird & Melville, 1994). Nog 'n aspek wat daartoe gelei het dat mense eers op 'n later stadium trou, is die toename in saamwoonverhoudings (Bumpass, Sweet & Cherlin, 1991). Aanvanklik is die beskouing gehuldig dat saamwoon 'n permanente plaasvervanger van die huwelik is. Deesdae is mense van mening dat dit eerder 'n voorganger van die huwelik is (Scanzoni, 1995). Saamwoon is dus 'n weerspieëling van die veranderings in die aard van die huwelik (Skolnick, 1987).

Die huwelik as instelling het grootliks verander (Popenoe, 1993). Volgens White en Popenoe (2001) het die sosiale, ekonomiese, godsdienstige en openbare funksies wat met

die huwelik geassosieer word, verander. Daar was in die eerste plek 'n afname in die belangrikheid van die huwelik as 'n ekonomiese institusie. In die verlede was die huwelik dikwels vir vroue 'n manier om van hul ouers onafhanklik te raak en ekonomiese sekuriteit te bekom. Deesdae is vroue meer ekonomies onafhanklik. Mans het ook nie meer die verpligting om die broodwinner in die huis te wees nie. Daar is dus by mans, net soos by vroue, meer ekonomiese onafhanklikheid. Tweedens is jong volwassenes ook nie meer van mening dat die huwelik die enigste weg na ouerskap is nie. Derdens het die huwelik as godsdienstige institusie verander. Mensse trou nie meer noodwendig met iemand wat dieselfde geloof as hulle het nie. In die vierde plek het die huwelik as openbare institusie verander. Jong volwassenes sien die huwelik eerder as 'n private aangeleentheid tussen twee persone (Whitehead & Popenoe, 2001).

Waar die huwelik in die geskiedenis van Westerse lande mense dus gehelp het om hul persoonlike en sosiale behoeftes te bevredig, seksuele verhoudings gereguleer, 'n huislike omgewing vir mense geskep, finansiële ondersteuning gebied en die sosialisering van die kinders moontlik gemaak het (Rathus, 2002), is dit nou nie meer net 'n sosiale institusie vir ekonomiese sekuriteit en voortplanting nie, maar 'n weg na selfvervulling (Berger & Thompson, 1994). Aspekte soos romantiese liefde, gelykheid in die verhouding en getrouheid is ook onlangse toevoegings tot die huwelik as instelling (Rathus, 2002). Uit hierdie inligting is dit dus duidelik dat die huwelik se institusionele karakter verander het.

Die veranderings wat plaasgevind het, het tot die vrees gelei dat die huwelik se dae as 'n institusie getel is, veral as gevolg daarvan dat die huwelik uitgestel word, minder mense deesdae trou, 'n kleiner proporsie van mense se lewens in die huwelik deurgebring word en die huwelike korter as in die verlede duur (Donovan, 1999). Donovan (1999) is van mening dat die huwelik se dae egter nie getel is nie, omdat dit nog steeds fisiese, emosionele, sosiale en ekonomiese voordele aan mense bied. Mensse wat skielik is, dikwels ook geneig om weer te trou.

Aan die hand van hierdie inligting gaan die verskillende faktore wat tot die afname van huwelike bygedra het, bespreek word.

### 2.2.1.3 Faktore wat tot die afname in huwelike bygedra het

Aan die hand van die tendense wat in Australië opgemerk is, wil dit voorkom of die afname in huwelike aan verskeie faktore te wyte is, onder andere ekonomiese en sosiale veranderings. Sosiale veranderings wat plaasgevind het, is byvoorbeeld die veranderings in die egskeidingswetgewing, asook veranderings in mense se houdings teenoor die huwelik en woontoestande (Australian Bureau of Statistics, 1995).

Volgens Chidammodzi (1994) het daar ook grootskaalse sosio-kulturele veranderings in Suid-Afrika plaasgevind wat 'n invloed op die huwelik as institusie, asook mense se houdings teenoor die huwelik gehad het. Die Afrika-kulture se kulturele waardes is byvoorbeeld deur Westerse ontwikkelings beïnvloed. Die huwelik onder die swart gemeenskappe word verder aan verskeie stressore blootgestel, byvoorbeeld die vigs-epidemie, die beperking in die aantal kinders wat gebore word en die toename in mans en vroue wat die werksmag betree het (Chidammodzi, 1994).

Bo en behalwe die invloed van sosiale, kulturele en ekonomiese tendense, is daar verskeie ander faktore wat tot die afname in huwelike lei. Dit sal vervolgens bespreek word.

#### a) Voordele van die huwelik

Volgens Benokraitis (1996) is een van die moontlike verklarings wat vir die afname in huwelike geggee word, in terme van die uitruilteorie (Edwards, 1969). Mense poog om belonings te vergroot en koste te verminder. In terme hiervan is enkelopende mans en vroue potensiële uitruilvennote. Daar word slegs getrou indien die voordele van die huwelik positief is, met ander woorde indien altwee die partye glo dat hulle beter daaraan toe sal wees om te trou as om enkellopend te bly (Benokraitis, 1996; Espenshade, 1985). Die huwelik word dus as 'n ooreenkoms gesien waar elke persoon iets betekenisvol vir die ander persoon lewer (Berger & Thompson, 1994). Die hulpbronne wat mense tot die verhouding bydra, is byvoorbeeld energie, geld, materiële goedere, status, intelligensie, voorkoms, jeugdigheid, mag, talente, beroemdheid of affeksie. Hierdie bronne kan uitgeruil word, maar die uitruil sal net as regverdig beskou word solank as wat die koste

gelyk of laer as die voordele is (Benokraitis, 1996). In die verlede het die vrou huislike take, soos die onderhouding van die huishouding, die grootmaak van kinders, skoonheid en seks vir die man se inkomste en sosiale status geruil. Daar het egter soveel sosiale en ekonomiese verandering plaasgevind dat die geslagsrolverdeling tussen mans en vroue verander het (Berger & Thompson, 1994; Espenshade, 1985).

Volgens Berger en Thompson (1994) asook Espenshade (1985) is een van die veranderings wat plaasgevind het dat vroue opleiding ondergaan en die arbeidsmark betree het. Vroue het dus soortgelyke werkswaardighede as mans begin ontwikkel. Volgens Espenshade (1985) was daar ook groot tegnologiese veranderings wat veroorsaak het dat die vrou minder huislike take gehad het om te verrig. Die tegnologiese veranderings het verder 'n verlaging van fertiliteit teweeg gebring (Espenshade, 1985). Dit blyk dus dat waar vroue in die verlede die vaardighede gehad het om die huishouding te bestuur en mans werkswaardighede gehad het, die gaping tussen mans en vroue begin verdwyn het. Hierdie aspek kon moontlik daartoe bygedra het dat die huwelik minder voordele vir mense begin inhou en daar gevoelens van ongelykheid ontstaan het (Berger & Thompson, 1994).

Daar is kritiek teen die uitruliteorie. Volgens Benokraitis (1996) plaas die teorie te veel klem op rasionele gedrag. Mense bereken nie altyd die voordele en koste van 'n huwelik logies en versigtig nie. Dit is dus moontlik dat ander faktore ook vir die afname in huwelike verantwoordelik is.

#### b) Godsdien

Volgens Thornton (1985) en Thornton, Axinn, en Hill (1992) is 'n tweede moontlike verklaring vir die afname in huwelike die rol wat godsdien in die samelewing speel. In die navorsing van Thornton et al. (1992) is daar 'n verband tussen jong volwassenes se godsdienstige verbintenis en deelname en die vestiging van saamwoonverhoudings en die huwelik gevind. Hoe minder belangrik godsdien vir mense is en hoe minder hulle aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, hoe hoër is die saamwoonkoerse en hoe laer is die huwelikskoerse. Net so is daar in die navorsing van Thornton en Camburn (1989) gevind

dat daar 'n verband tussen deelname aan godsdienstige aktiwiteite en permissiwiteit is. Jong volwassenes wat gereeld aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, het minder permissiewe houdings en minder seksuele ervaring.

Volgens Thornton et al. (1992) wil dit voorkom of daar 'n verband tussen die godsdienstige tendense in Westerse lande en die huweliks- en saamwoontendense is. In die sestiger en sewentigerjare was daar in die Verenigde State van Amerika 'n afname in die belangrikheid wat godsdien in mense se lewens speel. In dieselfde tyd was daar ook 'n afname in huwelike en 'n toename in saamwoonverhoudings. Die godsdienstige voorskrifte ten opsigte van voorhuwelikse seks, saamwoonverhoudings en die huwelik het minder streng geword, en daar was nie meer soveel druk om aan die godsdienstige idees te konformeer nie. Dit kon daartoe gelei het dat minder mense getrou en meer mense saamgewoon het (Thornton et al., 1992).

c) Saamwoon

Daar is reeds genoem dat daar 'n afname in huwelike en 'n toename in saamwoonverhoudings is. Die vraag ontstaan wat die verband tussen saamwoon en die huwelik is. Is die afname in huwelike aan die toename in saamwoonverhoudings te wyte, of is daar geen verband tussen hierdie tendense nie? Volgens Axinn en Thornton (1993) is daar 'n aantal hipoteses wat gestel kan word. In die eerste plek is dit moontlik dat die saamwoonkoerse verhoog het om by die afname in huwelikskoerse aan te pas. 'n Tweede moontlikheid is die verhoogde aanvaarding van saamwoon 'n afname in die voorkoms van die huwelik en die verhoging van die ouderdom waarop getrou is, teweeg gebring het. Volgens die navorsing van Axinn en Thornton (1993) word die hipotese bevestig dat die aanvaarding van saamwoon daartoe gelei het dat saamwoon as 'n plaasvervanger van die huwelik beskou is, asook dat dit 'n verlaging in die huwelikskoerse teweeg gebring het. Die toename in die saamwoonkoers was dus 'n oorsaaklike faktor in die afname van huwelike.

Davis (1985a) het teenargumente op die hipotese dat die toename in saamwoonverhoudings die afname in huwelike veroorsaak het. Volgens dié outeur is

huwelike en saamwoonverhoudings nie statisties dieselfde nie, en indien dit wel vergelyk kan word, is daar nie so 'n groot toename in saamwoonverhoudings om vir die afname in huwelike te kompenseer nie. Nog 'n probleem in die bepaling van die rol van saamwoonverhoudings in die afname van huwelike, is dat dit nie altyd maklik is om presies te bepaal hoeveel pare saamwoon nie. Saamwoonverhoudings is nie wettige verhoudings wat soos huwelike amptelik geregistreer word nie (Davis, 1985a).

Uit bogaande inligting is dit dus duidelik dat saamwoonverhoudings dramaties toegeneem het en dat dit moontlik vir die afname in huwelike verantwoordelik is. Volgens die navorsing van Thornton (1988) is saamwoonverhoudings dikwels net 'n oorgangsfase, waar die verhouding tot 'n huwelik lei, of opbreek. Ten spyte van die toename in saamwoonverhoudings, bly die huwelik, volgens Thornton, 'n belangrike vorm van verbintenis vir die meeste Amerikaners.

In die volgende afdeling gaan saamwoonverhoudings meer breedvoerig bespreek word.

## 2.2.2 Saamwoonverhoudings

### 2.2.2.1 Omskrywing

Saamwoonverhoudings kom deesdae algemeen voor (Whitehead & Popenoe, 2001). Volgens die definisies van Whitehead en Popenoe (2001) en Benokraitis (1996) is saamwoon 'n verhouding tussen twee mense wat nie met mekaar getroud is nie, wat 'n seksuele verhouding het en 'n huishouding deel.

Volgens Johnson (2001) is daar vier soorte saamwoonverhoudings. Die eerste is waar een of albei van die persone 'n intense behoefte het om met iemand in 'n verhouding te wees. Die persoon het die sekuriteit, liefde en vertroeteling van die verhouding nodig en sal geneig wees om ten tye van konflik in te gee. Daar is dikwels ook 'n groot vrees dat die verhouding sal eindig. Die tweede soort saamwoonverhouding is die bevryde verhouding, waar die persone aan hul vriende of familie wil bewys dat hulle vry is om hul eie keuses te maak en nie aan beperkings gebonde is nie. Die derde soort

saamwoonverhouding is 'n gerieflikheidsverhouding, waar persone vir byvoorbeeld ekonomiese redes saamwoon. Die bedoeling is dikwels dat die onkoste gelykop verdeel sal word. Ander redes is vir studiedoeleindes, of gelyke verdeling van huishoudelike take. Laastens is daar toetsverhoudings, waar die persone deur die saamwoonverhouding wil bepaal of hulle met mekaar sal kan saamleef (Johnson, 2001).

Saamwoon kan op verskillende maniere beskou word. Volgens Oropesa (1996) kan dit as 'n fase van uitgaan, 'n voorloper van die huwelik, of as 'n verhouding opsigself beskou word. Le Roux (1997) stem hiermee saam en beskou saamwoon óf as 'n alternatief vir óf 'n voorloper van die huwelik. Rindfuss en Vandenheuvel (1990) huldig egter die siening dat saamwoon 'n alternatief vir enkelopendheid is. Die verskillende beskouings word kortliks bespreek.

#### 2.2.2.2 Die aard van saamwoonverhoudings

Verskeie outeurs (Manning, 1993; Scanzoni, 1995; Tanfer, 1987) beskou saamwoon as 'n voorloper en nie as 'n alternatief vir die huwelik nie. Volgens Scanzoni (1995) word uitgaan dikwels as die eerste fase van 'n verhouding beskou. Wanneer mense begin saamwoon, is dit 'n aanduiding van hul erns en verbintenis tot die verhouding. Daar word dikwels verwag dat mense wat saamwoon uiteindelik sal trou. Vrae wat aan die paartjie gevra word, is byvoorbeeld wanneer hulle van plan is om ernstig te raak. Die huwelik wat daarna volg, word dan as 'n simbool van 'n lewenslange verbintenis beskou. Mense wat trou, word gelukgewens en kry geskenke. Dieselfde gebeur nie met mense wat saamwoon nie. Die rede hoekom saamwoon nie gevier word nie, is omdat mense dit nie as 'n permanente reëling beskou nie. Saamwoon word as 'n tussenfase gesien wat óf tot 'n huwelik óf tot die opbreek van die verhouding lei (Scanzoni, 1995). Hierdie inligting is deur die navorsing van Tanfer (1987) bevestig, waar daar gevind is dat saamwoon 'n gevorderde fase van uitgaan is en nie 'n plaasvervanger vir die huwelik is nie. Manning (1993) het ondersoek ingestel na die aard van saamwoonverhoudings by swanger vroue. Volgens die resultate wil dit voorkom of saamwoon vir wit swanger vroue in hul twintigerjare 'n oorgangstadium tot die huwelik is.

Diegene wat saamwoon as 'n alternatief vir die huwelik beskou, huldig die siening dat saamwoon soortgelyk aan die huwelik is, behalwe dat dié soort verhouding nie soos die huwelik wettig verklaar word nie (Davis, 1985a). Volgens die navorsing van Brown en Booth (1996) blyk dit dat saamwoonverhoudings en huwelike ooreenstem wat die verhoudingskwaliteit betref. Die verhoudingskwaliteit van sowel saamwoonverhoudings as huwelike word deur die teenwoordigheid van kinders, kinders uit vorige verhoudings en vorige huwelike en saamwoonervarings beïnvloed. Die resultate dui daarop dat saamwoonverhoudings 'n alternatief vir die huwelik is (Brown & Booth, 1996). Volgens Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) was saamwoonverhoudings in Frankryk in die mid-sewentigerjare as 'n voorloper van die huwelik beskou, waar diegene wat lank bymekaar was uiteindelik getrou het. In 1985 was slegs 1% van paartjies wat langer as tien jaar saamgewoon het, nie getroud nie. Volgens Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) het hierdie tendense in Frankryk egter verander en wil dit voorkom of paartjies minder geneig is om te trou. Aan die einde van die tagtigerjare het 30% van paartjies langer as vyf jaar al saamgewoon. Dit suggereer dat saamwoon nie meer as 'n voorloper van die huwelik beskou kan word nie, maar as 'n verhouding in eie reg (Leridon & Villeneuve-Gokalp, 1989).

Volgens Benokraitis (1996) is daar verskillende redes hoekom mense saamwoon as 'n verhouding in eie reg sal verkies. Dit is moontlik dat een van die partye (of albei) nog steeds met iemand anders getroud is, of indien hulle wel geskei is, onwillig is om weer te trou. Nog 'n rede is dat een van die persone in die verhouding baie afhanklik of onseker kan voel, en enige soort verhouding bo alleenheid sal verkies. Ander kan die siening huldig dat 'n wetlike seremonie nie nodig is om hul verbintenis aan mekaar te toon nie (Benokraitis, 1996).

Die laaste siening van saamwoon is dat dit 'n alternatief vir enkellopendheid is. Volgens Rindfuss en Vandenheuvel (1990) val die eienskappe van diegene wat saamwoon tussen enkellopendes en getroudes. Persone wat saamwoon, neig egter om meer soos enkellopende persone te wees, veral in terme van fertiliteit, aktiwiteite buite gesinsverband en huiseienaarskap. Manning (1993) het in Amerika ondersoek ingestel na die aard van saamwoonverhoudings by swanger vroue. Volgens die resultate wil dit

voorkom of saamwoon vir swart moeders en wit adolessente moeders 'n alternatief vir enkelvoudigheid is.

### 2.2.2.3 Sosio-demografiese profiel van persone wat saamwoon

Volgens verskeie navorsers (Benokraitis, 1996; Brown & Booth, 1996; Tanfer, 1987; Whitehead & Popenoe, 2001) kom saamwoonverhoudings meer algemeen by mense met laer opvoedings- en inkomstevlakke voor. In Amerika is daar gevind dat in die ouderdomskategorie van 19 tot 44 jaar 60% van die persone wat hulle hoërskoolopleiding gestaak het, saamgewoon het, in vergelyking met 37% van kollegestudente (Whitehead & Popenoe, 2001). In die navorsing van Tanfer (1987) is gevind dat indien die moeders se opvoedingsvlak as aanduiders van sosiale klas gebruik word, die vroue wie se moeders nie hul hoërskoolopleiding voltooi het nie, meer geneig is om saam te woon. Dit blyk ook minder waarskynlik te wees dat vroue wat saamwoon 'n werk het. Indien opvoeding, werkstatus en die ma se opvoedingsvlak aanduiders van sosio-ekonomiese status is, is daar 'n negatiewe verband tussen saamwoon en sosio-ekonomiese status (Tanfer, 1987).

Die saamwoonkoerse is hoër vir vroue as vir mans, en kom meer by jong volwassenes voor (Benokraitis, 1996). In die navorsing van Brown en Booth (1996) is gevind dat saamwoon in Amerika meer algemeen by swartes as wittes voorkom. Verder is daar gevind dat wit vroue meer geneig is om saam te woon as swart vroue. 'n Moontlike verklaring is dat daar minder swart mans beskikbaar is (Tanfer, 1987).

Volgens Tanfer (1987) en Whitehead en Popenoe (2001) speel ouers se huwelikstatus ook 'n rol in saamwoon. Persone wat al geskei het, wat in enkelouergesinne grootgeword het, wie se ouers geskei is, of wat in baie gesinskonflik betrokke was, is meer geneig om saam te woon.

Volgens verskeie navorsers (Tanfer, 1987; Whitehead & Popenoe, 2001) het mense wat saamwoon gewoonlik 'n laer kerkbywoningsyfer as diegene wat nie saamwoon nie. Daar is ook 'n groot aantal mense wat saamwoon wat geen godsdienstige oortuiging het nie. In

die navorsing van Tanfer (1987) het slegs 10% van die vroue wat al ooit saamgewoon het en 6% van die vroue wat tydens die navorsing saamgewoon het, ten minste een keer 'n week kerkdienste bygewoon, in vergelyking met 'n kwart van die vroue wat nog nooit saamgewoon het nie.

#### 2.2.2.4 Voor- en nadele van saamwoon

Die vraag ontstaan hoekom mense dit eerder sal verkies om saam te woon as om te trou, aangesien die huwelik baie voordele vir mense inhou. Dit bied onder andere ekonomiese sekuriteit, liefde, warmte, geluk, 'n gereelde sekslewe, 'n sin vir verantwoordelikheid wat die paartjie nie andersins sou gehad het nie en kinders (Amato, 1988). In teenstelling hiermee het saamwoonverhoudings waar die paartjies nie planne het om te trou nie, 'n swakker verhoudingskwaliteit as huwelike (Brown & Booth, 1996).

Daar is verskillende verklarings hoekom mense dit sal verkies om eerder saam te woon as om te trou. Saamwoonverhoudings hou baie voordele vir mense in. Volgens Amato (1988) kan saamwoonverhoudings verbygaande verhoudings wees wat op seksuele aangetrokkenheid gebaseer is. In hierdie sin gee saamwoonverhoudings mense die geleentheid om die huwelik uit te stel, maar terselfdertyd die voordele van 'n seksuele verhouding te geniet. Volgens Whitehead en Popenoc (2001) is verdere voordele van saamwoonverhoudings byvoorbeeld dat dit vir persone in dié soort verhouding die geleentheid bied om hul maat se gewoontes, karakter en betroubaarheid te bepaal. In hierdie opsig dien dit dus as 'n oefenlopie vir die huwelik (Scanzoni, 1995). Sommige mense woon saam as 'n manier om die risiko van egskeiding te vermy, omdat hulle moontlik uit gebroke huise gekom het. Vir ander bied saamwoonverhoudings finansiële voordele (Whitehead & Popenoe, 2001). Dit is dus duidelik dat saamwoonverhoudings verskeie voordele vir paartjies kan inhou.

Daar is ook verskeie nadele aan saamwoonverhoudings verbonde. Mense in saamwoonverhoudings het dikwels soortgelyke probleme as wat in huwelike ervaar word, byvoorbeeld 'n oorbetrokkenheid by mekaar wat tot 'n verlies aan identiteit kan lei (Bird & Melville, 1994). Ander nadele is onder andere dat daar minder sekuriteit in

saamwoonverhoudings is en dat probleme kan ontstaan wanneer daar kinders uit die verhouding gebore word (Amato, 1988). In die navorsing van Wu (1995) wat in Kanada gedoen is, is daar egter gevind dat saamwoonverhoudings waaruit kinders gebore is, minder geneig is om op te breek as saamwoonverhoudings waaruit daar geen kinders gebore is nie. Laastens word saamwoon dikwels in sekere samelewings afgekeur (Amato, 1988).

Volgens die navorsing wat deur Clarkberg, Stolzenberg en Waite (1995) in Amerika gedoen is, blyk dit dat die keuse tussen saamwoonverhoudings en huwelike deur mense se houdings en waardes ten opsigte van sowel werk, gesin, vryetydsbesteding, geld, geslagsrolle, as deur hul houdings en waardes ten opsigte van die huwelik beïnvloed word. Dit is veral mans en vroue wat die beperkings en eise van die tradisionele huwelik verwerp, wat geneig sal wees om saamwoonverhoudings te verkies. Tradisionele huwelike vereis van mans om suksesvol in hul beroepe te wees, vaste poste te beklee en hul vryetydsbesteding prys te gee. Net so vereis dit dikwels van vroue om hul beroepslewe prys te gee, of tweede te stel. Mense wat hierdie eise verwerp maar nog steeds 'n romantiese verbintenis wil hê, sal geneig wees om saamwoonverhoudings te kies (Clarkberg et al., 1995).

Daar is in die literatuur 'n hewige debat aangaande die verband tussen saamwoon en huwelikstabilditeit. Dit word vervolgens bespreek.

## **2.3 DIE VERBAND TUSSEN SAAMWOON EN HUWELIKSTABILITEIT**

Soos reeds in die vorige afdeling genoem is, wil dit voorkom of saamwoonverhoudings, in vergelyking met huwelike, nie permanent van aard is nie. Volgens Scanzoni (1995) lei dit dikwels óf tot 'n huwelik óf misluk dit. Min paartjies bly vir 'n onbeperkte tyd bymekaar. Hierdie tendens het daartoe gelei dat daar nie net na die permanentheid van saamwoonverhoudings ondersoek ingestel is nie, maar ook na die invloed wat saamwoon op huwelikstabilditeit het. Die vrae wat ondersoek is, is of saamwoon goed of sleg vir huwelike is. Goed in hierdie konteks beteken dat saamwoon help om egskeiding teen te

werk. Sleg aan die ander kant beteken dat saamwoon egskeiding bevorder (Scanzoni, 1995).

Volgens die navorsing wat deur Bennett, Blanc en Bloom (1988) op Sweedse vroue gedoen is, is daar 'n verband tussen saamwoon en 'n hoër egskeidingsyfer. Daar is gevind dat vroue wat voor die huwelik saamgewoon het, 'n 80% hoër egskeidingsyfer het as dié wat nie voor die huwelik saamgewoon het nie. Vroue wat vir langer as drie jaar voor die huwelik saamgewoon het, het 'n 50% hoër egskeidingsyfer as dié wat vir korter periodes saamgewoon het (Bennett et al., 1988). Dit wil dus voorkom of daar 'n positiewe verband tussen saamwoon en egskeiding is.

Volgens Harris (2001) moet die navorsing oor die verband tussen saamwoon en huwelikstabilditeit egter versigtig geïnterpreteer word. Dit is nie noodwendig dat daar 'n oorsaaklike verband tussen saamwoon en egskeiding is nie. Dit is moontlik dat die twee groepe wat vergelyk word (die persone wat getrou het sonder om saam te woon en die persone wat voor die huwelik saamgewoon het) in terme van ander veranderlikes, byvoorbeeld godsdienstigheid, ouderdom en finansiële sekuriteit, verskil.

Thomson en Colella (1992) het in die Verenigde State van Amerika ondersoek ingestel na die effek wat saamwoon op paartjies se persepsie oor die waarskynlikheid van egskeiding het. Daar is gevind dat dié wat saamwoon, egskeidings as meer waarskynlik beskou as dié wat nie voor die huwelik saamgewoon het nie. Hoe langer die paartjie voor die huwelik saamgewoon het, hoe groter was die waarskynlikheid van 'n egskeiding. Sosiale en ekonomiese faktore wat met saamwoon en egskeidings geassosieer word, verklaar die waarskynlikheid van egskeiding by diegene wat minder as 'n jaar voor die huwelik saamgewoon het, maar nie vir dié wat langer as 'n jaar saamgewoon het nie. Daar is ander faktore wat die waarskynlikheid van egskeiding by paartjies wat langer as 'n jaar saamgewoon het, verklaar. Daar is gevind dat persone wat saamgewoon het se huwelikskwaliteit laer was as diegene wat nie voor die huwelik saamgewoon het nie. Net so was hul verbintenis aan die huweliksinstelling laer. Die tekortkoming van hierdie navorsing is egter dat dit op mense se persepsie van die waarskynlikheid van egskeiding berus, en nie op werklike egskeidingsyfers nie (Thomson & Colella, 1992).

In teenstelling met bogenoemde navorsing het White (1987) in sy navorsing in Kanada gevind dat saamwoon 'n positiewe effek op huwelikstabiliteit het. Hierdie resultate is behaal wanneer sowel die ouderdom waarop getrou is as die duur van die huwelik in ag geneem is. Moontlike redes wat vir hierdie resultate aangevoer word, is dat saamwoon vir die persone 'n geleentheid gee om geslagsrolle te oefen, die idealisering van die ander persoon in die realisering van die ander persoon verander word en die persone by die saamwoonsituasie aanpas. Nog 'n verklaring is dat die persone wat verkies om saam te woon sekere eienskappe het wat hulle tot suksesvolle huwelike predisponeer, byvoorbeeld 'n hoër opvoeding (White, 1987).

Daar is verskeie hipoteses wat die invloed van saamwoonverhoudings op huwelikstabiliteit verklaar. Volgens Hall en Zhao (1995) huldig die algemene publiek die idee dat saamwoon 'n effektiewe strategie is om die kwaliteit en stabiliteit van die huwelik te verhoog, deurdat persone hul maat beter leer ken voordat hulle trou. Saamwoon kan dus as 'n oefenlopie vir die huwelik beskou word, waar onstabiele verhoudings disintegreer en stabiele verhoudings tot 'n huwelik lei (Booth & Johnson, 1988; Hall & Zhao, 1995; Thomson & Colella, 1992). Die navorsing wat deur Booth en Johnson (1988), sowel as deur Lillard, Brien en Waite (1995) gedoen is, kon egter nie hierdie hipotese bevestig nie.

'n Tweede hipotese is dat diegene wat saamwoon, 'n geselekteerde groep is wat oor die algemeen nie aan verhoudings verbind nie en minder waarde aan die huweliksinstelling heg. Hulle sal dus makliker 'n huwelik verlaat wanneer probleme ondervind word (Bennett et al., 1988; Lillard, et al., 1995; Thomson & Colella, 1992). Verskeie navorsers (Axinn & Thornton, 1992; Bennett et al., 1988) het hierdie hipotese bevestig, maar ook gevind dat dié wat saamwoon 'n geselekteerde groep is wat meer ten gunste van egskeiding is. Volgens die resultate wat deur Axinn en Thornton (1992) verkry is, wil dit voorkom of saamwoonervarings mense meer ontvanklik vir egskeiding maak. In die navorsing van Bennett et al. (1988) is daar gevind dat alhoewel die selektiewe hipotese bevestig word, die verskille tussen dié wat voor die huwelik saamgewoon en dié wat nie saamgewoon het nie, minder word hoe langer die huwelik duur. Die navorsing wat deur

sowel Hall en Zhao (1995) in Kanada as deur Booth en Johnson (1988) in die Verenigde State van Amerika gedoen is, kon egter nie die selektiewe hipotese bevestig nie.

'n Derde hipotese oor die invloed van saamwoon op huwelikstabiliteit is dat saamwoon op sigself 'n negatiewe impak op die huwelik kan hê (Booth & Johnson, 1988). Persone wat saamwoon kan druk ervaar om te trou, ten spyte daarvan dat hulle onsekerhede het. Indien daar dan stres in die huwelik is, kan dit tot 'n egskeiding aanleiding gee, of die huwelikstabiliteit en -kwaliteit verlaag. Dit is ook moontlik dat een of albei van die partye skuldgevoelens kan ervaar, omdat hulle in 'n onkonvensionele verhouding betrokke is. Nog 'n moontlikheid is dat saamwoon persone se houdings oor die permanentheid van huwelike kan verander (Booth & Johnson, 1988).

Dit is dus duidelik dat die beskouings gehuldig word dat saamwoon óf huwelikstabiliteit kan bevorder deurdat mense mekaar beter leer ken voordat hulle trou, óf dat dit egskeidings bevorder omdat dit mense se houdings teenoor die huwelik en egskeiding verander. Die derde moontlikheid is dat persone wat saamwoon 'n geselekteerde groep mense is wat oor die algemeen nie aan verhoudings verbind nie en dus 'n hoër egskeidingsyfer het wanneer hulle trou.

Die lewenstyltendense wat in Amerika, Europa en Australië voorgekom het, gaan vervolgens bespreek word.

## 2.4 LEWENSTYLTENDENSE IN AMERIKA, EUROPA EN AUSTRALIË

### 2.4.1 Enkellopendheid

Volgens Scanzoni (1995) was daar vanaf 1960 tot 1988 in die Verenigde State van Amerika 'n toename in die aantal persone wat nie tydens die sensusopnames getroud was nie, dit wil sê 'n toename in enkellopendheid. Hierdie tendense het by wittes, swartes en die Spaans-Amerikaners voorgekom (Scanzoni, 1995). In 1940 het 8% van die populasie alleen gewoon in vergelyking met 25% in 1993. Daar was dus 'n 15% toename in enkellopendheid sedert 1940 (Benokraitis, 1996). In ander Westerse samelewings, soos

Kanada, Swede, Brittanje, Wes-Duitsland en Frankryk, is dieselfde tendense opgemerk (Scanzoni, 1995).

Daar is verskeie redes wat vir die toename in enkellopendheid gegee word. Die argument word aangevoer dat mense die huwelik uitstel en later trou. Volgens die navorsing van Goldscheider en Waite (1987) lei onafhanklike woonervarings van vroue (waar jong vroue weg van die ouerhuis bly) tot die uitstel van huwelike. Ander redes wat aangevoer word, is onder andere mense wat deur die huwelik ontnugter is, ekonomiese veranderlikes soos 'n tekort aan werkseleenthede, ensovoorts (Benokraitis, 1996). Sommige mense voel dat daar meer voordele aan enkellopendheid verbonde is, byvoorbeeld onafhanklikheid, minder verantwoordelikhede, meer tyd vir die self en meer tyd om aan werkseleenthede te spandeer (Amato, 1988). Volgens Doyle (1999) is die toename in hoër opleiding nog 'n rede wat in Westerse lande tot die uitstel van huwelike bydra.

#### 2.4.2 Saamwoon

Volgens Scanzoni (1995) het saamwoonkoerse dramaties in Westerse lande toegeneem, veral in die Skandinawiese lande, en meer spesifiek Swede. In 1960 het slegs 1% van Sweedse paartjies saamgewoon. Hierdie getalle het soveel toegeneem dat 7% van paartjies in 1970 saamgewoon het. Daar is geskat dat 15% van paartjies in 1979 saam sou gewoon het (Davis, 1985a). In 1979 het Swede dan ook die hoogste saamwoonkoers in die wêreld gehad, gevolg deur Denemarke (Trost, 1979). In die negentigerjare was daar vir elke paartjie wat in Swede saamgewoon het, net meer as twee getroude paartjies (A few facts on cohabitation, 2002).

Volgens Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) is 8% van huwelike in die tydperk van 1960 tot 1969 in Frankryk deur saamwoonverhoudings voorafgegaan. Dit het na 57% toegeneem in die tydperk van 1980 tot 1985. Hierdie tendense neem egter nie die ouderdom in ag waarop die paartjies getrou het nie. Wanneer die ouderdom in ag geneem word, wil dit voorkom of daar steeds 'n toename in saamwoonverhoudings is. Vir diegene wat voor hul vyf-en-twintigste verjaarsdag getrou het, was daar 'n toename

van minder as 10% tot 43%, en vir diegene wat min of meer 25 jaar oud was toe hulle getrou het, was daar 'n toename van minder as 10% tot 59%. Die gemiddelde tydperk van saamwoonverhoudings in Frankryk was in die tagtigerjare twee jaar (Leridon & Villeneuve-Gokalp, 1989).

In Brittanje is ondersoek ingestel na die saamwoonkoerse onder vroue in die ouderdomskategorie van 18 jaar tot 49 jaar. Daar is gevind dat daar 'n toename van 30% in saamwoonverhoudings in die tydperk van 1979 tot 1998 was, maar dat dit van 1998 tot die jaar 2000 dieselfde gebly het. Die proporsie wat saamgewoon het, was in 1979 een uit 10 vroue, en dit het na een uit drie vroue in 1998 verhoog (National Statistics, 2000).

Dieselfde tendense wat in Europa voorgekom het, is in die Verenigde State van Amerika opgemerk (A few facts on cohabitation, 2002). In 1960 was daar een paartjie wat saamgewoon het teenoor 90 paartjies wat getroud was. Die aantal saamwoonverhoudings het dramaties toegeneem. In die tagtigerjare het die aantal saamwoonverhoudings van 1.6 tot 2.9 miljoen toegeneem, met ander woorde 'n toename van 80% (Scanzoni, 1995). In die negentigerjare was die verhouding tussen die aantal paartjies wat saamgewoon het en dié wat getroud was, een tot 12. Vir elke paartjie wat saamgewoon het, was daar twaalf paartjies wat getroud was (A few facts on cohabitation, 2002). In die jaar 2000 was daar 9.7 miljoen Amerikaners wat met iemand van die teenoorgestelde geslag saamgewoon het (Alternatives to Marriage Project, 2002). Daar word geraam dat indien die huidige tendense voortgaan, daar in die jaar 2010 vir elke paartjie wat saamwoon 7 paartjies sal wees wat getroud is (A few facts on cohabitation, 2002).


### 2.4.3 Huwelike

Volgens Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) was daar in die Westerse lande 'n groot afname in huwelike. In die tydperk van 1975 tot 1985 was daar in Frankryk 'n afname van 30% in huwelike. In Brittanje was daar in die tydperk van 1979 tot in 1998 'n afname van 53% in huwelike (National Statistics, 2000). Volgens Bernardes (1997) het Brittanje, ten spyte van die afname in huwelike, in die negentigerjare die hoogste huwelikskoers in die Europese Unie gehad. Die huwelikskoers was 5.9 per 1000 populasie in 1993, in

vergelyking met 7.1 in 1981. Die huwelikskoers van die Europese Unie was 5.3 in 1993 en 6.1 in 1981 (Bernardes, 1997).

Volgens Whitehead en Popenoe (2001) het dieselfde tendense wat in Europa plaasgevind het, in die Verenigde State van Amerika voorgekom. In die periode van 1970 tot 1996 het die jaarlikse aantal huwelike per 1000 ongetroude vroue met 'n derde verminder (sien Figuur 2.1). Dit het van 73.5 huwelike per 1000 ongetroude vroue van 15 jaar of ouer in 1960 tot 49.7 huwelike per 1000 ongetroude vroue in 1996 afgeneem (Whitehead & Popenoe, 2001). Dit is dus duidelik dat die afname in huwelike in verskillende dele van die wêreld plaasgevind het.

Moontlike verklarings wat vir die afname in huwelike gegee word, is dat dit plaasgevind het as gevolg van die latere ouderdom waarop mense getrou het, 'n toename in saamwoonverhoudings, 'n afname in die neiging van geskeide persone om weer te trou, en 'n toename in enkellopendheid (Whitehead & Popenoe, 2001).




**FIGUUR 2.1** Huwelikskoerse vir ongetroude vroue in Amerika (Direk oorgeneem uit Vanneman, 2002, <http://www.bsos.umd.edu/soc/vanneman/soc441/trends/marrage.html>).

#### 2.4.4 Ouderdom waarop huwelike plaasvind

In die tydperk vanaf 1960 tot 1988 was daar in die Verenigde State van Amerika nie net 'n toename in enkellopendheid nie, maar ook 'n toename in die ouderdom waarop mense in die huwelik getree het. Hierdie tendense het by sowel mans as vroue voorgekom (Scanzoni, 1995). In 1960 was die gemiddelde ouderdom waarop mans getrou het 22.8 jaar. Dit het in 2000 na 26.8 jaar verhoog. In 1960 was die gemiddelde ouderdom waarop vroue vir die eerste keer in die huwelik getree het 20.3 (sien Figuur 2.2). Dit het in 2000 na 25.1 verhoog (Alternatives to Marriage Project, 2002). Dit is die teenoorgestelde van die tendense wat in die periode van 1890 tot 1955 voorgekom het, waar daar 'n afname was in die ouderdom waarop mense getrou het (Scanzoni, 1995). In 1890 was die gemiddelde ouderdom waarop mans vir die eerste keer getrou het 26.1 jaar. Dit het in 1960 na 22.8 jaar afgeneem. In 1890 was die gemiddelde ouderdom waarop vroue vir die eerste keer getroud is 22.0 jaar. Dit het, net soos wat die geval by mans is, in 1960 na 20.3 jaar afgeneem. Dit wil dus voorkom of lewenstyle gedurende die vyftiger- en sestigjare begin verander het (Scanzoni, 1995).

Hierdie tendense het in die meeste geïndustrialiseerde lande, byvoorbeeld Duitsland, Kanada, Noorweë, Swede, Engeland en Australië voorgekom. In Australië was die gemiddelde ouderdom waarop mans in 1993 vir die eerste keer getrou het 27 en vir vroue 25 jaar. Dit is 'n hoër gemiddelde ouderdom as die ouderdom waarop mans en vroue vir die eerste keer in die sestiger- en sewentigerjare getrou het (Australian Bureau of Statistics, 1995).

In Australië is daar verskillende verklarings vir die toename in die ouderdom waarop mense getrou het, byvoorbeeld opvoeding, of die feit dat mense later hul skoolopleiding voltooi het. Nog 'n verklaring is die toename in saamwoonverhoudings. Ekonomiese faktore, byvoorbeeld resessies, en die gepaardgaande verlies aan finansiële sekuriteit, is 'n derde verklaring vir die toename in die ouderdom waarop mense getrou het (Australian Bureau of Statistics, 1995). Dit is moontlik dat soortgelyke faktore bygedra het tot die tendense wat in ander dele van die wêreld plaasgevind het.



**FIGUUR 2.2** Gemiddelde ouderdom waarop mans en vroue in Amerika in die huwelik tree (Direk oorgeneem uit Vanneman, 2002, <http://www.bsos.umd.Edu/socy/vanneman/socy441/trends/marrage.html>).

## 2.5 LEWENSTYLTENDENSE IN SUID-AFRIKA

Dit lyk asof dieselfde tendense wat in ander wêrelddele voorgekom het, ook in Suid-Afrika van krag is. Daar gaan vervolgens na die saamwoontendense, die huwelikskoerse en die gemiddelde ouderdom waarop mans en vroue trou, gekyk word. Ongelukkig is die statistieke vir die huwelikskoerse en die gemiddelde ouderdom waarop persone trou tot en met 1990 slegs vir Asiërs, Kleurlinge en wittes beskikbaar, maar nie vir die swart bevolkingsgroepe nie. Vanaf 1990 word die koerse vir die totale bevolking verskaf en nie vir die bevolkingsgroepe afsonderlik nie. Die statistieke moet dus in die lig hiervan beskou word.

### 2.5.1 Saamwoon

Volgens Louw et al. (1998) was die aanvaarding van saamwoon, as gevolg van die Suid-Afrikaners se konserwatiewe agtergrond, 'n meer geleidelike proses in Suid-Afrika as in

ander wêrelddele. Dit wil voorkom of saamwoon sedert 1980 teen 'n koers van 100% per jaar toeneem het (Rall, 1984). Volgens die navorsing van Engelbrecht (1986) wat onder Afrikaanssprekende persone tussen die ouderdomme van 21 en 26 jaar gedoen is, het 19,6% gesê dat hulle saamwoon en 31,1% het aangedui dat hulle dit sou oorweeg om saam te woon.

Die saamwoonkoerse is verskillend vir die verskillende populasiegroepe in Suid-Afrika. Volgens September (1997) is daar hoë saamwoonkoerse onder die Kleurlinggemeenskappe. In 1975 is daar beraam dat 32% van plattelandse en 6% van stedelike verbintenisse saamwoonverhoudings was. Net so is saamwoon volgens Motshologane (1997) 'n algemene verskynsel onder swart stedelike gemeenskappe. In vergelyking met die Kleurling- en swart gemeenskappe, is saamwoonkoerse vir sowel die wittes (Le Roux, 1997) as die Indiërs (Ramasar, 1997) egter redelik laag. In 1980 is daar beraam dat 0.7% van die Indiërpopulasie saamgewoon het (Ramasar, 1997).

Uit hierdie inligting wil dit dus voorkom of daar 'n toename in saamwoonverhoudings in Suid-Afrika is. Die huwelikstendense gaan vervolgens bespreek word.

## 2.5.2 Huwelike


Dit wil voorkom of daar in Suid-Afrika vanaf 1980 tot 1990 'n afname in huwelike was. Hierdie tendens het by al die bevolkingsgroepe voorgekom (sien Tabel 2.1 en Figuur 2.3). In 1980 was daar in die Asiërpopulasie 9.2 huwelike per 1000 van die populasie. Hierdie koers het in 1990 tot 7.3 afgeneem. Die huwelikskoers van die Kleurlingpopulasie het van 7.8 per 1000 mense in 1980 tot 5.7 in 1990 afgeneem. Dieselfde tendens het by die wittes voorgekom. Die huwelikskoers het in 1990 van 10.0 in 1980 tot 9.1 per 1000 van die wit populasie afgeneem (Suid-Afrikaanse Statistieke, 1995). Die statistieke vir hierdie periode sluit nie die swart bevolkingsgroepe in nie.

In 1996 was die totale aantal huwelike wat in Suid-Afrika geregistreer is (insluitende die swart bevolkingsgroepe) 146 732. Dit is 'n koers van 3.62 per 1000 van die populasie (Statistics South Africa, 1998). In 1997 was die totale aantal huwelike 146 729 en in 1998

was dit 146 741. Dit dui op huwelikskoerse van onderskeidelik 3.56 en 3.48 per 1000 van die populasie (Statistics South Africa, 2000). Daar was dus, net soos in ander wêrelddele, 'n afname in die huwelikskoerse.

**TABEL 2.1 Aantal huwelike en huwelikskoerse vir die verskillende populasiegroepe in die tydperk van 1980 tot 1990 (oorgeneem uit Suid-Afrikaanse Statistieke, 1995).**

| Jaar | <i>Asiërs</i>      |                           | <i>Kleurlinge</i>  |                           | <i>Wittes</i>      |                           |
|------|--------------------|---------------------------|--------------------|---------------------------|--------------------|---------------------------|
|      | Totale<br>huwelike | Koers<br>per 1000<br>pop. | Totale<br>huwelike | Koers<br>per 1000<br>pop. | Totale<br>huwelike | Koers<br>per 1000<br>pop. |
| 1980 | 7 545              | 9.2                       | 20 966             | 7.8                       | 45 165             | 1.0                       |
| 1981 | 8 096              | 9.7                       | 21 406             | 7.8                       | 46 653             | 10.1                      |
| 1982 | 7 369              | 8.7                       | 21 510             | 7.6                       | 46 649             | 10.0                      |
| 1983 | 7 985              | 9.2                       | 20 687             | 6.2                       | 44 982             | 9.5                       |
| 1984 | 8 120              | 9.2                       | 21 162             | 7.2                       | 44 840             | 9.3                       |
| 1985 | 7 909              | 8.8                       | 20 097             | 6.7                       | 41 313             | 8.5                       |
| 1986 | 7 414              | 8.1                       | 20 862             | 6.9                       | 41 575             | 8.5                       |
| 1987 | 6 505              | 7.0                       | 17 930             | 5.8                       | 41 033             | 8.3                       |
| 1988 | 5 791              | 6.1                       | 16 088             | 5.1                       | 41 219             | 8.3                       |
| 1989 | 6 537              | 6.8                       | 18 111             | 5.7                       | 44 124             | 8.8                       |
| 1990 | 7 097              | 7.3                       | 18 544             | 5.7                       | 45 124             | 9.1                       |



**FIGUUR 2.3 Huwelikskoerse vir die verskillende populasiegroepe in die tydperk van 1980 tot 1990 (Suid-Afrikaanse Statistieke, 1995).**


### 2.5.3 Ouderdom waarop huwelike plaasvind

In 1980 was die mediaan-ouderdom waarop Asiërmans vir die eerste keer getrou het 25.3 jaar. Hierdie ouderdom het tot in 1990 konstant gebly. Vir Asiërvroue was die mediaan-ouderdom in 1980 22.2 jaar en in 1990 22.5 jaar. Dit het net soos die mediaan-ouderdom by die Asiërmans redelik konstant gebly. By Kleurlingmans was daar 'n geringe toename in die mediaan-ouderdom van 25.4 in 1980 tot 26.4 in 1990. Die mediaan-ouderdom van die Kleurlingvroue het van 24.0 in 1980 tot 25.1 in 1990 toegeneem. By die wittes was daar ook 'n geringe toename in die mediaan-ouderdom waarop daar vir die eerste keer getrou is. By mans was die toename van 24.3 in 1980 tot 25.5 in 1990. Vir vroue was die toename van 21.8 in 1980 tot 23.0 in 1990 (Suid-Afrikaanse Statistieke, 1995).

Vanaf 1991 word die mediaan-ouderdom waarop huwelike vir die eerste keer plaasvind, vir al die bevolkingsgroepe gesamentlik gegee (sien Figuur 2.4). In 1991, 1992 en 1993 is die mediaan-ouderdom waarop mans vir die eerste keer in die huwelik getree het 28.6,

31.0 en 29.2 onderskeidelik. Vir vroue is die mediaan-ouderdom in dieselfde tydperk 25.7, 27.6 en 26.4. Die mediaan-ouderdom waarop mans vir die eerste keer in die huwelik getree het, het toegeneem sodat dit in 1996, 1997 en 1998 onderskeidelik 31.5, 34.3 en 34.5 was. Dit het in dieselfde tydperk ook by vroue toegeneem na 28.2, 30.2 en 30.4 (Suid-Afrikaanse Statistieke, 1995; Statistics South Africa, 1998; Statistics South Africa, 2000).

Dit wil dus voorkom of daar 'n toename in die mediaan-ouderdom waarop huwelike vir die eerste keer plaasvind by al die bevolkingsgroepe (uitsluitende die swart bevolkingsgroepe) in die tydperk van 1980 tot 1990, aangetref word. Vanaf 1991 tot 1998 was daar 'n duidelike toename in die mediaan-ouderdom van al die bevolkingsgroepe.



**FIGUUR 2.4 Mediaan-ouderdom waarop mans en vroue in Suid-Afrika vir die eerste keer trou** (Suid-Afrikaanse Statistieke, 1995; Statistics South Africa, 1998; Statistics South Africa, 2000)

## 2.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is lewenstyle, en meer spesifiek die huwelik en saamwoon, bespreek. Sommige vrees dat die huwelik as institusie besig is om te verdwyn omdat daar reg oor die wêreld, insluitend Suid-Afrika, in die afgelope paar dekades 'n grootskaalse afname in huwelike was. Verskeie redes word hiervoor gegee, byvoorbeeld die toename in enkellopendheid, die toename in die ouderdom waarop daar vir die eerste keer in die huwelik getree word, en die toename in egskeidings. Dit is veral die toename in saamwoonverhoudings wat as oorsaak van hierdie tendens aangevoer word. Daar is verskillende sienings van saamwoonverhoudings, naamlik dat dit 'n fase van uitgaan, 'n voorloper van die huwelik of 'n alternatief vir die huwelik is. Die verband tussen saamwoon en huwelikstabieliteit is ook bespreek. Volgens navorsing is daar 'n verband tussen saamwoon en egskeidings. Dit wil voorkom of diegene wat saamwoon moontlik 'n geselekteerde groep is, wat oor die algemeen nie aan verhoudings verbind nie. Saamwoon het ook 'n invloed op mense se houdings teenoor die huwelik en egskeiding.

Dit is uit hierdie inligting dus duidelik dat lewenstyle, meer spesifiek die huwelik en saamwoonverhoudings, baie verander het. Dit is egter belangrik om nie net ondersoek in te stel na die tendense wat reg oor die wêreld heen plaasgevind het nie, maar ook na mense se houdings teenoor die lewenstyle. In die volgende hoofstuk sal houdings oor die algemeen, en meer spesifiek mense se houdings teenoor die huwelik en saamwoonverhoudings bespreek word. Die faktore wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed, gaan ook ondersoek word.

## HOUDINGS

### 3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die toenemende verandering in lewenstyle die afgelope aantal dekades bespreek. Dit is egter nie net lewenstyle wat verander het nie, maar ook die sosiale norme en mense se houdings daarteenoor (Thornton, 1989). In die lig hiervan is dit noodsaaklik om houdings meer in besonderhede te bespreek. In hierdie hoofstuk gaan daar eers na houdings oor die algemeen gekyk word, en meer spesifiek die definisies en funksies daarvan, enkele teorieë oor die vorming van houdings, en die verband tussen houdings en gedrag. In die tweede gedeelte van die hoofstuk sal houdings teenoor saamwoon en houdings teenoor die huwelik bespreek word, asook die faktore wat houdings teenoor die huwelik beïnvloed.

### 3.2 DEFINISIE VAN DIE BEGRIP "HOUDING"

Volgens Worchel, Cooper, Goethals & Olson (2000) vorm mense houdings oor gebeure, situasies, objekte en ander persone. Die term *houdings* kom in die alledaagse lewe voor, en mense het dus 'n redelike idee van wat 'n houding is. Dit word gewoonlik vinnig, met min moeite asook met min inligting gevorm. Mense neig om hul houdings teen verandering te beskerm deur teenargumente te opper, die gegewe inligting te ignoreer en deur rasionalisering. Dit wil dus voorkom of houdings 'n sielkundige funksie vir mense vervul.

Volgens Baron, Graziano en Stangor (1991) en Worchel et al. (2000) vervul houdings verskeie funksies, waarvan die eerste is om belonings te bevorder en straf te verminder (die nuttigheidsfunksie). 'n Voorbeeld is waar mense in sport uitblink en voordele daaruit kry, byvoorbeeld troefeë, aanmoediging, status onder die portuurgroep en sportbeurse, wat daartoe lei dat hulle positiewe houdings teenoor sport het. Hierdie positiewe

houdings het nie net ontstaan as gevolg van die belonings wat verkry is nie, maar ook as gevolg van die verwagting dat die volgehoue sportdeelname verdere belonings sal meebring (Stephan & Stephan, 1990). 'n Tweede funksie is dat houdings 'n opsommende evaluering van houdingsobjekte verskaf (die kennisfunksie) en daartoe lei dat mense hul omgewing verstaan (Baron et al., 1991; Worchel et al., 2000). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer dit vir 'n persoon moeilik is om te verstaan hoekom een land vyandig teenoor 'n ander land is. Die houding dat die mense van die aggressiewe land sleg is, kan hierdie optrede meer verstaanbaar maak (Baron et al., 1991). In die derde plek is houdings dikwels 'n uitdrukking van mense se waardes (die waarde-uitdrukkingsfunksie). Dit help mense om uit te druk waarvan hulle hou en nie van hou nie, hoe hulle hulself definieer, en wat hul doelwitte in die lewe is (Stephan & Stephan, 1990). Laastens kan houdings 'n beskermingsfunksie hê (ego-beskermingsfunksie). 'n Voorbeeld is dat wanneer 'n professor 'n swak leermeester is, hy 'n negatiewe houding teenoor studente het (Worchel et al., 2000). In hierdie opsig help houdings mense om hul selfbeeld te bevorder en hul ego's teen kritiek te beskerm (Stephan & Stephan, 1990). Dit is dus duidelik dat houdings 'n belangrike rol in mense se lewens speel.

Uit die literatuur wil dit voorkom of daar 'n verskeidenheid definisies van die begrip "houding" is wat redelik ooreenstem, maar dat die interpretasies daarvan verskil. Volgens Fishbein en Ajzen (1975) is 'n houding 'n aangeleerde predisposisie om op 'n konsekwente manier gunstig of ongunstig teenoor 'n gegewe objek te reageer. Die definisie van Eagly en Chaiken (1993) stem met hierdie definisie ooreen en lui soos volg: "Attitude is a psychological tendency that is expressed by evaluating a particular entity with some degree of favor or disfavor" (p.1). Waar die definisie van Fishbein en Ajzen (1975) die term *predisposisie* gebruik, maak Eagly en Chaiken (1993) van die term *sielkundige neiging* (*psychological tendency*) gebruik. "Sielkundige neiging" verwys na 'n interne toestand van mense wat hulle tot sekere evalueerende response, wat positief of negatief kan wees, predisponeer. Hierdie term is meer algemeen as die term *predisposisie*, want dit laat ruimte vir houdings wat aangeleer of afgeleer, blywend of veranderbaar en belangrik of onbelangrik is. Die term *evaluering* (*evaluating*) verwys na alle soorte evalueerende response, insluitende overte, kovert, kognitiewe, affektiewe en gedragsevalueerende response (Eagly & Chaiken, 1993).

Volgens die definisie van Eagly en Chaiken (1993) ontwikkel 'n houding aan die hand van evaluerende response. 'n Persoon het nie 'n houding teenoor 'n objek of situasie totdat dit op 'n kognitiewe, gedrags- en emosionele basis geëvalueer word nie. Die kognitiewe komponent verwys na die feite, kennis en idees wat 'n persoon oor die houdingsobjek het. Die gedragskomponent verwys na die persoon se optrede teenoor die houdingsobjek, terwyl die affektiewe komponent na die persoon se gevoelens en affekte teenoor die objek verwys (Stephan & Stephan, 1990; Taylor, Peplau & Sears, 2000; Worchel et al., 2000). Hierdie evaluering veroorsaak 'n sielkundige neiging om die objek of situasie op 'n sekere manier te evalueer wanneer 'n persoon weer met die objek of situasie te doen kry. Wanneer die neiging om te repondeer gevorm is, het die persoon 'n houding teenoor die objek of situasie gevorm. Die houding wat gevorm is, kan in die persoon se geheue gestoor word en deur die houdingsobjek of -situasie geaktiveer word. Houdings kan ook nie direk waargeneem word nie, maar kan van waarneembare response afgelei word (Eagly & Chaiken, 1993).

Vir die doel van hierdie navorsing sal die definisie van Eagly en Chaiken (1993) gebruik word, omdat dit 'n meer algemene en omvattende definisie is.

### **3.3 HOUDINGSTEORIEË**

Daar is verskillende houdingsteorieë, waarvan die gedrags- (of leerteoretiese), die kognitiewe konsekwentheidsteorieë en die verwagte-waardeteorie bespreek gaan word.

#### **3.3.1 Die leerteoretiese benadering**

Volgens die leerteoretiese benadering word houdings op dieselfde manier as ander gewoontes bekom. Die mens leer inligting en feite van verskillende houdingsobjekte, asook die gevoelens, waardes en kennisies wat daarmee geassosieer word (Taylor et al., 2000).

Daar is verskeie maniere waarop die leerproses plaasvind. In die eerste plek kan inligting en gevoelens deur die proses van assosiasie bekom word (Taylor et al., 2000). Hierdie

proses word ook klassieke kondisionering genoem (Fishbein & Ajzen, 1975). 'n Ongekondisioneerde stimulus lei outomatics tot 'n ongekondisioneerde respons sonder dat leer plaasgevind het, byvoorbeeld 'n harde geluid wat 'n skrikrespons tot gevolg het. Wanneer 'n nuwe stimulus (gekondisioneerde stimulus) wat nie tot die ongekondisioneerde respons aanleiding gee nie, herhaaldelik saam met die ongekondisioneerde stimulus afgepaar word, sal die gekondisioneerde stimulus dieselfde respons as die ongekondisioneerde stimulus veroorsaak. Dit is 'n aanduiding dat die leerproses plaasgevind het (Aronson, Wilson & Akert, 1997). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer kinders huil (ongekondisioneerde respons) as hulle 'n spinnekop (ongekondisioneerde stimulus) sien. Indien die woord *spinnekop* (gekondisioneerde stimulus) herhaaldelik geuit word wanneer die kinders die spinnekop sien, sal die kinders naderhand huil wanneer hulle die woord *spinnekop* hoor, al is daar nie 'n spinnekop teenwoordig nie (Fishbein & Ajzen, 1975). Nog 'n voorbeeld is waar 'n ouer 'n kind na 'n tandarts neem en die woord *tandarts* op 'n vreesagtige manier sê. Die kind vorm dan 'n assosiasie tussen die negatiewe gevoelens en die woord *tandarts*. Deur die proses van assosiasie of klassieke kondisionering kan houdings teenoor objekte sowel as houdings teenoor mense gevorm word (Taylor et al., 2000). Dit is dus duidelik dat mense positief sal voel oor plekke en ander mense wat met gelukkige ervarings geassosieer word, en negatief sal voel oor slegte ervarings (Worchel et al., 2000).

Die leerproses kan ook deur operante kondisionering plaasvind. Dit behels dat 'n persoon se reponse versterk word deur die prosesse van beloning en straf (Aronson et al., 1997; Fishbein & Ajzen, 1975). Indien iemand byvoorbeeld 'n kursus loop en goeie punte daarin behaal, sal die persoon se houding positief teenoor die kursus wees. Die persoon sal waarskynlik ook verdere kursusse in die betrokke rigting neem. Iemand wat swak punte in dieselfde kursus behaal, sal waarskynlik 'n negatiewe houding teenoor die kursus hê en dit moontlik staak (Taylor et al., 2000). Daar is verskeie faktore wat operante kondisionering beïnvloed, naamlik die aantal kere wat die response beloon word (die frekwensie van beloning), die tidsintervalle tussen die belonings, die verband tussen die respons en die beloning, en die omvang van die beloning (Fishbein & Ajzen, 1975).

'n Derde manier waarop die leerproses kan plaasvind, is deur nabootsing. Mense boots ander na, veral belangrike persone. Die ouers speel 'n belangrike rol in hul kinders se houdings, omdat die kinders hul ouers se houdings naboots. Gedurende adolessensie word die portuurgroep se houdings egter eerder nageboots (Taylor et al., 2000).

### 3.3.2 Kognitiewe konsekwentheidsteorieë

Volgens die kognitiewe konsekwentheidsteorieë streef mense daarna om idees en waardes wat inkonsekwent ten opsigte van mekaar is, konsekwent te maak. Dit is moontlik dat mense se kennisies wel konsekwent is, maar dat 'n nuwe kennisie hierdie konsekwentheid bedreig. Dit lei daartoe dat daar gepoog word om die inkonsekwentheid tot die minimum te beperk (Taylor et al., 2000). Volgens Bem (1970) is daar ten minste vier maniere om die kognitiewe inkonsekwentheid te verminder. In die eerste plek kan 'n persoon een van die idees ontken. Nog 'n manier is om een van die houdings deur ander idees wat daarmee verband hou, te ondersteun. 'n Derde strategie is om die houdingsobjek in verskillende dele te differensieer. 'n Voorbeeld is waar iemand ten gunste van rasse-integrasie is, maar ook met die "Black Power movement" saamstem, 'n swart politieke groep wat onder andere apartheid ondersteun. Die persoon kan dan redeneer dat swart mag (black power) oor trots én apartheid handel. Laastens kan die strategie van transendensie toegepas word, waar twee aparte idees as deel van 'n groter geheel beskou word. Die verskillende kognitiewe konsekwentheidsteorieë word vervolgens kortliks beskryf.


#### 3.3.2.1 Die balanstorie

Een van die eerste kognitiewe konsekwentheidsteorieë wat geformuleer is, is die balanstorie van Heider (1958). Hierdie teorie word in terme van 'n persoon, 'n ander persoon en 'n houdingsobjek beskryf. Daar vind drie evaluasies plaas, naamlik die eerste persoon se evaluasie van die tweede persoon, die eerste persoon se evaluasie van die houdingsobjek en laastens die tweede persoon se evaluasie van die houdingsobjek (Baron et al., 1991; Fishbein & Ajzen, 1975; Taylor et al., 2000). Die evaluasies word in Figuur 3.1 uitgebeeld, waar P vir die eerste persoon, A vir die tweede persoon, en X vir die

houdingsobjek staan. Die pyltjies dui aan op wie of wat die gevoelens gerig is, terwyl die plusteken op 'n positiewe affek en die minusteken op 'n negatiewe affek dui.

Die sisteme kan óf in balans óf in wanbalans wees. 'n Ongebalanseerde sisteem is 'n onstabiele toestand wat spanning veroorsaak (Eagly & Chaiken, 1993). 'n Gebalanseerde sisteem is waar 'n persoon met 'n ander persoon waarvan hy hou, saamstem oor die houdingsobjek. Dit kan ook wees waar 'n persoon met 'n ander persoon waarvan hy nie hou nie, verskil oor die houdingsobjek (Baron et al., 1991; Taylor et al., 2000). 'n Voorbeeld van 'n gebalanseerde sisteem is waar 'n persoon, Pieter, van sy onderwyser hou en hulle albei 'n positiewe of negatiewe houding teenoor die doodstraf het. Net so sal die sisteem in balans wees indien Pieter nie van sy onderwyser hou nie, en hulle oor die doodstraf verskil (Taylor et al., 2000). Ongebalanseerde sisteme ontstaan wanneer 'n persoon van iemand hou en hul houdings teenoor 'n objek of situasie verskil. Net so is die sisteem ongebalanseerd indien persone nie van mekaar hou nie en hul houdings teenoor die objek ooreenstem. Die wanbalans ontstaan, omdat mense verwag dat ander van wie hulle hou dieselfde houdings as hulle moet hê, en dat dié van wie hulle nie hou nie ander houdings as hulle moet hê (Baron et al., 1991; Taylor et al., 2000).

Volgens die balansteorie neig ongebalanseerde sisteme om te verander na gebalanseerde sisteme, maar op só 'n manier dat die minste verandering nodig is. Daar is dus druk vir houdingsverandering om plaas te vind totdat die sisteme in balans is. Indien Pieter van sy onderwyser hou maar hulle verskil oor die doodstraf, is daar verskeie maniere waarop balans verkry kan word. Pieter kan sy houding teenoor die doodstraf verander, besluit dat hy nie van sy onderwyser hou nie, of sy onderwyser se houding waninterpreteer en dink dat dit met sy eie houding ooreenstem (Taylor et al., 2000). 'n Ander manier hoe die balans herstel kan word, is dat die een persoon die ander persoon kan probeer oortuig om sy of haar houding te verander (Baron et al., 1991).



**FIGUUR 3.1 Die Balansmodel** (Direk oorgeneem uit Taylor et al., 2000, p. 137)

Die wanbalans kan ook deur meer komplekse reaksies opgelos word, soos die toevoeging van nuwe elemente wat konsekwent is ten opsigte van een van die komponente in die ongebalanseerde sisteem. 'n Roker wat bekommerd is oor die verband tussen rook en kanker, kan vir homself sê dat rook help om spanning te verlig, gewigsverlies te bevorder, ensovoorts. Hy versterk dus die ongebalanseerde sisteem met 'n groot aantal gebalanseerde sisteme (Eagly & Chaiken, 1993).

Volgens Fishbein & Ajzen (1975) het die balanstorie 'n paar beperkings. In die eerste plek kan die verhouding tussen twee entiteite net positief of negatief wees. Daar is dus nie graadverskille tussen die houdings en idees nie. Nog 'n beperking is dat die teorie 'n maksimum van drie entiteite behels. Laastens noem die balanstorie die moontlikheid van komplekse verhoudings tussen twee entiteite, maar dit beskryf nie die aard van die balans wat in hierdie verhoudings sal voorkom nie.

### 3.3.2.2 Kognitiewe dissonansieteorie

Die kognitiewe dissonansieteorie handel oor inkonsekwentheid in mense se houdings en hul gedrag. Wanneer mense se houdings en gedrag inkonsekwent is, word dissonansie veroorsaak wat tot spanning lei. Daar is 'n geneigdheid om die spanning te verminder en konsonansie te verkry (Baron et al., 1991; Taylor et al., 2000). Volgens Taylor et al. (2000) is daar drie maniere waarop kognitiewe konsonansie verkry kan word. In die eerste plek kan mense hul gedrag verander. Tweedens kan die omvang van die dissonansie ontken word, sodat mense nie hul houdings hoef te verander nie. Laastens kan mense hul houdings verander. Indien mense eksterne redes vir hul dissonante kennisies kan vind (byvoorbeeld dat 'n man se werkgewer hom gaan afdank indien hy vir hom sê wat hy regtig van sy idee dink), is die kans minder dat kognitiewe dissonansie ervaar gaan word (Aronson et al., 1997; Stephan & Stephan, 1990).

Daar is verskeie situasies waar dissonansie kan ontstaan. Daar gaan vervolgens slegs na enkele van die situasies gekyk word. Dissonansie kan ontstaan wanneer daar tussen twee of meer (ewe aantreklike) opsies besluit moet word (Taylor et al., 2000; Worchel et al., 2000). Die eindkeuse van 'n persoon is dikwels inkonsekwent ten opsigte van sommige

van sy idees. So sal die goeie aspekte van die opsies wat nie gekies is nie, en die slegte aspekte van die opsie wat wel gekies is, inkonsekwent ten opsigte van die besluit wees. Die dissonansie kan verminder word deurdat die persoon meer positief raak teenoor die opsies wat hy gekies het, en minder positief is teenoor die opsies wat hy nie gekies het nie (Stephan & Stephan, 1990; Taylor et al., 2000; Worchel et al., 2000). Volgens Baron et al. (1991) is 'n voorbeeld hiervan wanneer 'n persoon 'n motor wil koop en tussen twee modelle moet besluit. Die een model is 'n groot, luukse motor, terwyl die ander een 'n kleiner, meer ekonomiese model is. Nadat die persoon die voor- en nadele van albei die modelle oorweeg het, is die goedkoper model gekies. Die persoon kan gelukkig met die keuse wees, maar tog onseker voel of die regte besluit gemaak is. Dit lei dan tot kognitiewe dissonansie. Dit kan verminder word deurdat die persoon sy of haar kennisies wat inkonsekwent is kan verander, sodat dit meer konsekwent met die ander kennisies is. Die persoon kan hom- of haarself oortuig dat die luukse model nie regtig baie luukser as die ander model is nie. Nuwe kennisies kan ook bygevoeg word, byvoorbeeld dat die kleiner motor meer gerieflik in die stad is. Laastens kan die belangrikheid van sekere kennisies verander word. Die persoon kan hom- of haarself oortuig dat 'n luukse motor nie regtig nodig is nie, maar eerder 'n motor met 'n meer ekonomiese brandstofverbruik. Op hierdie manier kan kognitiewe dissonansie verminder word (Baron et al., 1991).

Volgens Baron et al. (1991) hang die mate van dissonansie wat ervaar word van drie faktore af. In die eerste plek lei belangrike besluite tot meer dissonansie as onbelangrike besluite. Tweedens lei die keuse tussen alternatiewe wat ewe aantreklik is tot meer dissonansie as wanneer die alternatiewe nie ewe aantreklik is nie. In die laaste plek is daar meer dissonansie wanneer die alternatiewe ooreenstem as wanneer dit baie verskil.

Nog 'n aspek wat tot dissonansie lei, is wanneer 'n persoon 'n skere idee of houding het en teenstrydig daarmee optree. Die optrede kan nie teruggetrek word nie, en daarom is dit meer waarskynlik dat die persoon sy houding sal verander (Taylor et al., 2000; Worchel et al., 2000). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer regstudente die betrokke studierigting kies omdat hulle glo dat hulle arm mense kan help en die samelewing kan verbeter. In die praktyk kom hulle egter agter dat die werk oninteressant is en dat dit

byvoorbeeld meer oor kontrakte handel as om mense te help. Dit lei dan tot 'n houdingsverandering waar die persone glo dat arm mense in elk geval nie gehelp kan word nie (Taylor et al., 2000).

'n Derde aspek wat tot dissonansie kan lei, is dreigemente. Mense kan gedreig word dat hulle gestraf sal word indien hulle nie take, wat teenstrydig met hul idees of houdings is, uitvoer nie. 'n Soldaat in gevangenskap kan byvoorbeeld gedwing word om in die openbaar te sê dat kommunisme nie 'n onderdrukkende sisteem is nie, terwyl hy eintlik die teenoorgestelde glo (Fishbein & Ajzen, 1975). Hoe groter die dreigemente is, hoe kleiner is die dissonansie en hoe minder vind houdingsverandering plaas (Baron et al., 1991; Taylor et al., 2000). Indien die dreigemente nie so groot is nie, kan die persoon die dissonansie verminder deur sy houding teenoor kommunisme te verander, sodat dit met sy gedrag ooreenstem (Fishbein & Ajzen, 1975).

Ander faktore wat tot dissonansie lei, is onder andere wanneer persone hul gedrag gekies het, die persone verbind is aan hul besluite of gedrag, wanneer die gevolge van hul besluite voorsien is, wanneer hul gedrag negatiewe gevolge het, wanneer persone verantwoordelikheid vir die gevolge geneem het, en laastens die moeite wat persone gedoen het in die uitvoering van hul besluite (Taylor et al., 2000; Worchel et al., 2000). Indien persone baie moeite gedoen het om 'n doel te bereik, sal hulle gemotiveerd wees om te glo dat die doel belangrik en die moeite werd is (Baron et al., 1991).

Die kognitiewe dissonansie is gekritiseer. Volgens Bem (1970) is die eksperimente wat gebruik word om die teorie te toets dikwels kompleks van aard. Alhoewel die resultate wel die teorie ondersteun, kan dit ook deur ander teoretiese raamwerke geïnterpreteer word. Volgens Baron et al. (1991) is een van die probleme van die dissonansieteorie dat dit nie presies voorspel hoe die dissonansie verminder sal word nie. Dit is nie duidelik of persone die kennisies wat dissonant is gaan verander, nuwe kennisies gaan byvoeg of die belangrikheid van die kennisies gaan verminder nie.

### 3.3.2.3 Die selfpersepsieteorie

Die selfpersepsieteorie van Bem (1967) het aan die hand van die kognitiewe dissonansieteorie ontwikkel. Volgens die selfpersepsieteorie oordeel mense hulself op dieselfde manier as wat hulle ander mense oordeel. Mense weet dikwels nie wat hul eie of ander se houdings is nie, en lei dit van hul gedrag en die omstandighede waarin hul gedrag plaasvind, af (Aronson et al., 1997; Stephan & Stephan, 1990; Taylor et al., 2000; Worchel et al., 2000). 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n persoon 'n appel eet en iemand hom vra hoe hy oor appels voel. Hy sal waarskynlik die volgende dink: "Ek het nou net gekies om 'n appel te eet en niemand het my geforseer nie, daarom is dit logies dat ek van appels hou". Dit sal dan daartoe lei dat hy sal sê dat hy van appels hou (Taylor et al., 2000).

Sowel die kognitiewe dissonansie- as die selfpersepsieteorieë maak dieselfde voorspelling, maar om verskillende redes. Die kognitiewe dissonansieteorie gaan van die veronderstelling uit dat houdings sterk en gepredisponeer is. Wanneer die gedrag teenstrydig met die houdings is, word spanning veroorsaak wat net verminder kan word deur die houdings te verander. In teenstelling hiermee gaan die selfpersepsieteorie van die standpunt uit dat mense waarneem onder watter omstandighede hul gedrag plaasvind, en dan hul houdings daarvan aflei. Houdings is met ander woorde nie gepredisponeer nie, maar word aan die hand van gedrag afgelei (Taylor et al., 2000).

Die vraag ontstaan wanneer die beginsels van die kognitiewe dissonansieteorie en wanneer die beginsels van die selfpersepsieteorie sal geld. Dit blyk dat wanneer mense min ervaring ten opsigte van 'n houding het, of wanneer houdings vaag, van minder belang, nuut of dubbelsinnig is, mense neig om hul houdings van hul gedrag af te lei (Taylor et al., 2000; Worchel et al., 2000). Dit gebeur dus waar mense se interne leidrade, byvoorbeeld sterk emosionele reaksies, met betrekking tot die houding swak is (Stephan & Stephan, 1990). Waar houdings egter sterk is of oor belangrike kwessies handel, is dit meer waarskynlik dat die kognitiewe dissonansieteorie van toepassing sal wees (Taylor et al., 2000).

### 3.3.3 Die verwagte-waardeteorie

Volgens hierdie teorie word houdings teenoor 'n objek gevorm deurdat mense die voor- en nadele van die verskillende houdings oorweeg, en die beste opsie kies. Die waarde van die moontlike gevolge asook die waarskynlikheid daarvan word in ag geneem. Mense is geneig om standpunte in te neem wat tot positiewe gevolge aanleiding gee en standpunte wat tot negatiewe gevolge aanleiding gee, te verwerp. Volgens die verwagte-waardeteorie poog mense om die subjektiewe gebruikswaarde van die verwagte uitkomst te verhoog. Dit is die produk van 1) die waarde van 'n betrokke uitkoms en 2) die verwagting dat die standpunt tot die uitkoms sal lei (Taylor et al., 2000).

## 3.4 DIE VERBAND TUSSEN HOUDINGS EN GEDRAG

In die verlede is daar van die standpunt uitgegaan dat mense se houdings hul gedrag bepaal. Dit is egter nie altyd die geval nie, byvoorbeeld wanneer iemand sê dat hulle bly is om 'n persoon te ontmoet, terwyl hulle nie regtig bly is nie (Baron et al., 1991; Taylor et al., 2000). Daar is sekere faktore wat die konsekwentheid tussen houdings en gedrag beïnvloed, naamlik die aard van die houdings, die aard van die gedrag en persoonlikheidsfaktore (Worchel et al., 2000). Sekere houdings soos stabiele houdings, belangrike houdings, maklik-toeganklike houdings, houdings wat deur direkte ervaring gevorm is en houdings waar daar 'n konsekwentheid tussen kennis en gedrag is, is houdings wat waarskynlik gedrag sal kan voorspel (Taylor et al., 2000). Faktore wat die aard van die gedrag, en dus die konsekwentheid tussen houdings en gedrag beïnvloed, is situasionele druk en sosiale norme (Worchel et al., 2000). Die verskillende faktore wat die konsekwentheid tussen houdings en gedrag beïnvloed, gaan vervolgens bespreek word.

### 3.4.1 Die sterkte van houdings

Die sterkte van 'n houding speel 'n rol in die konsekwentheid tussen houdings en gedrag. Wanneer 'n houding duidelik en sterk is, is dit stabiel en kan dit waarskynlik gedrag

voorspel (Taylor et al., 2000). Sterk houdings sal ook nie maklik verander word nie (Aronson et al., 1997).

Daar is sekere faktore wat houdings versterk. In die eerste plek bepaal die hoeveelheid inligting wat 'n mens oor die houdingsobjek het die sterkte van die houding (Taylor et al., 2000). Hoe meer inligting 'n persoon het, hoe meer stabiel sal sy houding wees. Hoe minder inligting 'n persoon oor die houdingsobjek het, hoe groter is die kans dat nuwe inligting die persoon se houding sal verander. Die houding sal dus neig om meer onstabiel te wees (Eagly & Chaiken, 1993). 'n Tweede faktor wat die sterkte van houdings beïnvloed, is om die houdings te oefen deur daaroor te dink en te praat. Derdens is sterk houdings dikwels ook houdings wat aan ander idees wat mense het, verbind is. In die vierde plek lei die direkte ervaring van 'n houdingsobjek tot sterker houdings as wanneer daar slegs oor die houdingsobjek gelees of van gehoor is (Baron et al., 1991; Taylor et al., 2000; Worchel et al., 2000). Die vraag ontstaan hoekom direkte ervaring tot houdings lei wat die gedrag beter voorspel. Dit wil voorkom of direkte ervaring daartoe lei dat houdings meer toeganklik is (sien die bespreking van toeganklike houdings vir 'n verdere verduideliking), en dus 'n beter voorspeller van gedrag is (Worchel et al., 2000). Houdings wat op direkte ervaring gebaseer is, is ook duideliker, en word met meer vertroue en sekerheid gehuldig (Eagly & Chaiken, 1993). Laastens beïnvloed die persoon se eie belange in 'n saak die sterkte van 'n houding (Taylor et al., 2000).

Dit is dus duidelik dat hoe sterker 'n houding is, hoe groter is die konsekwentheid tussen houdings en gedrag.

### **3.4.2 Die toeganklikheid van houdings**

Toeganklikheid verwys na die gemak waarmee 'n houding onthou word. Houdings wat onthou word, beïnvloed gedrag meer as houdings wat nie onthou word nie (Aronson et al., 1997; Taylor et al., 2000; Worchel et al., 2000). Houdings wat baie toeganklik is, word outomaties geaktiveer wanneer daar met die houdingsobjek te doen gekry word (Worchel et al., 2000). Hoe meer dikwels 'n houding uitgespreek word, hoe makliker word dit

onthou. Die houdings sal ook neig om meer radikaal te word wanneer dit gereeld uitgespreek word. Soos reeds genoem, sal houdings ook makliker onthou word wanneer dit op direkte ervaring gebaseer is. Dit is dus duidelik dat hoe makliker houdings onthou word, hoe belangriker word dit en hoe meer beïnvloed dit gedrag (Eagly & Chaiken, 1993; Stephan & Stephan, 1990; Taylor et al., 2000).

### **3.4.3 Die stabiliteit van houdings**

Houdings wat stabiel is en maklik onthou word, sal gedrag waarskynlik beter voorspel as houdings wat onstabiel is en vergeet word. Wanneer houdings onstabiel is, sal die huidige houdings eerder die gedrag voorspel as die houdings wat vroeër gehuldig is. 'n Voorbeeld hiervan is dat 'n student se houdings oor verskillende beroepe en sy beroepsplanne in die eerste studiejaar nie so 'n groot verband sal toon as wanneer hy 'n senior student is nie. Die konsekwentheid tussen houdings en gedrag is die grootste wanneer die houdings en gedrag op dieselfde tyd gemeet word. Hoe groter die tidsverloop tussen die meting van houdings en gedrag is, hoe kleiner is die verband daartussen omdat mense en situasies verander (Taylor et al., 2000).

### **3.4.4 Die opvallendheid van houdings**

Verskillende houdings kan met gedrag verband hou. Indien 'n student in sy eksamen kul, kan dit 'n aanduiding van 'n ongeërgde houding teenoor eerlikheid wees, of dat hy graag keuring vir 'n spesifieke rigting wil kry. Hoe meer opvallend 'n houding gemaak word, hoe meer hou dit met gedrag verband. Dit speel veral 'n rol in houdings wat nie baie sterk is nie. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n persoon sy houding hardop voor 'n groep mense moet uitspreek. Die konsekwentheid tussen sy houding en gedrag sal groter wees as wanneer 'n persoon nie sy houding hardop uitgespreek het nie (Taylor et al., 2000).

### 3.4.5 Redenering oor houdings

Wanneer mense oor hul houdings redeneer, word die houdings verander en verminder die verband tussen houdings en gedrag. Die rede hiervoor is dat mense oor die algemeen nie oor hul houdings dink nie. Indien hulle dit doen, fokus hulle op sekere aspekte van hul houdings, wat daardie aspekte dan meer opvallend maak (Taylor et al., 2000).

### 3.4.6 Die aard van gedrag

Daar is 'n groter konsekwentheid tussen sekere soorte gedrag en mense se houdings as wat by ander soorte gedrag die geval is. Daar is situasies waar mense egter nie kan kies om sekere gedragspatrone uit te voer nie, byvoorbeeld wanneer situasionele druk ervaar word en sosiale norme 'n faktor is. In hierdie gevalle speel houdings nie 'n groot rol in die uitvoering van gedrag nie (Worchel et al., 2000).

#### 3.4.6.1 Situasionele druk

In gevalle waar mense se gedrag oort is, kan dit deur hul houdings en die situasie beïnvloed word. As die situasionele druk sterk is, beïnvloed die houdings nie die gedrag so veel as wanneer die druk minder is nie. Somtyds is die situasionele druk so sterk dat mense verskillende houdings teenoor dieselfde houdingsobjek in verskillende situasies sal ontwikkel (Stephan & Stephan, 1990; Taylor et al., 2000). 'n Voorbeeld van situasionele druk is as 'n landswet diskriminasie teen anderskleuriges verbied. Mense kan negatiewe houdings teenoor sodanige persone hê, maar sal nie teen hulle diskrimineer nie as gevolg van die situasionele druk.

#### 3.4.6.2 Sosiale norme

Nog 'n faktor wat 'n invloed op mense se gedrag het en met situasionele druk verband hou, is sosiale norme. In die samelewing is daar norme om byvoorbeeld beleefd teenoor ander te wees. Mense is geneig om outomaties aan hierdie norme te voldoen, sonder om hul houdings in ag te neem. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer mense ander groet, al hou

hulle nie van daardie persone nie. Die norme het 'n groter invloed op mense se gedrag as hul houdings, omdat hulle nie kon kies om daardie gedrag uit te voer nie (Worchel et al., 2000).

#### 3.4.6.3 Ander situasies

Daar is ook ander situasies waar mense nie kan kies om die gedrag uit te voer nie, byvoorbeeld waar hulle met straf gedreig word of waar groot belonings aangebied word. Dit gebeur ook dat mense glo dat hulle nie 'n sekere gedrag kan uitvoer nie, byvoorbeeld 'n dwelmverslaafde wat graag wil ophou om die dwelms te gebruik, maar wat glo dat hy nie in staat is om dit te doen nie. In hierdie gevalle word die gedrag as buite die mense se beheer gesien, en het die houdings dus nie 'n groot invloed op die gedrag nie (Worchel et al., 2000).

#### 3.4.7 Persoonlikheidsfaktore

Volgens Worchel et al. (2000) en Baron et al. (1991) is daar sekere persoonlikheidsfaktore wat die konsekwentheid tussen houdings en gedrag beïnvloed. Een persoonlikheidsfaktor is selfmonitering. Selfmonitering verwys na die mate waarin mense eerder op interne as op eksterne leidrade staatmaak om hul gedrag te bepaal. Diegene wat 'n lae selfmonitering het, tree volgens interne leidrade, byvoorbeeld hul houdings, waardes en idees op. Daar word by diegene dus 'n hoë konsekwentheid tussen houdings en gedrag aangetref. Sommige mense tree volgens eksterne leidrade op en het 'n hoë selfmonitering. Hul gedrag word dus deur die norme, waardes en gedrag van ander mense bepaal. Daar is in hierdie geval 'n laer konsekwentheid tussen houdings en gedrag.

Dit is dus duidelik dat daar soms 'n sterk verband tussen houdings en gedrag is, en ander kere nie. Die sterkte van die verband word deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed, wat nie altyd maklik identifiseerbaar is nie.

In die voorafgaande bespreking is die aard van houdings, asook die verband tussen houdings en gedrag ondersoek. In die volgende afdeling gaan daar na mense se houdings teenoor saamwoon en die huwelik, die faktore wat hul houdings beïnvloed, asook die verband tussen mense se houdings teenoor die verskillende lewenstyle en hul gedrag gekyk word.

### 3.5 HOUDINGS TEENOR DIE HUWELIK

In Hoofstuk 2 is die grootskaalse afname in huwelike die afgelope aantal dekades, die toename in saamwoonverhoudings en egskedings, en die toename in die ouderdom waarop daar vir die eerste keer getrou is, bespreek. In Amerika het die jaarlikse aantal huwelike per 1000 ongetroude vroue in die periode van 1970 tot 1996 met 'n derde verminder (Whitehead & Popenoe, 2001). Dieselfde tendense is in Suid-Afrika onder die verskillende bevolkingsgroepe aangetref (sien die bespreking oor die lewenstyltendense in Suid-Afrika).

Dit is egter nie net mense se gedrag wat verander het nie, maar ook mense se houdings teenoor die huwelik. Volgens Braaten en Rosén (1998) verwys houdings teenoor die huwelik na 'n persoon se subjektiewe opinie oor die heteroseksuele huweliksinstelling. Die veranderings wat in mense se houdings teenoor die huwelik plaasgevind het, gaan vervolgens bespreek word.

In navorsing wat oor mense se houdings van die vyftiger tot tagtigerjare in die Verenigde State van Amerika gedoen is, is gevind dat die reëls oor lewenstyle verslap het en dat daar 'n uitbreiding van die gedrag wat as aanvaarbaar beskou word, plaasgevind het (Thornton, 1989). Daar is egter gevind dat alhoewel mense 'n groter mate van gedragsdiversiteit as aanvaarbaar beskou, daar nog steeds 'n behoefte aan die huwelik, ouerskap en gesinslewe is (Bumpass et al., 1991; Thornton, 1989).

In die sestiger- en sewentigerjare was daar in Amerika 'n afname in negatiewe houdings teenoor enkelingskap, maar terselfdertyd ook 'n toename in negatiewe houdings teenoor die huwelik en die beperkings wat met die huwelik geassosieer word. Die tendense het by

sowel mans as vroue voorgekom. In die sewentiger- en tagtigerjare was daar 'n toename in positiewe houdings teenoor die huwelik (Thornton, 1989).

Dit wil dus voorkom of houdings teenoor die huwelik nog steeds positief is, ten spyte van die reëls en norme wat verslap het, egskedingskoeerse wat verhoog het, 'n toename in saamwoonverhoudings en mense wat eers later in hul lewe trou. Daar gaan vervolgens na houdings teenoor saamwoon gekyk word.

### 3.6 HOUDINGS TEENoor SAAMWOON

Die afgelope aantal dekades, en veral in die sewentigerjare, was daar in Amerika 'n toename in saamwoonverhoudings en 'n afname in huwelike. In die sestigerjare was daar een paartjie wat saamgewoon het vir elke 90 paartjies wat getrou het. Die aantal saamwoonverhoudings het dramaties toegeneem, sodat daar in die negentigerjare een paartjie saamgewoon het vir elke 12 paartjies wat getrou het (A few facts on cohabitation, 2002). Hierdie veranderinge in lewenstyle het met veranderinge in houdings teenoor saamwoon gepaard gegaan (Bumpass et al., 1991).

Volgens Axinn en Thornton (1993) was saamwoon aanvanklik nie so aanvaarbaar nie. In die sestiger- en vroeë sewentigerjare was daar 'n groot toename in die aanvaarding van voorhuwelike seks en saamwoonverhoudings. Die reëls aangaande lewenstyle het verslap en minder beperkend geword. Waar die sosiale norme en voorskrifte in die verlede druk op mense geplaas het om te trou, getroud te bly en om kinders te hê, het die mense mettertyd meer vryheid geniet om individuele keuses te maak (Bumpass et al., 1991; Thornton, 1989).

Volgens Rathus (2002) is die samelewing deesdae verdraagsaam teenoor saamwoonverhoudings. Dit is moontlik dat die toename in verdraagsaamheid plaasgevind het om by die toename in die aantal saamwoonverhoudings aan te pas, of dat die aantal paartjies wat saamwoon toegeneem het as gevolg van 'n groter verdraagsaamheid in die samelewing (Rathus, 2002). Dieselfde tendense wat in Amerika

voorgekom het, is ook in Europese lande soos Frankryk opgemerk (Bumpass et al., 1991).

In Suid-Afrika was die aanvaarding van saamwoon 'n meer geleidelike proses as in ander wêrelddele, as gevolg van die Suid-Afrikancs se konserwatiewe agtergrond (Louw et al., 1998). Volgens Motshologane (1997) het die swartes in Suid-Afrika se houdings teenoor saamwoon die afgelope paar dekades verander, veral as gevolg van die prosesse van verstedeliking en moderne invloede. Saamwoon, asook seks buite die huwelik, is algemene praktyke in die swart gemeenskappe. Dit wil voorkom of ekonomiese, sosiale, politieke, wetlike en administratiewe faktore hiertoe bygedra het. Dit is egter nog nie duidelik wat die invloed van saamwoon en seks buite die huwelik op die gesinslewe en huwelik is nie.

Volgens Le Roux (1997) is die saamwoonkoerse onder wittes in Suid-Afrika redelik laag. Saamwoon word eerder as 'n voorloper tot die huwelik as 'n alternatief tot die huwelik beskou. Hierdie aspek is deur die navorsing van Pretorius (1989) wat onder matrikulante uitgevoer is, bevestig. Daar is gevind dat die helfte van die skoliere van mening was dat dit voordelig is om 'n verhouding eers op die proef te stel deur saam te woon.

Volgens September (1997) is saamwoonkoerse in die Kleurlinggemeenskappe baie hoog. Daar is in 1975 geraam dat 32% van plattelandse en 6% van stedelike verbintenisse saamwoonverhoudings was. Dit blyk dat Kleurlinge positiewe houdings teenoor saamwoon het.

Dit wil dus voorkom of saamwoonverhoudings meer aanvaarbaar geword het en algemeen voorkom. Mense se houdings teenoor sowel saamwoon as die huwelik het baie verander. In die volgende afdeling gaan die faktore wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed, bespreek word.

### 3.7 FAKTORE WAT HOUDINGS TEENoor DIE HUWELIK BEÏNVLOED

Daar is verskeie faktore wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed. Volgens Wu en Balakrishnan (1992) wil dit in die eerste plek voorkom of sosiale en ekonomiese veranderings wat op makrovlak plaasvind, houdings kan beïnvloed. Aspekte soos industrialisasie, verstedeliking, hoër opleiding, 'n afname in godsdienstigheid, 'n toename in vroue wat die werksmag betree en veranderings in etniese en taalsamestellings is faktore wat hiertoe kan bydra (Wu & Balakrishnan, 1992).

Dit is egter nie net grootskaalse veranderings wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed nie, maar ook ander faktore soos ouderdom, die huwelikstatus van die proefpersone (Browning & Miller, 1999; King, 1999; Wu & Balakrishnan, 1992), die ouers se huwelikstatus en gesinskonflik (Jennings et al., 1992; Kinnaird & Gerrard, 1986).

Browning en Miller (1999) het in Amerika in die swart gemeenskappe ondersoek ingestel na die boodskappe wat die ma's met betrekking tot die huwelik aan hul kinders oordra. Daar is gevind dat dit nie konstante, onveranderde boodskappe is wat van die een na die ander geslag oor die huwelik oorgedra word nie, maar dat hierdie sosialiseringproses deur mense se sosiale status beïnvloed word, veral ouderdom, huwelikstatus, beroepstatus, welsynstatus en opvoeding. Vroue van 'n hoër sosiale status is geneig om meer konserwatiewe boodskappe omtrent die huwelik aan hul kinders oor te dra, terwyl vroue van 'n laer sosiale status meer geneig sal wees om liberale boodskappe oor te dra. Soos vroue se status verhoog (byvoorbeeld dat hul ouer word, trou, opleiding kry, ensovoorts), sal hulle meer geneig wees om tradisionele boodskappe aangaande die huwelik oor te dra (Browning & Miller, 1999).

Dit is dus duidelik dat daar verskillende faktore is wat mense se houdings teenoor die huwelik kan beïnvloed. Hierdie faktore gaan vervolgens bespreek word.

### 3.7.1 Ouderdom

Ouderdom is een van die faktore wat 'n rol in mense se houdings teenoor die huwelik speel (Browning & Miller, 1999; King, 1999; Wu en Balakrishnan, 1992). Die navorsing wat deur Wu en Balakrishnan (1992) in Kanada gedoen is, het gevind dat jonger vroue (18 tot 34 jaar) meer geneig was om positiewe houdings teenoor saamwoon en negatiewe houdings teenoor die huwelik te hê. Die uitsondering was vroue in die ouderdomsgroep van 18 tot 24 jaar wat positiewe houdings teenoor saamwoon en die huwelik gehad het. 'n Moontlike verklaring vir laasgenoemde bevinding is dat vroue in hierdie ouderdomskategorie nog nie die verantwoordelikhede van 'n gesin en die opvoeding van kinders ervaar het nie en dus meer idealisties teenoor die huwelik is as ouer vroue. Daar is gevind dat die ouer vroue (40 tot 49 jaar) meer geneig was om negatiewe houdings teenoor saamwoon en positiewe houdings teenoor die huwelik te hê. Vroue in die ouderdomskategorie van 35 tot 39 jaar het 'n negatiewe houding teenoor sowel saamwoon as die huwelik gehad.

In die navorsing van King (1999) wat onder swart Amerikaanse vroue gedoen is, is gevind dat daar 'n sterk verband tussen ouderdom en houdings teenoor die huwelik is. Ouer persone is meer geneig om positiewe houdings teenoor die huwelik te hê, terwyl jonger persone meer negatiewe houdings teenoor die huwelik het.

### 3.7.2 Geslag

Geslag is nog 'n faktor wat 'n invloed op mense se houdings teenoor die huwelik het. In die navorsing wat deur Starrels en Holm (2000) in Amerika gedoen is, is ondersoek ingestel na adolessente van 11 tot 16 jaar se planne en verwagtings ten opsigte van die huwelik. Meer meisies (86%) as seuns (78%) het gesê dat hulle verwag om op vier-en-twintigjarige ouderdom getroud te wees.

Die navorsing wat die invloed van geslag op houdings teenoor die huwelik ondersoek het, het teenstrydige resultate opgelewer. Volgens die navorsing wat deur Jennings, Salts en Smith (1992) in Amerika gedoen is, het mans minder gunstige houdings teenoor die

huwelik as vroue. Die afleiding wat deur die navorsers gemaak is, is dat alhoewel geslagsrolle die afgelope dekades baie verander het, vroue nog steeds meer waarde aan die huwelik heg as mans (Jennings et al., 1992).

Die navorsing van Oropesa (1996) wat Meksikaanse Amerikaners, Puerto Rikane en wittes se houdings teenoor die huwelik en saamwoon ondersoek het, het gevind dat mans positiewer teenoor die huwelik as vroue is. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die mans die voordele van geslagsrolverdeling in die huwelik kry, en dus meer in die voordele van die huwelik as vroue glo. Dit kan daartoe bydra dat hul houdings positiewer teenoor die huwelik is.

In navorsing wat in Suid-Afrika op matrikulante uitgevoer is, kon daar egter geen beduidende verskille tussen seuns en dogters se houdings teenoor die huwelik gevind word nie (Pretorius, 1989).

### 3.7.3 Kultuur

Daar is 'n toename in die belangstelling in verskillende etniese groepe se houdings teenoor die huwelik. In die navorsing deur Oropesa (1996) is daar verskille tussen Meksikaanse Amerikaners, Puerto Rikane en wittes se houdings teenoor die huwelik en saamwoonverhoudings gevind. Die Meksikaanse Amerikaners was die meeste ten gunste van die huwelik. Oor die algemeen was die respondente in die navorsing neutraal of ambivalent teenoor saamwoon. Die Puerto Rikane was meer aanvaardend teenoor saamwoon (met of sonder die intensie om te trou) as die wittes. Die Meksikaanse Amerikaners was meer verdraagsaam teenoor saamwoon as die wittes, maar net wanneer dit as 'n voorloper van die huwelik beskou was (Oropesa, 1996).

In Suid-Afrika is daar in die navorsing van Pretorius (1989) ondersoek ingestel na Afrikaans- en Engelssprekende matrikulante se houdings teenoor die huwelik. Daar is egter geen beduidende verskille tussen die twee kultuurgroepe se houdings teenoor die huwelik gevind nie.

Daar is nie net houdingsverskille tussen verskillende kultuurgroepe nie, maar ook binne kultuurgroepe. King (1999) het ondersoek ingestel na swart Amerikaanse vroue se houdings teenoor die huwelik. Daar is gevind dat die vroue se houdings uiteenlopend was en deur hul demografiese agtergrond, byvoorbeeld ouderdom, huwelikstatus, opleiding en godsdienstige voorkeur beïnvloed is. Volgens King (1999) kan die uiteenlopendheid van die houdings toegeskryf word aan die feit dat die proefpersone 'n heterogene groep met verskillende lewenservarings was. Bree sosiale, ekonomiese en kulturele tendense kon 'n invloed op die vroue se houdings gehad het, omdat die vroue in verskillende tydperke grootgeword het. Dit is dus duidelik dat dit nie net kultuur is wat 'n invloed op mense se houdings teenoor die huwelik het nie, maar ook ander faktore.

In bogenoemde navorsing is daar ondersoek ingestel na die houdingsverskille tussen kultuurgroepe. Die invloed wat die verskillende kulture se houdings teenoor die huwelik op hul gedrag het, is egter ook ondersoek. Sassler en Schoen (1999) het in Amerika ondersoek ingestel na die invloed wat witte en swartes se houdings teenoor die huwelik op die verskille in die huwelikskoerse tussen die twee bevolkingsgroepe het, aangesien swartes 'n baie laer huwelikskoers as witte het. Daar is gevind dat houdings teenoor die huwelik nie die groot verskille in huwelikskoerse verklaar nie, maar eerder ekonomiese veranderlikes.

Uit hierdie bespreking is dit dus duidelik dat kultuur wel 'n rol in mense se houdings teenoor die huwelik kan speel.

#### **3.7.4 Godsdien**

Godsdien is nog 'n faktor wat 'n invloed op mense se houdings teenoor die huwelik en saamwoon kan hê. Verskillende dimensies van godsdienstigheid, soos die bywoning van godsdienstige aktiwiteite, mense se verbintenis tot hul godsdienstige oortuiging en die belangrikheid van godsdien in mense se lewens beïnvloed verskeie aspekte van die gesinslewe, onder andere die huwelik, egskending, saamwoonverhoudings, gesinsgrootte en voorhuwelikse seks (Thornton et al., 1992).

Thornton et al. (1992) het in hul navorsing ondersoek ingestel na die wedersydse effek wat godsdienstige deelname en verbintenis, en die huwelik en saamwoon op mekaar het. Daar is gevind dat jong volwassenes se godsdienstige verbintenis en deelname hul gedrag ten opsigte van saamwoon en die huwelik beïnvloed. Diegene wat minder aan godsdienstige aktiwiteite deelneem en vir wie godsdiens minder belangrik is, neig om eerder saam te woon as om te trou. Mense wat geen godsdienstige oortuiging het nie, sal ook eerder saamwoon as om te trou, in teenstelling met diegene wat wel met 'n godsdienstige groep identifiseer. Volgens Thornton et al. (1992) is die belangrikheid van godsdiens en die deelname aan godsdienstige aktiwiteite 'n groter determinant van saamwoon en die huwelik as godsdienstige oortuiging. Ouers se godsdienstigheid het ook 'n invloed op hul kinders se gedrag, omdat dit 'n invloed het op die belangrikheid van godsdiens vir hul kinders en die deelname aan godsdienstige aktiwiteite (Thornton et al., 1992).

In soortgelyke navorsing het Thornton en Camburn (1989) ondersoek ingestel na die verband tussen adolessente se seksuele gedrag en houdings, en hul godsdienstige oortuiging en deelname. Daar is gevind dat persone wat gereeld kerk bywoon en 'n hoë waarde aan godsdiens heg, minder permissiewe houdings het asook minder seksuele ervaring het. Die godsdienstige oortuiging het nie 'n groot rol in die persone se houdings en gedrag gespeel nie. Dit is dus duidelik dat dit eerder die bywoning van godsdienstige aktiwiteite as die spesifieke godsdienstige oortuiging is wat persone se seksuele gedrag en houdings beïnvloed.

Dit is egter nie net godsdiens wat 'n invloed op lewenstyle het nie, maar ook lewenstyle wat mense se godsdiens beïnvloed. Daar is gevind dat mense wat saamwoon se deelname aan godsdienstige aktiwiteite verminder het (veral waar dié gedrag deur die godsdienstige organisasie afgekeur word), en dié wat getroud is sonder om saam te woon se deelname aan godsdienstige aktiwiteite verhoog het (Thornton et al., 1992). Hierdie aspek is verstaanbaar as daar na die hoofstroomgelowe in die wêreld gekyk word. Die verskillende gelowe ondersteun nie saamwoon of enkelskap as alternatiewe vir die huwelik nie. Dit plaas verskillende sanksies op mense wat skei en weer trou (Oropesa, 1996).

Godsdiens speel nie net 'n rol in mense se gedrag nie, maar ook in hul houdings teenoor die verskillende lewenstyle. Dit wil voorkom of mense wat gereeld kerkdienste bywoon meer konserwatiewe houdings teenoor die lewenstyle huldig (Wu & Balakrishnan, 1992). Volgens Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) woon min mense wat hul godsdiens uitlief, saam. Diegene wat dit wel doen, verwag dat hulle sal trou. In die navorsing van Wu en Balakrishnan (1992) wat in Kanada gedoen is, is die faktore wat houdings teenoor die verskillende lewenstyle voorspel, ondersoek. Godsdienstigheid was die beste voorspeller van houdings teenoor saamwoon en houdings teenoor die huwelik.

### 3.7.5 Geografiese ligging

Die ligging waar mense bly, speel 'n rol in hul houdings teenoor saamwoon en die huwelik. Volgens Wu en Balakrishnan (1992) het Kanadese vroue in plattelandse gebiede meer konserwatiewe houdings teenoor saamwoon as vroue in stedelike gebiede. Mense in stede huldig meer liberale houdings, en daar is ook minder sanksies teen diegene wat saamwoon. Die ligging speel egter nie 'n rol in houdings teenoor die huwelik nie. Hierdie tendense kan daarop dui dat dit nie verstedeliking per se is wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed nie, maar faktore wat met die ligging verband hou, byvoorbeeld opleidingsgeleenthede en godsdienstigheid (Wu & Balakrishnan, 1992).

In die navorsing wat in Suid-Afrika onder matrikulante gedoen is, was daar egter geen beduidende verskille tussen matrikulante van plattelandse en stedelike gebiede se houdings teenoor die huwelik nie (Pretorius, 1989).

### 3.7.6 Opleiding

Opleiding is nog 'n faktor wat met mense se houdings teenoor die verskillende lewenstyle verband hou. Die navorsing wat deur Wu en Balakrishnan (1992) in Kanada uitgevoer is, het gevind dat vroue met hoër kwalifikasies meer liberale houdings teenoor saamwoon en die huwelik het as die vroue met laer kwalifikasies. Volgens die navorsing wat deur King (1999) op swart Amerikaanse vroue uitgevoer is, blyk dit dat vroue met 'n hoër inkomste en opvoedingsvlak meer positiewe houdings teenoor die huwelik het as

vroue met 'n laer opvoedingsvlak. Volgens Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) is saamwoon in Frankryk meer algemeen by diegene met 'n hoër kwalifikasie. Huwelike is egter meer gewild onder die boere en ongeskoolde werkers.

### 3.7.7 Huwelikstatus

Mense se huwelikstatus speel 'n rol in hul houdings teenoor die huwelik en saamwoon (King, 1999; Wu & Balakrishnan, 1992). Volgens die navorsingsresultate van Wu en Balakrishnan (1992) het Kanadese vroue wat getroud is positiewe houdings teenoor die huwelik en negatiewe houdings teenoor saamwoon. Vroue wat nog nooit getroud was nie of geskei is, het positiewe houdings teenoor saamwoonverhoudings. Laastens is daar gevind dat vroue wat saamwoon positiewe houdings teenoor saamwoon en negatiewe houdings teenoor die huwelik het. Soortgelyke resultate is in die navorsing van Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) in Frankryk verkry, naamlik dat mense wat getroud is, meer positiewe houdings teenoor die huwelik het as diegene wat saamwoon. Hierdie resultate kan aan die hand van die kognitiewe dissonansieteorie verklaar word, waar mense streef om dissonansie tussen hul houdings en gedrag te vermy (sien die bespreking van houdingsteorieë onder afdeling 3.3.2.2). In die navorsing van King (1999) is gevind dat ouer en getroude swart vroue meer positiewe houdings teenoor die huwelik het as vroue wat jonger is en nog nooit getroud was nie.

Dit wil voorkom of saamwoon mense se intensie om te trou grootliks beïnvloed. In die navorsing van Leridon en Villeneuve-Gokalp (1989) is drie vrae aan die persone wat saamwoon gevra, naamlik of hulle wil trou, of hulle dit verkies om eerder saam te woon sonder om die huwelik te oorweeg, en of hulle die huwelik verwerp. Daar is gevind dat 26% van die paartjies wat saamgewoon het, spoedig wou trou, 17% het beplan om na 'n proeftydperk te trou, 50% het glad nie aan trou gedink nie en 6% het die idee van 'n huwelik verwerp. Dit is dus duidelik dat slegs 43% van persone wat saamgewoon het, die intensie gehad het om te trou. Daar is verder gevind dat 50% van paartjies wat minder as 5 jaar saamgewoon het, dit oorweeg het om te trou, in vergelyking met 26% van paartjies wat meer as 5 jaar saamgewoon het. Dit blyk dus dat hoe korter die tydperk is wat

paartjies saamgewoon het, hoe groter is hul begeerte om te trou (Leridon & Villeneuve-Gokalp, 1989).

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat daar 'n verband tussen mense se gedrag en hul houdings is. Soos reeds genoem (afdeling 3.4), beïnvloed mense se ervarings met saamwoon en die huwelik hul houdings teenoor die verskillende lewenstyle.

### 3.7.8 Ouers se huwelikstatus

Egskeiding is 'n verskynsel wat deesdae algemeen voorkom. Dit het 'n groot invloed op gesinne, en meer spesifiek op die kinders wat betrokke is. Dit wil voorkom of getroudes uit geskeide gesinne 'n hoër egskeidingsyfer het as getroudes uit intakte gesinne (Greenberg & Nay, 1982). Greenberg en Nay (1982) het twee moontlike oorsake hiervan ondersoek, naamlik dat kinders uit geskeide gesinne houdings teenoor die huwelik het wat antagonisties teenoor suksesvolle huweliksaanpassing is, en dat hulle wanaangepaste interaksiepatrone in die huwelik vertoon. Die navorsingsresultate het die eerste hipotese ondersteun.

Daar is verskeie navorsers wat die impak van ouers se huwelikstatus op hul kinders se houdings teenoor die huwelik ondersoek het. Volgens die navorsing van Amato (1988), sowel as Stone en Hutchinson (1992) was daar nie beduidende verskille tussen studente van intakte en geskeide gesinne se houdings teenoor die huwelik nie. Ander navorsers (Landis-Kleine, Foley, Nall, Padgett & Walters-Palmer, 1995; Willetts-Bloom & Nock, 1992) het dieselfde resultate gekry. Hulle het gevind dat ouers se huwelikstatus nie 'n effek op die kinders se houdings teenoor die huwelik het nie. Die houdings teenoor die huwelik was oor die algemeen positief. Die navorsing van Amato (1988) het ook gevind dat daar geen verskil is tussen kinders van geskeide en intakte gesinne se houdings teenoor die voor- en nadele van enkelkap en saamwoonverhoudings nie.

In teenstelling hiermee het Axinn en Thornton (1996), Jennings et al. (1992) asook Kinnaird en Gerrard (1986) gevind dat die ouers se huwelikstatus wel 'n invloed op kinders se houdings teenoor die huwelik het. Kinders wat uit geskeide gesinne kom se

houdings teenoor die huwelik is minder positief as dié van kinders uit intakte gesinne. Hierdie resultate is in die navorsing wat deur Pretorius (1989) in Suid-Afrika uitgevoer is, bevestig. Skoliere wie se ouers geskei of vervreem was, het minder gunstige houdings teenoor die huwelik gehad as skoliere uit intakte gesinne. Volgens Kinnaird en Gerrard (1986) wil dit voorkom of jong vroue uit geskeide gesinne meer bewus is van die negatiewe aspekte van die huwelik, en dus 'n minder positiewe houding daarteenoor het. Alhoewel hulle siening van die huwelik meer realisties was, het hulle dit tog oorweeg om te trou. Die proefpersone van die geskeide sowel as intakte gesinne het ewe veel die behoefte uitgespreek om binne tien jaar getroud te wees. Axinn en Thornton (1996) het verder gevind dat kinders uit geskeide huise nie slegs meer negatiewe houdings teenoor die huwelik het nie, maar ook meer positiewe houdings teenoor saamwoon het. Die positiewe houdings teenoor saamwoon kan daarop dui dat dit as alternatief vir die huwelik beskou word.

Die meeste navorsing wat oor die invloed van ouers se huwelikstatus op hul kinders se houdings teenoor die huwelik gedoen is, gaan van die veronderstelling uit dat wanneer kinders aan egskeidings en onaangename ervarings in hul ouers se huwelike blootgestel is, hierdie ervarings hul houdings teenoor die huwelik beïnvloed. Axinn en Thornton (1996) het hierdie navorsing uitgebrei en ook gekyk na die invloed wat die ouers se houdings teenoor die huwelik op hul kinders se houdings het. Daar is met ander woorde nie net ondersoek ingestel na die direkte invloed van ouers se gedrag op hul kinders se houdings nie, maar ook na die indirekte invloed van ouers se houdings. Daar is gevind dat ma's se houdings 'n groot invloed op hul kinders se houdings het. Dit wil dus voorkom of sowel ouers se houdings teenoor die lewenstyle as hul huwelikstatus hul kinders se houdings beïnvloed.

Ouers se huwelikstatus beïnvloed nie net hul kinders se houdings teenoor die huwelik nie, maar ook hul gedrag. Thornton (1991) het navorsing gedoen oor die invloed wat ouers se huweliksgeskiedenis op hul kinders se gedrag het. Daar is gevind dat kinders wat in gebroke huisgesinne grootgeword het, hoër saamwoonkoerse het as kinders uit intakte huisgesinne. Daar is egter nie 'n hoër huwelikskoers by hierdie kinders nie. Volgens Thornton (1991) is 'n moontlike verklaring hiervoor dat die kinders van gebroke

huisgesinne 'n minder positiewe houding teenoor die huwelik het en meer versigtig is om te trou. Hulle is geneig om eers saam te woon, en dan later te trou.

### 3.7.9 Gesinskonflik

Daar is baie navorsing gedoen oor die invloed van egskeiding op kinders se houdings teenoor die huwelik. Die vraag ontstaan egter of dit die egskeiding per se is wat kinders se houdings beïnvloed, en of dit die omstandighede rondom die egskeiding is wat 'n rol speel, byvoorbeeld die konflik wat tussen die gesinslede is (Jennings et al., 1992).

'n Aantal navorsers (Stone & Hutchinson, 1992; Willetts-Bloom & Nock, 1992) het gevind dat kinders wat in ouerhuise met baie konflik grootgeword het, se houdings teenoor die huwelik nie verskil van kinders wat nie met baie konflik grootgeword het nie. Hierdie resultate dui daarop dat hoë vlakke van konflik nie noodwendig tot minder gunstige houdings teenoor die huwelik lei nie. Alhoewel Muench en Landrum (1994) dieselfde resultate as die bogenoemde navorsers gekry het, het hulle 'n faktor geïdentifiseer wat wel 'n rol in mense se verwagtinge van die huwelik speel. Hulle het gevind dat die gesinsdinamika, en meer spesifiek die gesin se kommunikasie, die huweliksverwagtinge beïnvloed. Hoe beter die gesin se kommunikasie is, hoe meer positief is die mense se verwagtinge van die huwelik.

Ander navorsers (Jennings et al., 1992; Kinnaird & Gerrard, 1986; Long, 1987) het egter gevind dat kinders wat met baie gesinskonflik grootgeword het, minder gunstige houdings teenoor die huwelik het. In die navorsing van Jennings et al. (1992) is daar ook ondersoek ingestel na die tydstip waarin die konflik in geskeide gesinne voorgekom het. Konflik wat na die egskeiding voorgekom het, het nie 'n groter invloed op die proefpersone se houdings teenoor die huwelik gehad as gevalle waar die konflik slegs voor of tydens die egskeiding aangetref is nie. Dit wil dus voorkom of die gesinskonflik die kinders se houdings teenoor die huwelik beïnvloed, ongeag wanneer die konflik voorgekom het (Jennings et al., 1992). In die navorsing van Long (1987) is daar gevind dat die meisies wat hul ouers se huwelik as ongelukkig beskou het, negatiewe houdings

teenoor die huwelik gehad het. Tog het die meisies met baie gesinskonflik verwag om te trou, alhoewel net later in hul lewe.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat ouers se gedrag 'n invloed op hul kinders se houdings kan hê. In die volgende afdeling gaan die verband tussen persone se houdings teenoor die verskillende lewenstyle en hul gedrag bespreek word.

### **3.8 DIE VERBAND TUSSEN HOUDINGS TEENoor LEWENSTYLE EN GEDRAG**

Verskeie persone het die verband tussen mense se houdings teenoor gesinvorming en hul gedrag nagevors. Axinn en Barber (1997) het ondersoek ingestel na die wederkerige invloed van jong volwassenes se woonopset en hul houdings teenoor die verskillende lewenstyle. Hulle het 'n onderskeid getref tussen persone wat saamwoon en dié wat onafhanklik van hul ouers bly (alleen, saam met huismaats of in 'n institusie). Daar is gevind dat saamwoon die grootste invloed op die verandering van jong volwassenes se houdings teenoor lewenstyle gehad het, en meer spesifiek die vermindering van hul behoefte aan kinders en 'n verhoging in die verdraagsaamheid teenoor egskeiding. Daar is ook gevind dat die tydperk van saamwoon 'n invloed op die jong volwassenes se houdings gehad het. Hoe langer die persone saamgewoon het, hoe minder positief was hulle teenoor die huwelik en die kry van kinders. Dieselfde resultate is nie met persone wat onafhanklik van hul familie leef, gevind nie (Axinn & Barber, 1997).

'n Ander navorsingsprojek wat die invloed van jong volwassenes se gedrag op hul houdings ondersoek het, is dié van Waite, Goldscheider en Witsberger (1986). Hulle het ondersoek hoe jong volwassenes wat onafhanklik van hul ouers bly se houdings, waardes en planne ten opsigte van gesinsoriëntasie deur die onafhanklikheid beïnvloed word. Daar is gevind dat vroue wat onafhanklik van hul ouers bly se houdings, verwagtinge en planne van die tradisionele gesinsrolle (byvoorbeeld gesinsgrootte, houdings teenoor ma's wat werk, en geslagsrolle) wegbeweeg. Die jong volwassenes se houdings, verwagtinge en planne verskuif dus van die gesin na individuele belange. Dieselfde resultate is nie vir mans gevind nie.

Uit bogenoemde bespreking is dit dus duidelik dat jong volwassenes se gedrag 'n invloed op hul houdings het. Daar is egter nie net ondersoek ingestel na die invloed van jong volwassenes se houdings en gedrag op mekaar nie, maar ook na die invloed van ouers se houdings en hul kinders se gedrag op mekaar. Daar is in die navorsing van Axinn en Thornton (1993) gevind dat die ouers se houdings teenoor saamwoon hul kinders se gedrag beïnvloed. Jong volwassenes wie se ma's saamwoon goedgekeur het, het minder getrou as jong volwassenes wie se ma's saamwoon afgekeur het. Kinders se houdings het egter ook 'n rol in hul eie gedrag gespeel. Dié wat positiewe houdings teenoor saamwoon gehad het, het hoër saamwoonkoerse gehad as kinders met negatiewe houdings teenoor saamwoon. Die teenoorgestelde resultate is ook gekry, naamlik dat kinders se gedrag hul eie en hul ma's se houdings beïnvloed het. Diegene wat al saamgewoon het, het meer positiewe houdings teenoor saamwoon gehad. Hul ma's se houdings was ook meer positief daarteenoor. Daar is geslagsverskille in die verband tussen ma's se houdings en hul kinders se saamwoongedrag gevind. Die ma's se houdings het 'n groter invloed op hul dogters se saamwoongedrag as op hul seuns se saamwoongedrag gehad. Die dogters se saamwoongedrag het ook 'n groter invloed op hul ma's se houdings gehad as wat hul seuns se saamwoongedrag gehad het. Daar is verskeie verklarings hiervoor, naamlik dat dogters hul ma's as rolmodelle beskou, en dus volgens hul ma's se opinies optree. 'n Tweede verklaring kan wees dat seuns meer onafhanklik as dogters gesosialiseer word. In die derde plek kan ma's dubbele standaarde teenoor hul seuns en dogters hê. Hulle kan strenger teenoor hul dogters optree wanneer hulle gedrag onaanvaarbaar is as wat hulle teenoor hul seuns sal optree (Axinn & Thornton, 1993).

### 3.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is houdings in besonderhede bespreek, en meer spesifiek wat 'n houding is, hoe dit gevorm en verander word, en die verband tussen houdings en gedrag. Daar is gevind dat die verband tussen houdings en gedrag kompleks is en deur verskeie faktore bepaal word, byvoorbeeld die aard van die houdings, die aard van die gedrag en persoonlikheidsfaktore. Daarna is die houdings teenoor die huwelik en houdings teenoor saamwoon bespreek, asook die faktore wat houdings teenoor die huwelik beïnvloed, onder andere ouderdom, geslag, kultuurgroep, godsdiens, geografiese ligging, opleiding,

huwelikstatus en gesinskonflik. Laastens is die verband tussen mense se houdings teenoor die verskillende lewenstyle en hul gedrag ondersoek. In die volgende hoofstuk sal die navorsingsmetode uiteengesit en bespreek word.

### NAVORSINGSMETODE

#### 4.1 INLEIDING

In Hoofstuk 1 is die doelstelling van hierdie navorsing uiteengesit. Daar sal vasgestel word watter faktore moontlik studente se houding teenoor die huwelik sal voorspel. Hierdie faktore sluit in geslag, etniese groep, ouderdom, akademiese status, huwelikstatus, die kwaliteit van die ouers se verhouding, gesinskonflik, godsdiens en houding teenoor saamwoon. Ten einde hierdie doelstelling te kan bereik, is die volgende navorsingshipotese geformuleer:

#### 4.2 NAVORSINGSHIPOTESE

Daar is 'n lineêre verband tussen jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik en 'n aantal voorspeller veranderlikes, naamlik:

- Geslag, etniese groep, ouderdom, akademiese status, die studente se huwelikstatus, die ouers se huwelikstatus, die kwaliteit van die ouers se verhouding, gesinskonflik, godsdienstige oortuiging, deelname aan godsdienstige aktiwiteite en
- houding teenoor saamwoon.

#### 4.3 METODE VAN ONDERSOEK

##### 4.3.1 Navorsingsontwerp

Met hierdie navorsing is daar van ex post facto-navorsing, en meer spesifiek 'n korrelasionele ontwerp, gebruik gemaak. Dit behels dat daar nóg 'n eksperimentele ingreep, nóg ewekansige toewysing in hierdie navorsing plaasgevind het. Die

proefpersone het dus reeds voor die aanvang van die navorsing aan die verskillende vlakke van die onafhanklike veranderlikes behoort (Huysamen, 1993).

Die tellings van die een veranderlike gaan in hierdie navorsing gebruik word om die tellings op die ander veranderlike te voorspel. Eersgenoemde is die voorspeller veranderlike en laasgenoemde is die kriterium veranderlike (Huysamen, 1993). Die studente se biografiese besonderhede (geslag, etniese groep, ouderdom, akademiese status, huwelikstatus, die ouers se huwelikstatus, die kwaliteit van die ouers se verhouding, gesinskonflik, godsdienstige oortuiging en deelname aan godsdienstige aktiwiteite) en hul houdings teenoor saamwoon is die voorspeller veranderlikes, terwyl hul houdings teenoor die huwelik die kriterium veranderlike is.

#### **4.3.2 Proefpersone**

Die proefpersone wat in hierdie navorsing gebruik is, is jong volwasse studente van die Universiteit van die Vrystaat (UV). Die studente val in die ouderdomskategorie van 18 tot en met 39 jaar en is dus in die ontwikkeling stadium van vroeë volwassenheid (Berger & Thompson, 1994). Volgens Erikson (Berger & Thompson, 1994) is persone in die ouderdomskategorie van min of meer 20 tot 25 jaar in die fase van intimiteit versus isolasie en dus met die vestiging van intieme verhoudings gemoeid. Aangesien mense deesdae baie later trou as wat vroeër die geval was (sien Hoofstuk 2), en die mediaan-ouderdom waarop mans en vroue in Suid-Afrika in 1998 vir die eerste keer getrou het, onderskeidelik 34.5 en 30.4 jaar was (Statistics South Africa, 2000), is daar besluit om studente tot en met 39 jaar in die navorsing in te sluit. Sowel voorgraadse studente, hoofsaaklik tweede- en derdejaarstudente, as nagraadse studente maak gevolglik deel van die steekproef uit.

Die studente van drie fakulteite, naamlik Geesteswetenskappe, Natuurwetenskappe en Regsgeleerdheid, het aan die ondersoek deelgeneem. Die proefpersone sluit sowel lede van albei geslagte as die verskillende etniese groepe, naamlik swartes en wittes, in.

### 4.3.3 Insameling van gegewens

Toestemming is van die studentedekaan verkry om studente in die navorsing te gebruik. Daar is van trossteekproeftrekking gebruik gemaak, sodat die steekproef so verteenwoordigend as moontlik van die populasie studente van die UV sou wees. Drie fakulteite, naamlik Geesteswetenskappe, Natuurwetenskappe en Regsgeleerdheid is ewekansig uit 'n groep van ses fakulteite getrek. Daarna is twee departemente per fakulteit ewekansig geselekteer. Toestemming is van die verskillende departementshoofde verkry om tweede- en derdejaar-, asook nagraadse studente van die Afrikaanse sowel as Engelse klasse in die navorsing te gebruik. In die gevalle waar dit nie moontlik was om die departementshoofde se toestemming te verkry nie, is ander departemente in dieselfde fakulteit ewekansig geselekteer. Daar is met die verskillende dosente ooreengekom om aan die einde van 'n periode die vraelyste aan die studente uit te deel, sodat geen inbreuk op lesingtyd gemaak sou word nie. Alle studente wat die onderskeie klasse bygewoon het en gewillig was om aan die navorsing deel te neem, het die vraelyste ingevul.

Altesaam 451 vraelyste is voltooi. Die uiteindelijke steekproefgrootte is 409 en is deur verskeie faktore beïnvloed: In die eerste plek was die invul van die vraelyste vrywillig; tweedens was 7 vraelyste onvolledig voltooi en kon dit nie in die navorsing gebruik word nie; derdens was daar te min Kleurling- ( $N = 27$ ) en Asiërstudente ( $N = 8$ ) en daarom is hierdie vraelyste ook weggelaat.


Die biografiese besonderhede aangaande die onderzoekgroep word in Tabel 4.1 weergegee.

TABEL 4.1 Frekwensies en persentasies van die voorspeller veranderlikes

| <b>Veranderlike</b>                            |                         | <b>Frekwensie</b> | <b>Persentasie</b> |
|------------------------------------------------|-------------------------|-------------------|--------------------|
| <b>Geslag:</b>                                 | Manlik                  | 135               | 33.01              |
|                                                | Vroulik                 | 274               | 66.99              |
| <b>Etniese groep:</b>                          | Swart                   | 187               | 45.72              |
|                                                | Wit                     | 222               | 54.28              |
| <b>Studiejaar:</b>                             | Eerstejaar              | 10                | 2.46               |
|                                                | Tweedejaar              | 207               | 50.86              |
|                                                | Derdejaar               | 137               | 33.66              |
|                                                | Honneurs                | 44                | 10.81              |
|                                                | Magister                | 5                 | 1.23               |
|                                                | Doktoraal               | 4                 | 0.01               |
| <b>Huwelikstatus (studente):</b>               |                         |                   |                    |
|                                                | Ongetroud               | 387               | 94.62              |
|                                                | Getroud                 | 22                | 5.37               |
| <b>Ouers se huwelikstatus:</b>                 |                         |                   |                    |
|                                                | Ongetroud               | 8                 | 1.97               |
|                                                | Getroud                 | 316               | 77.64              |
|                                                | Geskei                  | 55                | 13.51              |
|                                                | Oorlede                 | 28                | 6.88               |
| <b>Kwaliteit van ouers se verhouding:</b>      |                         |                   |                    |
|                                                | Baie gelukkig           | 157               | 39.15              |
|                                                | Gelukkig                | 143               | 35.66              |
|                                                | Nie gelukkig/ongelukkig | 66                | 16.46              |
|                                                | Ongelukkig              | 22                | 5.49               |
|                                                | Baie ongelukkig         | 13                | 3.24               |
| <b>Gesinskonflik:</b>                          | Selde                   | 198               | 50.00              |
|                                                | Paar keer per maand     | 94                | 23.74              |
|                                                | Paar keer per week      | 70                | 17.68              |
|                                                | Bykans elke dag         | 34                | 8.59               |
| <b>Godsdienstige oortuiging:</b>               |                         |                   |                    |
|                                                | Christen                | 392               | 97.27              |
|                                                | Ander                   | 11                | 2.73               |
| <b>Deelname aan godsdienstige aktiwiteite:</b> |                         |                   |                    |
|                                                | Paar keer per week      | 181               | 44.25              |
|                                                | Paar keer per maand     | 138               | 33.74              |
|                                                | Selde                   | 71                | 17.36              |
|                                                | Nooit                   | 19                | 4.65               |

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat twee derdes van die proefpersone vroue en 'n derde mans is. Daar is min of meer 'n gelyke verdeling van wit (54.3%) en swart studente (45.7%) (sien Figuur 4.1). Die gemiddelde ouderdom van die proefpersone is 21.99 jaar en die modus is 20 jaar. Die oorgrote meerderheid van die proefpersone (87%) is

voorgaardse studente, veral tweedejaars- (50.86%) en derdejaars (33.66%), gevolg deur eerstejaars (2.46%). Van die nagraadse studente (13%) is 10.81% honneurs, 1.23% magister- en 0.01% doktrale studente.




**FIGUUR 4.1** Die verskillende etniese groepe in die navorsing

Die meeste studente wat in die navorsing gebruik is, is ongetroud. Slegs twee van die studente is geskei en 12 woon saam. Aangesien hierdie kategorieë te klein is om as voorspellers gebruik te word, is daar besluit om diegene wat geskei en diegene wat in saamwoonverhoudings is, as ongetroud te beskou. Die persentasie studente wat dus ongetroud is, is 94.62%. Van die oorblywende studente is 5.4% getroud.

Aanvanklik is daar sewe kategorieë vir die studente se ouers se huwelikstatus geskep, naamlik getroud, woon saam, geskei, vervreem, oorlede, enkel of nie getroud nie en ander. Slegs twee studente se ouers woon saam. Aangesien hierdie kategorie te klein is, is daar besluit om dit by die ongetroude kategorie te voeg. Daar is ook besluit om die geskeide en vervreemde kategorieë saam te voeg. Van die steekproef is 77.64% van die studente se ouers getroud, 13.51% is geskei of vervreem, 6.88% is oorlede en 1.97% is ongetroud of woon saam (sien Figuur 4.2).


Daar is aan die studente gevra om op 'n vyfpuntskaal aan te toon wat die kwaliteit van hul ouers se verhouding is. Die verskillende responskategorieë is baie gelukkig, gelukkig, nie gelukkig of ongelukkig nie, ongelukkig en baie ongelukkig. Die meeste studente is van mening dat hul ouers se huwelik baie gelukkig (39.15%) en gelukkig (35.66%) is. Volgens 16.46% is hul ouers se huwelik nie gelukkig of ongelukkig nie. 'n Klein

persentasie is van mening dat hul ouers se huwelik ongelukkig (5.49%) en baie ongelukkig (3.24%) is.



**FIGUUR 4.2** Ouers se huwelikstatus

Om die gesinskonflik te bepaal, is daar vier kategorieë geskep, naamlik dat ouers selde baklei, 'n paar keer per maand, 'n paar keer per week en feitlik elke dag. Die helfte van die studente is van mening dat hul ouers selde baklei, terwyl 23.74% van die studente van mening is dat hul ouers 'n paar keer per maand baklei. 'n Kleiner persentasie studente (17.68%) is van mening dat hul ouers 'n paar keer per week baklei, terwyl 8.59% van die studente se ouers volgens hulle bykans elke dag baklei (sien Figuur 4.3).



**FIGUUR 4.3** Gesinskonflik

Die oorgrote meerderheid studente is Christene (97.27%). Daar is besluit om die ander godsdienstige oortuigings in een kategorie te plaas, aangesien slegs 2.73% van die studente aan ander gelowe behoort.

Die meeste van die studente woon 'n paar keer per week (44.25%) en 'n paar keer per maand (33.74%) aan godsdienstige aktiwiteite deel. Slegs 17.36% neem selde en 4.65% neem nooit aan godsdienstige aktiwiteite deel nie.



**FIGUUR 4.4** Deelname aan godsdienstige aktiwiteite

In die volgende afdeling word die meetinstrumente wat in die navorsing gebruik is, bespreek.

#### 4.3.4 Meetinstrumente

'n Aantal meetinstrumente is gebruik om ondersoek in te stel na die voorspellers van jong volwasse studente se houdings teenoor die huwelik:

##### 4.3.4.1 Die Biografiese Vraelys

In Hoofstuk 3 is die verskillende faktore wat mense se houdings teenoor die huwelik kan beïnvloed, breedvoerig bespreek. Die Biografiese Vraelys (sien Bylae A) is aan die hand van hierdie inligting deur die navorser opgestel en bevat die volgende inligting aangaande die proefpersone:

- Geslag
- Etniese groep
- Ouderdom
- Akademiese status

- Huwelikstatus
- Ouers se huwelikstatus
- Kwaliteit van die ouers se verhouding
- Gesinskonflik
- Godsdienstige oortuiging
- Deelname aan godsdienstige aktiwiteite

Benewens die Biografiese Vraelys, is daar ook van 'n Houding teenoor die Huwelik Vraelys gebruik gemaak.

#### 4.3.4.2 Houding teenoor die Huwelik Vraelys

Die meetinstrument wat gebruik is om studente se houdings teenoor die huwelik te bepaal, is 'n wysiging van die *Marital Attitude Scale* wat deur Braaten en Rosén (1998) opgestel is (sien Bylae B). Die *Marital Attitude Scale* is 'n selfrapporteringsvraelys wat uit 23 items bestaan. Ses van die items meet die respondente se gevoelens rondom 'n eie huidige of moontlike toekomstige huwelik, terwyl die res van die items oor algemene konsepte van die huwelik handel. Vir elke item moet die respondent op 'n vierpuntskaal aantoon hoe sterk hulle met 'n stelling rakende die huwelik saamstem of daarvan verskil. Waardes van vier tot een is aan elke responskategorie toegeken. Die totale telling op die toets word verkry deur die tellings van die individuele items bymekaar te tel. Nege items is negatief bewoord, wat beteken dat die waardes van een tot vier omgekeer moes word voordat die totale telling bereken kon word. Die laagste telling wat op die toets behaal kan word, is 23 en die hoogste telling is 92. Hoër tellings dui op 'n meer positiewe houding teenoor die huwelik en omgekeerd (Braaten & Rosén, 1998).

##### a) Betroubaarheid

Volgens Braaten en Rosén (1998) is die gemiddelde telling wat op die vraelys behaal is, 55.89 vir 'n steekproef van 499 voorgraadse studente (175 mans- en 324 vrouestudente), met 'n standaardafwyking van 7.07. Die vraelys se interne betroubaarheid, soos gemeet met behulp van die alfa-koëffisiënt, was 0.82 (Braaten & Rosén, 1998).

## b) Tekortkomings

'n Aantal probleme is met die *Marital Attitude Scale* (Braaten & Rosén, 1998) ondervind, wat die navorser genoop het om die volgende wysigings aan te bring:

- Die vraelys bestaan uit slegs nege negatiewe items maar 14 positiewe items, wat 'n positiewe houding teenoor die huwelik begunstig.
- As gevolg hiervan is daar besluit om die vraelys na 22 items te verminder, waarvan 11 items positief (items 1, 2, 3, 5, 8, 11, 15, 18, 19, 21 en 22) en 11 items negatief (items 4, 6, 7, 9, 10, 12, 13, 14, 16, 17 en 20) gestel is. Die minimum telling wat verkry kan word is 22 en die maksimum telling is 88. Die teoretiese gemiddelde van die vraelys is 55. Hoër tellings dui op 'n meer positiewe houding teenoor die huwelik en omgekeerd.

### 4.3.4.3 Houding teenoor Saamwoon Vraelys

Daar bestaan tans nie 'n vraelys om houdings teenoor saamwoon te bepaal nie. Die navorser het daarom besluit om 'n Likert-tipe vraelys uit die relevante literatuur saam te stel (sien Bylae C). Die vraelys bestaan uit 10 items, en vir elke item moes 'n persoon op 'n vierpuntskaal aantoon in watter mate daar met die stelling saamgestem of verskil word. Waardes van vier tot een is aan elke responskategorie toegeken. Vyf items is positief (items 1, 2, 5, 8 en 9) en vyf items is negatief (items 3, 4, 6, 7 en 10) gestel. Die waardes van die negatiewe items moes van een tot vier omgekeer word voordat die totale telling bereken kon word. Die totale telling op die toets is verkry deur die tellings van elke item bymekaar te tel. Die minimum telling wat op die vraelys behaal kan word, is 10 wat op 'n negatiewe houding teenoor saamwoon dui. Die maksimum telling wat behaal kan word, is 40 wat op 'n positiewe houding teenoor saamwoon dui. Die teoretiese gemiddelde van die vraelys is 25. Hoër tellings dui dus op 'n meer positiewe houding teenoor saamwoon.

#### a) Betroubaarheid

In hierdie navorsing is die gemiddelde telling wat op die Houding teenoor Saamwone Vraelys vir 'n steekproef van 409 studente behaal is 23.95 met 'n variansie van 14.23 en 'n standaardafwyking van 3.77. Die vraelys se interne betroubaarheid, soos gemeet met behulp van die alfa-koëffisiënt, is 0.59.

#### b) Tekortkomings

Die tekortkomings van die vraelys is dat dit slegs uit 10 items bestaan wat moontlik die betroubaarheid negatief kan beïnvloed. Daar word dus aanbeveel dat die vraelys uit meer items saamgestel word wat waarskynlik die alfa-koëffisiënt sal verhoog.

### 4.3.5 Statistiese metode

#### 4.3.5.1 Betroubaarheid (Cronbach se alfa-koëffisiënt)

In hierdie navorsing is die verskillende houdingskale se betroubaarhede of alfa-koëffisiënte deur middel van die rekenaarprogram *Statistical Package for the Social Sciences* (SPSS) bereken. Die alfa-koëffisiënt is 'n maatstaf waarvolgens die interne konskwentheid of itemhomogeniteit gemeet word. Dit dui met ander woorde die mate aan waarin al die items in die toets dieselfde eienskap meet. 'n Hoë interne konskwentheid impliseer dat die items in die toets na ander items in die toets veralgemeen kan word, sowel as na ander toetse (parallele toetse) wat uit soortgelyke items saamgestel is (Huysamen, 1993).

Cronbach (1951) het die volgende formule vir die berekening van die alfa-koëffisiënt ontwikkel:

$$\text{Alfa-koëffisiënt} = \left\{ \frac{J}{J-1} \right\} \left\{ 1 - \frac{\text{som van die itemvariansies}}{\text{variansie van die totale toets}} \right\}$$

#### 4.3.5.2 Meervoudige regressie-ontleding

Daar is van 'n meervoudige regressie-ontleding gebruik gemaak ten einde die doel van hierdie navorsing, naamlik om die invloed van sekere onafhanklike veranderlikes (voorspeller veranderlikes) op die afhanklike veranderlike (kriterium veranderlike) te ondersoek. Die voorspeller veranderlikes is geslag, ouderdom, etniese groep, huwelikstatus, ouers se huwelikstatus, die kwaliteit van die ouers se verhouding, gesinskonflik, godsdienstige oortuiging, deelname aan godsdienstige aktiwiteite, en houding teenoor saamwoon, terwyl die kriterium veranderlike die houding teenoor die huwelik is.

Aangesien geslag, etniese groep, die student se huwelikstatus, die ouers se huwelikstatus en godsdienstige oortuiging diskrete veranderlikes is, sal daar van effek-kodering gebruik gemaak word. Volgens Pedhazur (1997) is effek-kodering soortgelyk aan fopkodering. Die koderingsgetalle wat gebruik word, is 1, 0 en -1 (Pedhazur, 1997). Die digotome veranderlikes is soos volg gekodeer: geslag (mans = 0, vroue = 1); etniese groep (swart = 0, wit = 1); student se huwelikstatus (ongetroud = 0, getroud = 1); godsdienstige oortuiging (Christen = 0, ander oortuigings = 1). Die aantal gekodeerde vektore word bepaal deur een van die aantal groepe of kategorieë af te trek. In die geval van meer as een kategorie, soos die ouers se huwelikstatus, is daar dus drie fopveranderlikes. Die huwelikstatus wat met die bepaalde kategorie ooreenstem, word 1 gekodeer onder daardie fopveranderlike en die res word 0 gekodeer. Dieselfde geld vir die oorblywende twee fopveranderlikes. Die oorblywende kategorie waarvoor geen afsonderlike

fopveranderlikes geskep is nie, word by al die ander fopveranderlikes -1 gekodeer (Pedhazur, 1997).

In die statistiese verwerking van die probleem om die invloed van sekere onafhanklike veranderlikes op 'n afhanklike veranderlike te bepaal, word daar van 'n lineêre verband tussen die voorspeller veranderlikes en die kriteriumveranderlike gebruik gemaak, wat as die meervoudige regressievergelyking bekend staan (Huysamen, 1993). Wanneer daar drie voorspeller veranderlikes is, kan die vergelyking soos volg gestel word:

$$Y^1 = b_1x_1 + b_2x_2 + b_3x_3 + a$$

$Y^1$  = voorspelde waarde van die kriterium

a = (konstante) die waarde van Y as alle  $x = 0$

b = regressiekoëffisiënte

x = die waardes van die voorspellers

Die regressiekoëffisiënt gee 'n aanduiding van die bydrae wat die bepaalde veranderlike tot die voorspelling van die kriterium lewer, en hoe groter die absolute gewig is, hoe groter is die bydrae wat gelewer word. Die grootte van die gewig hang nie net af van die korrelasie wat dit met die kriteriumveranderlike het nie, maar ook van die korrelasie met die ander voorspeller veranderlikes. Daar is 'n direkte verband tussen die voorspeller veranderlike en die kriterium, en 'n indirekte verband tussen die voorspeller veranderlike en ander voorspeller veranderlikes (Huysamen, 1993; Pedhazur, 1997).

Die gekwadreerde korrelasie tussen die voorspeller- en die kriteriumveranderlike dui op die proporsie variansie wat deur die voorspeller veranderlike verklaar word. Dit word die bepaaldheidskoëffisiënt ( $R^2$ ) genoem en kan ook soos volg uitgedruk word:

$$R^2 = 1 - (\text{onverklaarde variansie in } Y / \text{totale variansie in } Y)$$

Indien Y perfek verklaar word, is alle residu's = 0, en  $R^2 = 1$ . Indien  $R^2 = 0$ , kan niks van die variansie van Y deur die voorspeller veranderlikes verklaar word nie. Aan die hand van bogenoemde is dit dus duidelik dat die vergelyking  $1 - R^2$  gelyk is aan die proporsie variansie wat nie verklaar kan word nie, of 'n fout is (Pedhazur, 1997).

In hierdie navorsing gaan hipotesetoetsing gedoen word waar daar bepaal word of die korrelasiekoëffisiënt betekenisvol van nul verskil (Huysamen, 1997). Die toetsstatistiek wat in hierdie verband gebruik word, kan soos volg gestel word (Pedhazur, 1997):

$$F = \frac{R^2 / k}{(1 - R^2) / (N - k - 1)}$$

$N =$  steekproefgrootte       $k =$  aantal onafhanklike veranderlikes  
 $k - 1 =$  vryheidsgrade

In die uitvoering van hierdie navorsing sal daar eerstens 'n stapsgewyse regressie-ontleding uitgevoer word om te bepaal watter veranderlikes die kriterium beduidend voorspel. Tweedens sal al die voorspellers gelyktydig tot die regressievergelyking toegevoeg word. Daarna sal 'n reeks regressies uitgevoer word waarin een van die voorspellers telkens weggelaat sal word. Sodoende kan die persentasie variansie wat uniek deur 'n voorspeller verklaar is, bepaal word deur die variansie wat sonder die veranderlike verklaar is van die persentasie variansie wat gesamentlik deur al die voorspellers verklaar is, af te trek. Die data gaan deur middel van die SPSS-programmatuur verwerk word.

In die volgende hoofstuk sal die navorsingsresultate breedvoerig bespreek word.

## RESULTATE EN BESPREKING VAN DIE RESULTATE

### 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingsresultate wat verkry is met betrekking tot die doelstelling en hipotese wat gestel is, bespreek. Eerstens sal die resultate wat met die houdingsvraelyste verkry is, bespreek word. Daarna sal die resultate van die meervoudige regressie-ontledings weergegee word.

### 5.2 RESULTATE MET BETREKKING TOT STUDENTE SE HOUDINGS TEENOR DIE HUWELIK EN SAAMWOON

In die volgende afdeling sal die resultate wat op die houdingsvraelyste verkry is, bespreek word. Daar sal veral ondersoek ingestel word na die statistiese resultate (die betroubaarheid, die gemiddeldes en standaardafwykings) wat verkry is.

#### 5.2.1 Toetsbetroubaarheid

Die betroubaarheid van die gewysigde *Marital Attitude Scale* asook die Houding teenoor Saamwoon Vraelys is in hierdie studie ondersoek. Die resultate is soos volg:

TABEL 5.1 Die betroubaarheidskoeffisiënte van die metingskale

| <b>Metingskaal</b>                  | <b>Alfa-koeffisiënt (<math>\alpha</math>)</b> |
|-------------------------------------|-----------------------------------------------|
| Houding teenoor die Huwelik Vraelys | 0.74                                          |
| Houding teenoor Saamwoon Vraelys    | 0.59                                          |

Uit bogenoemde blyk dit dat eersgenoemde vraelys oor 'n goeie betroubaarheid beskik. Die tweede betroubaarheidskoëffisiënt is nie so hoog nie, maar Huysamen (1978) is van mening dat koëffisiënte so laag soos 0.50 in sosiale navorsing as voldoende beskou kan word.

### 5.2.2 Gemiddeldes en standaardafwykings van al die gegewens

Die navorsingshipotese wat in 4.2 geformuleer is, postuleer dat daar 'n lineêre verband tussen jong volwasse studente se houding teenoor die huwelik, 'n aantal biografiese veranderlikes en houding teenoor saamwoon is. Die gemiddeldes en standaardafwykings wat die verband voorafgaan, is die volgende:

**TABEL 5.2 Gemiddeldes en standaardafwykings van die voorspeller veranderlikes ten opsigte van studente se houdings teenoor die huwelik**

| <i>Voorspellers</i>              |                   | <i>Gem. telling</i> | <i>Standaardafwyking</i> |
|----------------------------------|-------------------|---------------------|--------------------------|
| <b>Etniese groep:</b>            | <b>Swart</b>      | 61.53               | 7.17                     |
|                                  | <b>Wit</b>        | 65.25               | 6.48                     |
| <b>Geslag:</b>                   | <b>Mans</b>       | 64.17               | 7.18                     |
|                                  | <b>Vroue</b>      | 63.25               | 6.97                     |
| <b>Studiejaar:</b>               | <b>Voorgraads</b> | 63.62               | 6.99                     |
|                                  | <b>Nagraads</b>   | 63.13               | 7.47                     |
| <b>Student huwelikstatus:</b>    | <b>Getroud</b>    | 65.07               | 6.63                     |
|                                  | <b>Ongetroud</b>  | 63.47               | 7.07                     |
| <b>Ouers huwelikstatus:</b>      | <b>Getroud</b>    | 63.89               | 6.74                     |
|                                  | <b>Ongetroud</b>  | 64.06               | 9.28                     |
|                                  | <b>Geskei</b>     | 63.25               | 8.21                     |
|                                  | <b>Dood</b>       | 61.00               | 6.66                     |
| <b>Godsdienstige oortuiging:</b> | <b>Christen</b>   | 63.65               | 7.00                     |
|                                  | <b>Ander</b>      | 59.14               | 8.70                     |

Die gemiddelde telling wat op die Houding teenoor die Huwelik Vraelys behaal is, is 63.55 met 'n standaardafwyking van 7.07. Al die gemiddelde tellings wat behaal is, is hoër as die teoretiese gemiddelde van 55 (sien Tabel 5.2). Dit wil dus voorkom of die studente se houding teenoor die huwelik deurgaans positief is.

Wit studente het 'n hoër gemiddelde telling as swart studente op die Houding teenoor die Huwelik Vraelys wat moontlik daarop kan dui dat hulle positiewer houdings teenoor die huwelik het. Net so het mans 'n hoër gemiddelde houdingstelling as vroue.

Studente wat getroud is, het 'n hoër gemiddelde telling as ongetroude studente op die houdingsvraelys behaal. Soos reeds in afdeling 3.4.1 genoem is, lei die direkte ervaring van 'n houdingsobjek tot sterker houdings as wanneer daar slegs oor die houdingsobjek geles of van gehoor is (Worchel et al., 2000). Dit is dus duidelik dat die studente wat getroud is ervaring van die huwelik het en dus sterker houdings daarteenoor het as studente wat nie getroud is nie.

Christene het 'n hoër gemiddelde houdingstelling as studente van ander godsdienstige oortuigings.

Die gemiddeldes en standaardafwykings wat op die Houding teenoor Saamwoon Vraelys behaal is, word in Tabel 5.3 weergegee.

Die gemiddelde telling wat op die Houding teenoor Saamwoon Vraelys behaal is, is 23.95 met 'n standaardafwyking van 3.77. Die gemiddelde tellings wat behaal is, is deurgaans laer as die teoretiese gemiddelde van 25 (sien Tabel 5.3). Dit wil dus voorkom of die studente se houding teenoor saamwoon negatief is.

**TABEL 5.3 Gemiddeldes en standaardafwykings van die voorspeller veranderlikes ten opsigte van studente se houdings teenoor saamwoon**

| <b>Voorspellers</b>              |                   | <b>Gem. telling</b> | <b>Standaardafwyking</b> |
|----------------------------------|-------------------|---------------------|--------------------------|
| <b>Etniese groep:</b>            | <b>Swart</b>      | 24.36               | 3.70                     |
|                                  | <b>Wit</b>        | 23.60               | 3.81                     |
| <b>Geslag:</b>                   | <b>Mans</b>       | 24.57               | 3.81                     |
|                                  | <b>Vroue</b>      | 23.64               | 3.72                     |
| <b>Studiejaar:</b>               | <b>Voorgraads</b> | 24.06               | 3.80                     |
|                                  | <b>Nagraads</b>   | 23.22               | 3.52                     |
| <b>Student huwelikstatus:</b>    | <b>Getroud</b>    | 23.34               | 4.06                     |
|                                  | <b>Ongetroud</b>  | 23.98               | 3.76                     |
| <b>Ouers huwelikstatus:</b>      | <b>Getroud</b>    | 23.95               | 3.75                     |
|                                  | <b>Ongetroud</b>  | 23.25               | 2.90                     |
|                                  | <b>Geskei</b>     | 23.84               | 4.02                     |
|                                  | <b>Dood</b>       | 24.11               | 3.96                     |
| <b>Godsdienstige oortuiging:</b> | <b>Christen</b>   | 23.93               | 3.80                     |
|                                  | <b>Ander</b>      | 24.77               | 2.58                     |

Swart studente het 'n hoër gemiddelde telling as die wit studente op die Houding teenoor Saamwoon Vraelys. Dit is die teenoorgestelde resultate as wat op die Houding teenoor die Huwelik Vraelys behaal is, waar swart studente 'n laer gemiddelde telling het. Dit wil dus voorkom of hulle positiewer houdings as die wit studente teenoor saamwoon het. Net so het mans 'n hoër gemiddelde houdingstelling as die vroue op hierdie vraelys behaal.

TABEL 5.4 Interkorrelasiematriks van al die veranderlikes

| <b>Veranderlike</b>                          | <b>1</b> | <b>2</b> | <b>3</b> | <b>4</b> | <b>5</b> | <b>6</b> | <b>7</b> | <b>8</b> | <b>9</b> | <b>10</b> | <b>11</b> | <b>12</b> | <b>13</b> | <b>14</b> |
|----------------------------------------------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|----------|-----------|-----------|-----------|-----------|-----------|
| <b>1. Houding huwelik</b>                    | 1.00     |          |          |          |          |          |          |          |          |           |           |           |           |           |
| <b>2. Houding saamwoon</b>                   | -0.29**  | 1.00     |          |          |          |          |          |          |          |           |           |           |           |           |
| <b>3. Geslag</b>                             | -0.06    | -0.12*   | 1.00     |          |          |          |          |          |          |           |           |           |           |           |
| <b>4. Etniese groep</b>                      | 0.26**   | -0.10*   | 0.07     | 1.00     |          |          |          |          |          |           |           |           |           |           |
| <b>5. Ouderdom</b>                           | -0.07    | -0.04    | -0.07    | -0.10*   | 1.00     |          |          |          |          |           |           |           |           |           |
| <b>6. Akademiese status</b>                  | 0.01     | -0.05    | 0.03     | 0.15**   | 0.27**   | 1.00     |          |          |          |           |           |           |           |           |
| <b>7. Huwelikstatus (student)</b>            | 0.05     | -0.04    | 0.01     | 0.00     | 0.53**   | 0.13*    | 1.00     |          |          |           |           |           |           |           |
| <b>8. Huwelikstatus (ouers): Getroud</b>     | 0.09*    | 0.00     | -0.02    | 0.18**   | -0.17**  | 0.03     | -0.10*   | 1.00     |          |           |           |           |           |           |
| <b>9. Ongetroud</b>                          | 0.09     | -0.02    | -0.08    | 0.03     | -0.16**  | 0.03     | -0.11*   | 0.60**   | 1.00     |           |           |           |           |           |
| <b>10. Geskei</b>                            | 0.04     | -0.01    | -0.07    | 0.01     | -0.10*   | 0.03     | -0.04    | 0.08     | 0.55**   | 1.00      |           |           |           |           |
| <b>11. Kwaliteit van ouers se verhouding</b> | -0.19**  | 0.04     | 0.06     | -0.08    | 0.03     | 0.01     | 0.03     | -0.29**  | 0.02     | 0.38**    | 1.00      |           |           |           |
| <b>12. Gesinskonflik</b>                     | 0.14**   | -0.06    | -0.04    | -0.06    | 0.07     | -0.02    | 0.06     | 0.08     | 0.02     | -0.18**   | -0.53**   | 1.00      |           |           |
| <b>13. Deelname godsdiens aktiwiteite</b>    | -0.31**  | 0.26**   | -0.08    | -0.14**  | 0.09     | -0.02    | 0.08     | -0.15**  | -0.07    | -0.03     | 0.20**    | 0.00      | 1.00      |           |
| <b>14. Godsdienstige oortuiging</b>          | 0.10*    | -0.04    | 0.17**   | 0.12*    | -0.10*   | -0.05    | -0.03    | -0.01    | -0.08    | -0.04     | -0.05     | 0.02      | -0.03     | 1.00      |

\*\*  $p \leq 0.01$     \*  $p \leq 0.05$

### 5.2.3 Interkorrelasiematriks

In Tabel 5.4 word die resultate van die verbande tussen die veranderlikes in 'n interkorrelasiematriks weergegee. Die matriks bevat die korrelasiekoëffisiënte asook die vlak van beduidendheid. Die voorspellers wat op die 1%-peil beduidend met houdings teenoor die huwelik korreleer, sal vervolgens bespreek word.

Deelname aan godsdienstige aktiwiteite het die sterkste verband met houdings teenoor die huwelik, naamlik -0.31. Studente moes aantoon hoe gereeld hulle aan godsdienstige aktiwiteite deelneem. Die leser moet egter daarop let dat die kategorieë as volg gekwantifiseer is: 'n paar keer per week = 1; 'n paar keer per maand = 2; selde = 3 en nooit = 4. Hieruit blyk dit dat hoe meer dikwels studente aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, hoe positiewer is hul houdings teenoor die huwelik. Net so het deelname aan godsdienstige aktiwiteite die sterkste korrelasie (0.26) met houdings teenoor saamwoon. Hoe minder daar aan godsdienstige aktiwiteite deelgeneem word, hoe positiewer is studente se houdings teenoor saamwoon en omgekeerd.

Die voorspeller wat die tweede hoogste met houdings teenoor die huwelik korreleer, is houding teenoor saamwoon. Daar is 'n negatiewe verband van 0.29 tussen houdings teenoor die huwelik en saamwoon. Hoe positiewer studente se houdings teenoor die huwelik is, hoe minder positief is hul houdings teenoor saamwoon en omgekeerd.

Etniese groep is nog 'n voorspeller wat beduidend met die kriterium korreleer, naamlik 0.26. In die statistiese verwerking van die data is swart studente 0 en wit studente 1 gekodeer. Hieruit blyk dit dat wit studente positiewer houdings teenoor die huwelik as swart studente het.

Die kwaliteit van die studente se ouers se verhouding is die voorspeller wat die vierde hoogste met houding teenoor die huwelik korreleer. Die studente moes op 'n vyfpunt skaal aantoon hoe gelukkig hulle hul ouers se verhouding beskou, waar die kategorieë as volg gekwantifiseer is: baie gelukkig = 1; gelukkig = 2; nie gelukkig of ongelukkig nie = 3; ongelukkig = 4 en baie ongelukkig = 5. Daar is 'n negatiewe verband

van 0.19 gevind wat daarop dui dat hoe ongelukkiger die studente hul ouers se verhouding beskou, hoe minder positief is hul houdings teenoor die huwelik.

Daar is 'n postiewe verband van 0.14 tussen gesinkonflik en studente se houdings teenoor die huwelik. Die studente moes aantoon hoe gereeld hul ouers baklei. Die kategorieë is as volg gekwantifiseer: omtrent elke dag = 1; 'n paar keer per week = 2; 'n paar keer per maand = 3 en selde = 4. Hoe minder die studente se ouers dus baklei, hoe positiewer is hul houdings teenoor die huwelik.

In die volgende afdeling word die resultate wat met die meervoudige regressie-ontledings verkry is, bespreek.

### 5.3 MEERVOUDIGE REGRESSIE-ONTLEDINGS

In 4.2 is gepostuleer dat daar 'n lineêre verband tussen houding teenoor die huwelik en 'n aantal voorspeller veranderlikes is. Tabel 5.5 bevat die resultate van 'n stapsgewyse meervoudige regressie-ontleding wat uitgevoer is om die navorsingshipotese te toets. Dit bevat besonderhede oor die veranderlikes wat agtereenvolgens geselekteer is, meervoudige korrelasies (R), proporsies variansie wat verklaar word ( $R^2$ ), die standaardskattingsfoute, vryheidsgrade (v) en F-waardes vir bepaling van die beduidendhede:

TABEL 5.5 Resultate van 'n stapsgewyse meervoudige regressie-ontleding

| Stap | Veranderlikes                              | R     | $R^2$ | Standaard-<br>fout | v      | F         |
|------|--------------------------------------------|-------|-------|--------------------|--------|-----------|
| 1    | Deelname aan<br>godsdiensstige aktiwiteite | 0.206 | 0.042 | 6.716              | 1: 382 | 41.607 ** |
| 2    | Houding teenoor<br>saamwoon                | 0.200 | 0.039 | 6.762              | 2: 381 | 35.918 ** |
| 3    | Etniese groep                              | 0.196 | 0.038 | 6.827              | 3: 380 | 28.088 ** |
| 4    | Gesinskonflik                              | 0.062 | 0.003 | 7.016              | 4: 379 | 6.239 **  |
| 5    | Geslag                                     | 0.107 | 0.011 | 7.067              | 5: 378 | 0.639 **  |

\*\*  $p \leq 0.01$       \*  $p \leq 0.05$

Volgens die resultate wat met die stapsgewyse regressie-ontleding verkry is, blyk dit dat deelname aan godsdienstige aktiwiteite die beste voorspeller van studente se houdings teenoor die huwelik is, gevolg deur houding teenoor saamwoon, etniese groep, gesinskonflik en geslag.

In Tabel 5.6 word die proporsie van die variansie ( $R^2$ ) wat deur al die voorspellers verklaar word, weergegee. Die voorspeller veranderlikes verklaar altesaam 24.23% van die variansie van studente se houdings teenoor die huwelik. Deelname aan godsdienstige aktiwiteite en houdings teenoor saamwoon verklaar die grootste persentasie van die variansie van studente se houdings teenoor die huwelik, naamlik 4.23% en 3.99% onderskeidelik. Dan volg etniese groep en geslag wat onderskeidelik 3.86% en 1.15% van die variansie van die kriterium veranderlike verklaar.

**TABEL 5.6 Die proporsie en persentasie van die variansie wat deur al die voorspellers verklaar word**

| Voorspeller veranderlikes              | Proporsie unieke | Persentasie      |
|----------------------------------------|------------------|------------------|
|                                        | variensie        | unieke variensie |
|                                        | ( $R^2$ )        | ( $R^2$ )        |
| 1. Houdings teenoor saamwoon           | 0.0399           | 3.99             |
| 2. Geslag                              | 0.0115           | 1.15             |
| 3. Etniese groep                       | 0.0386           | 3.86             |
| 5. Ouderdom                            | 0.0054           | 0.54             |
| 6. Studiejaar                          | 0.0001           | 0.01             |
| 7. Student se huwelikstatus            | 0.0034           | 0.34             |
| 8. Ouers se huwelikstatus              | 0.0075           | 0.75             |
| 9. Kwaliteit van ouers se verhouding   | 0.0053           | 0.53             |
| 10. Gesinskonflik                      | 0.0039           | 0.39             |
| 11. Godsdienstige oortuiging           | 0.0066           | 0.66             |
| 12. Deelname aan godsdiens-aktiwiteite | 0.0423           | 4.23             |
| Alle veranderlikes gesamentlik         | 0.2423           | 24.23            |

In die volgende afdeling sal die vyf geïdentifiseerde voorspeller veranderlikes bespreek word.

## 5.4 BESPREKING VAN VERKREË RESULTATE

Alhoewel daar 'n aantal voorspellers is wat tot die variansie van studente se houdings teenoor die huwelik bydra, sal daar slegs op die beduidende voorspeller veranderlikes wat met die stapsgewyse meervoudige regressie-ontleding geïdentifiseer is, gefokus word.

### 5.4.1 Deelname aan godsdienstige aktiwiteite

Deelname aan godsdienstige aktiwiteite was die beste voorspeller van studente se houdings teenoor die huwelik. Soos reeds in afdeling 5.3 genoem, verklaar deelname aan godsdienstige aktiwiteite 4.23% van die variansie van die kriterium en het dit 'n korrelasie van -0.31 met houdings teenoor die huwelik (sien Tabel 5.4). Volgens hierdie resultate blyk dit dat hoe minder die studente aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, hoe minder positief is hul houdings teenoor die huwelik. 'n Hoër deelname aan godsdienstige aktiwiteite korreleer sterk met positiewe houdings teenoor die huwelik.

Die teenoorgestelde resultate is met studente se houdings teenoor saamwoon gekry. Hoe minder die studente aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, hoe positiewer is hul houdings teenoor saamwoon en hoe meer hulle aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, hoe minder positief is hul houdings teenoor saamwoon.

Hierdie resultate kom met die bevindinge van Thornton et al. (1992) en Wu en Balakrishnan (1992) ooreen. Volgens die navorsing van Thornton et al. (1992) beïnvloed deelname aan godsdienstige aktiwiteite en godsdienstige oortuiging jong volwassenes se gedrag ten opsigte van saamwoon en die huwelik. Mense wat min aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, is eerder geneig om saam te woon as om te trou. Deelname aan godsdienstige aktiwiteite is ook 'n beter voorspeller van die huwelik en saamwoon as godsdienstige oortuiging (Thornton et al., 1992). Volgens Wu en Balakrishnan (1992) het

mense wat gereeld kerkdienste bywoon, meer konserwatiewe houdings teenoor die verskillende lewenstyle.

In hierdie navorsing is daar dus gevind dat studente wat gereeld godsdienstige aktiwiteite bywoon positiewer houdings teenoor die huwelik en minder positiewe houdings teenoor saamwoon het. Deelname aan godsdienstige aktiwiteite is ook 'n beter voorspeller van studente se houdings teenoor die huwelik as godsdienstige oortuiging.

#### **5.4.2 Houdings teenoor saamwoon**

Die tweede beste voorspeller van studente se houdings teenoor die huwelik is hul houdings teenoor saamwoon. In afdeling 5.3 is uiteengesit dat hierdie voorspeller 3.99% van die variansie van die kriterium verklaar en daar 'n korrelasie van -0.29 tussen houdings teenoor saamwoon en die huwelik is (sien Tabel 5.4). Uit hierdie resultate blyk dit dus dat hoe positiewer die studente se houdings teenoor die huwelik is, hoe minder positief is hul houdings teenoor saamwoon en omgekeerd. Hierdie resultate blyk in ooreenstemming te wees met die resultate van Axinn en Thornton (1993) waar daar 'n verband tussen die toename in die positiewe houdings teenoor saamwoon en die afname in die voorkoms van huwelike gevind is.

#### **5.4.3 Etniese groep**

Die etniese groep waaraan die studente behoort, is die derde beste voorspeller van hul houdings teenoor die huwelik. Dit verklaar 3.86% van die variansie van die kriterium (sien die bespreking onder afdeling 5.3). Wit studente het 'n positiewer houding teenoor die huwelik as swart studente.

Die teenoorgestelde resultate is met studente se houdings teenoor saamwoon gekry. Die swart studente het 'n positiewer houding teenoor saamwoon as wit studente.

Volgens Motshologane (1997) kom saamwoonverhoudings algemeen by swart Suid-Afrikaners voor. Volgens Le Roux is die saamwoonkoerse onder wittes in Suid-Afrika

(1997) egter redelik laag. Die resultate in hierdie studie blyk in ooreenstemming hiermee te wees waar die swart studente positiewer houdings teenoor saamwoon, en die wit studente positiewer houdings teenoor die huwelik het.

#### 5.4.4 Gesinskonflik

Die konflik wat in die ouerhuis voorkom, is die vierde beste voorspeller van studente se houdings teenoor die huwelik. Dit verklaar 0.39% van die variansie van die kriterium en daar is 'n verband van 0.14 (sien Tabel 5.4) tussen gesinskonflik en houdings teenoor die huwelik. Dit blyk dus uit hierdie navorsing dat hoe meer gesinskonflik voorkom, hoe minder positief is die studente se houdings teenoor die huwelik en omgekeerd. Hierdie resultate kom met dié van Jennings et al. (1992) en Kinnaird en Gerrard (1986) ooreen waar daar gevind is dat kinders wat met baie gesinskonflik grootgeword het, minder gunstige houdings teenoor die huwelik het.

Daar is in hierdie navorsing ook 'n verband van -0.06 (sien Tabel 5.4) tussen die gesinskonflik en studente se houdings teenoor saamwoon gevind. Hoe meer gesinskonflik voorkom, hoe meer positief is die studente se houdings teenoor saamwoon en hoe minder die gesinskonflik is, hoe negatiewer is hul houdings teenoor saamwoon.

Dit is uit hierdie resultate duidelik dat dit eerder gesinskonflik as die ouers se huwelikstatus en die kwaliteit van die ouers se verhouding is wat studente se houdings teenoor die huwelik en saamwoon beïnvloed.

#### 5.4.5 Geslag

Geslag is die vyfde beste voorspeller van studente se houdings teenoor die huwelik. Dit is in afdeling 5.3 bespreek dat geslag 1.15% van die variansie van die kriterium verklaar. Mans het 'n positiewer houding teenoor die huwelik as vroue.

Dieselfde resultate is op die Houding teenoor Saamwoon Vraelys verkry. Mans het positiewer houdings teenoor saamwoon as vroue. Dit wil dus voorkom of mans positiewer houdings as vroue teenoor sowel die huwelik as saamwoon het.

Hierdie resultate stem met dié wat in Amerika deur Oropesa (1996) gedoen is, ooreen. Daar is ondersoek ingestel na Meksikaanse Amerikaners, Puerto Rikane en wittes se houdings teenoor die huwelik. Daar is gevind dat mans positiewer teenoor die huwelik as vroue is. 'n Verklaring wat hiervoor gegee is, is dat die mans voordele uit geslagsrolverdeling in die huwelik kry, en dus meer in die voordele van die huwelik as vroue glo. Dit het moontlik daartoe bygedra dat hul houdings positiewer teenoor die huwelik is.

Dit is ook moontlik dat mans in hierdie navorsing meer voordele uit die huwelik en uit saamwoonverhoudings kry, en dat hul houdings dus meer positief as dié van vroue teenoor albei vorms van verbintenisse is.

## 5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate wat met die navorsing verkry is, bespreek. Daar is met behulp van meervoudige regressie-ontledings gevind dat vyf voorspellers beduidend met studente se houdings teenoor die huwelik korreleer. Hierdie vyf voorspellers is: Deelname aan godsdienstige aktiwiteite, houdings teenoor saamwoon, etniese groep, gesinskonflik en geslag. In die volgende hoofstuk verskyn die gevolgtrekkings wat gemaak is, asook aanbevelings vir verdere ondersoeke.

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 6.1 GEVOLGTREKKINGS

In hierdie navorsing is daar ondersoek ingestel na die faktore wat studente van die Universiteit van die Vrystaat se houdings teenoor die huwelik voorspel.

Daar is gevind dat die studente deurgaans positiewe houdings teenoor die huwelik en negatiewe houdings teenoor saamwoon het. Die volgende faktore het die kriterium beduidend voorspel:

1. Deelname aan godsdienstige aktiwiteite
2. Houdings teenoor saamwoon
3. Etniese groep
4. Gesinskonflik
5. Geslag

Die volgende is ten opsigte van die beduidende voorspellers gevind:

- Hoe meer dikwels studente aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, hoe positiewer is hul houdings teenoor die huwelik en hoe minder positief is hul houdings teenoor saamwoon.
- Houdings teenoor saamwoon is ook 'n beduidende voorspeller van studente se houdings teenoor die huwelik. Hoe positiewer studente se houdings teenoor saamwoon is, hoe minder positief is hul houdings teenoor die huwelik en omgekeerd.

- Wit studente se houdings teenoor die huwelik is positiewer as dié van swart studente, terwyl swart studente se houdings teenoor saamwoon positiewer as dié van wit studente is. Dit blyk dus dat alhoewel die huwelik 'n belangrike lewenstyl vir die verskillende etniese groepe is, swart studente positiewer houdings teenoor saamwoon het.
- Hoe meer gesinskonflik voorkom, hoe minder positief is die studente se houdings teenoor die huwelik en hoe positiewer is hul houdings teenoor saamwoon. Hoe minder die gesinskonflik is, hoe positiewer is hul houdings teenoor die huwelik en hoe minder positief is hul houdings teenoor saamwoon. Dit blyk dus dat dit eerder gesinskonflik as die kwaliteit van die ouers se verhouding en hul huwelikstatus is wat studente se houdings teenoor die huwelik beïnvloed.
- Mans het positiewer houdings teenoor die huwelik en saamwoon as vroue.

Dit is egter moontlik dat daar ander faktore kan wees wat mense se houdings teenoor die huwelik voorspel, bo en behalwe die voorspellers wat in hierdie navorsing ingesluit is.

Uit al hierdie inligting wil dit voorkom of die huwelik se dae nie getel is nie, aangesien jong volwassenes positiewe houdings teenoor die huwelik en negatiewe houdings teenoor saamwoon het.

## 6.2 KRITIEK EN AANBEVELINGS

Na aanleiding van hierdie navorsing, kan die volgende punte van kritiek en gepaardgaande aanbevelings gemaak word:

- Hierdie navorsing is slegs op studente van die Universiteit van die Vrystaat gedoen. Dit is dus nie moontlik om die navorsingsresultate na alle studentepopulasies in Suid-Afrika te veralgemeen nie. Net so kan die resultate nie na ander jong volwassenes veralgemeen word nie. Daar word dus aanbeveel dat

soortgelyke navorsing op sowel studente van ander universiteite as op nie-studente populasies uitgevoer word.

- Daar is slegs ondersoek na swart en wit studente se houdings teenoor die huwelik ingestel. Daar word aanbeveel dat daar in toekomstige navorsing op al die verskillende populasiegroepe in Suid-Afrika, insluitende die Asiërs en Kleurlinge, gefokus word.
- Aangesien daar nie 'n vraelys is om houdings teenoor saamwoon te bepaal nie, is dit deur die navorser opgestel. In toekomstige navorsing kan hierdie vraelys uitgebrei en aangepas word om die betroubaarheid te verhoog, asook om 'n meer omvattende vraelys beskikbaar te stel.
- Aangesien die resultate van hierdie navorsing daarop dui dat 'n groot gedeelte van die variansie van houdings teenoor die huwelik nie deur die voorspellers verklaar is nie, is dit duidelik dat daar heelwat ongeïdentifiseerde voorspellers kan wees. Dit kan tot 'n verdere navorsingsondersoek lei.
- In hierdie navorsing is geografiese ligging nie as voorspeller van houdings teenoor die huwelik ingesluit nie, aangesien daar slegs op die studente van die Universiteit van die Vrystaat gefokus is. Volgens die navorsing wat deur Wu en Balakrishnan (1992) in Kanada gedoen is, speel geografiese ligging wel 'n rol in mense se houdings teenoor die verskillende lewenstyle.
- Opleiding is nog 'n faktor wat mense se houdings teenoor die huwelik beïnvloed. In hierdie navorsing is daar slegs wat voorgraadse en nagraadse studie betref na studente se opleidingsvlak ondersoek ingestel. In verdere navorsing kan die houdings van mense met tersiêre, sekondêre en primêre opleiding vergelyk word.
- Daar kan ook in toekomstige navorsing meer uitgebreid ondersoek ingestel word na die verband tussen houdings teenoor saamwoon en houdings teenoor die huwelik, asook die aard van saamwoonverhoudings.

## OPSOMMING

---

Lewenstyle en interpersoonlike verhoudings het reg oor die wêreld heen, insluitend Suid-Afrika, dramaties verander. Daar was 'n afname in huwelikskoerse, 'n toename in saamwoonverhoudings en 'n toename in die ouderdom waarop daar vir die eerste keer in die huwelik getree is. Nog 'n tendens wat aangetref is, is die toename in egskeidings. Dit is egter nie net die vestiging van interpersoonlike verhoudings wat verander het nie, maar ook die samelewing se norme en reëls aangaande die lewenstyle. Daar was 'n uitbreiding van die gedrag wat as aanvaarbaar beskou is. Al hierdie faktore het tot die vrees gelei dat die huwelik se dae getel is.

Aan die hand van die veranderings wat plaasgevind het, is daar in hierdie navorsing ondersoek ingestel na die faktore wat jong volwassenes se houdings teenoor die huwelik voorspel.

Die navorsing is op jong volwasse studente van verskillende geslagte, etniese groepe, ouderdomme, jaargroepe en fakulteite van die Universiteit van die Vrystaat gedoen. Die volgende voorspeller veranderlikes is in die navorsing ingesluit:

1. Biografiese gegewens:

- Geslag
- Etniese groep
- Ouderdom
- Akademiese status
- Huwelikstatus van studente
- Ouers se huwelikstatus
- Kwaliteit van die ouers se verhouding
- Gesinskonflik
- Godsdienstige oortuiging
- Deelname aan godsdienstige aktiwiteite

2. Houdings teenoor saamwoon

Drie verskillende vraclyste (Biografiese Vraclys, Houding teenoor die Huwelik Vraclys en Houding teenoor Saamwoon Vraclys) is by 409 proefpersone afgeneem. Na aanleiding van die resultate is daar tot die volgende slotsom gekom:

- Studente het positiewe houdings teenoor die huwelik en negatiewe houdings teenoor saamwoon.
- Daar is met behulp van meervoudige regressie-ontledings bepaal dat al die voorspellers 24.23% van die variansie van studente se houdings teenoor die huwelik verklaar.
- Daar is vyf beduidende voorspellerwreanderlikes geïdentifiseer wat studente se houdings teenoor die huwelik voorspel, naamlik deelname aan godsdienstige aktiwiteite, houdings teenoor saamwoon, etniese groep, gesinskonflik en geslag.
- Hoe meer studente aan godsdienstige aktiwiteite deelneem, hoe meer positief is hul houdings teenoor die huwelik en hoe minder positief is hul houdings teenoor saamwoon.
- Hoe meer positief studente se houdings teenoor saamwoon is, hoe minder positief is hul houdings teenoor die huwelik en omgekeerd.
- Wit studente het positiewer houdings teenoor die huwelik as swart studente, terwyl swart studente positiewer houdings teenoor saamwoon as wit studente het.
- Hoe meer gesinskonflik voorkom, hoe minder positief is die studente se houdings teenoor die huwelik en hoe positiewer is hul houdings teenoor saamwoon. Hoe minder die gesinskonflik is, hoe positiewer is hul houdings teenoor die huwelik en hoe minder positief is hul houdings teenoor saamwoon.
- Mans het positiewer houdings teenoor saamwoon en die huwelik as vroue.

Uit al hierdie resultate wil dit voorkom of die huwelik se dae nie getel is nie, aangesien jong volwassenes steeds positiewe houdings teenoor die huwelik het.

## *SUMMARY*

---

Lifestyles and interpersonal relationships have changed around the world, including South Africa. There has been a decline of marriage rates, a postponement of marriage, and an increase in the cohabitation and divorce rates. Not only has there been a change in lifestyles, but also in the norms and rules regarding behavior that is perceived as appropriate. These tendencies lead to the fear that the institution of marriage was disintegrating.

Seen in the light of these changes, the focus of this research was to determine which factors are the best predictors of students' attitudes towards marriage.

This research was conducted amongst young adult students of both genders, and different ethnic groups, ages, year groups, and faculties of the University of the Free State. To determine which factors were the best predictors of students' attitudes towards marriage, the following variables were included:

1. Biographical information:
  - Gender
  - Ethnic group
  - Age
  - Academic status
  - Marriage status
  - Parents' marriage status
  - The quality of the parents' relationship
  - Conflict in the family
  - Religious affiliation
  - Participation in religious activities
2. Attitudes towards cohabitation

Three different questionnaires, a Biographical Questionnaire, Marriage Attitude Scale, and Cohabitation Attitude Scale, were completed by 409 students. The following conclusions were made:

- The students had positive attitudes towards marriage and negative attitudes towards cohabitation.
- It was computed with multiple regression that all the variables predicted 24.23% of the total variance of students' attitudes towards marriage.
- Five significant predictors were identified, namely the participation in religious activities, attitudes towards cohabitation, ethnic group, conflict in the family and gender.
- The more students participated in religious activities, the more positive their attitudes were towards marriage and the more negative their attitudes were towards cohabitation.
- The more positive the students' attitudes towards cohabitation were, the more negative their attitudes were towards marriage.
- White students' attitudes towards marriage were more positive than those held by black students, while black students had more positive attitudes towards cohabitation.
- Increased family conflict lead to students' attitudes towards marriage being more negative and their attitudes towards cohabitation being more positive.
- Men had more positive attitudes than females towards marriage as well as cohabitation.

These results indicate that, due to positive attitudes towards marriage amongst young adults, the institution of marriage is alive and well.

A few facts on cohabitation (2002). Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: <http://members.aol.com/cohabiting/facts.htm>.

Alternatives to Marriage Project (2002). Statistics about unmarried partners, cohabitation, living together and marriage. Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: <http://www.alternativestomarriage.org/statistics.html>.

Amato, P.R. (1988). Parental divorce and attitudes toward marriage and family life. *Journal of Marriage and the Family*, 50, 453-461.

Aronson, E., Wilson, T.D. & Akert, R.M. (1997). *Social psychology* (2<sup>nd</sup> ed.). New York: Longman.

Australian Bureau of Statistics (1995). Australian social trends 1995. Family formation: Trends in marriage and divorce. Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: <http://www.abs.gov.au/Ausstats/ABC@.nsf/94713ad445ff1425ca25682000192af/85de28>.

Axinn, W.G. & Barber, J.S. (1997). Living arrangements and family formation attitudes in early adulthood. *Journal of Marriage and the Family*, 59, 595-611.

Axinn, W.G. & Thornton, A. (1992). The relationship between cohabitation and divorce: Selectivity or causal influence? *Demography*, 29, 357-374.

Axinn, W.G. & Thornton, A. (1993). Mothers, children and cohabitation: The intergenerational effects of attitudes and behavior. *American Sociological Review*, 58, 233-246.

- Axinn, W.G. & Thornton, A. (1996). The influence of parents' marital dissolutions on children's family formation attitudes. *Demography*, 33, 66-81.
- Baron, R.M., Graziano, W.G. & Stangor, C. (1991). *Social psychology*. Fort Worth: Holt, Rinehart and Winston.
- Bem, D.J. (1967). Self-perception: An alternative interpretation of cognitive dissonance phenomena. *Psychological Review*, 74, 183-200.
- Bem, D.J. (1970). *Beliefs, attitudes and human affairs*. Monterey, California: Brooks/Cole Publishers.
- Bennet, N.G., Blanc, A.K. & Bloom, D.E. (1988). Commitment and the modern union: Assessing the link between premarital cohabitation and subsequent marital stability. *American Sociological Review*, 53, 127-138.
- Benokraitis, N.V. (1996). *Marriages and families. Changes, choices and constraints*. Upper Saddle River, N.J.: Prentice Hall.
- Berger, K.S. & Thompson. (1994). *The developing person through the life span* (3<sup>rd</sup> ed.). New York: Worth Publishers.
- Bernardes, J. (1997). *Family studies. An introduction*. London: Routledge.
- Bird, G. & Melville, K. (1994). *Families and intimate relationships*. New York: McGraw-Hill Inc.
- Booth, A. & Johnson, D. (1988). Premarital cohabitation and marital success. *Journal of Family Issues*, 9, 255-272.
- Braaten, E.B. & Rosén, L.A. (1998). Development and validation of the Marital Attitude Scale. *Journal of Divorce and Remarriage*, 29, 83-91.

- Brown, S.L. & Booth, A. (1996). Cohabitation versus marriage: A comparison of relationship Quality. *Journal of Marriage and the Family*, 58, 668-678.
- Browning, S.L. & Miller, R.R. (1999). Marital messages. The case of black women and their children. *Journal of Family Issues*, 20, 633-647.
- Bumpass, L.L., Sweet, J.A. & Cherlin, A. (1991). The role of cohabitation in declining rates of marriage. *Journal of Marriage and the Family*, 53, 913-927.
- Chidammodzi, L.P. (1994). The african marriage: Changed or obsolete? In T. Sono (Ed.), *African family and marriage under stress* (pp. 121-134). Prctoria: Centre for Development Analysis (CDA).
- Clarkberg, M., Stolzenberg, R.M. & Waite, L.A. (1995). Attitudes, Values, and entrance into cohabitational versus marital unions. *Social Forces*, 74 (2), 609-634.
- Cronbach, L.J. (1951). Coefficient alpha and the internal structure of tests. *Psychometrika*, 16, 297-334.
- Davis, K. (1985a). The future of marriage. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage* (pp.25-51). New York: Russell Sage Foundation.
- Davis, K. (1985b). The meaning and significance of marriage in contemporary society. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage* (pp.1-21). New York: Russell Sage Foundation.
- Donovan, P. (1999, 4 Februarie). The decline of the traditional family. *University of Buffalo Reporter*. Retricved from the World Wide Web on 26/12/2001: <http://www.buffalo.edu/reporter/vol30/vol30n19/n7.html>.
- Doyle, R. (1999). The decline of marriage. *Scientific American*. Retrieved from the World Wide Web on 26/12/2001: <http://www.sciam.com/1999/1200issue/1299numbers.html>.

Eagly, A.H. & Chaiken, S. (1993). *The psychology of attitudes*. Fort Worth: Harcourt Brace Jovanovich College Publishers.

Edwards, J.N. (1969). Familiar behavior as social exchange. *Journal of Marriage and the Family*, **31**, 518-526.

Engelbrecht, M.C.J. (1986). *Die voorhuwelikse seksuele houdings en gedrag van 'n groep Afrikaanssprekende jongmense*. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Pretoria.

Espenshade, T.J. (1985b). The recent decline of American marriage. Blacks and whites in comparative perspective. In K. Davis (Ed.), *Contemporary marriage* (pp.53-90). New York: Russell Sage Foundation.

Fishbein, M. & Ajzen, I. (1975). *Belief, attitude, intention and behavior*. Reading, Massachusetts: Addison-Wesley Publishing Company.

Goldscheider, F.K. & Waite, L.J. (1987). Nest-leaving patterns and the transition to marriage for young men and women. *Journal of Marriage and the Family*, **49**, 507-516.

Greenberg, E.F. & Nay, R.W. (1982). The intergenerational transmission of marital instability reconsidered. *Journal of Marriage and the Family*, **44**, 335-347.

Hall, D.R. & Zhao, J.Z. (1995). Cohabitation and divorce in Canada: Testing the selectivity hypothesis. *Journal of Marriage and the Family*, **57**, 421-427.

Harris, C.L. (2001). Cohabitation before marriage: Is it a risk factor for divorce? Retrieved from the World Wide Web on 26/12/2001: <http://people.bu.edu/charris/marriage.html>.

Heider, F. (1958). *The psychology of interpersonal relations*. New York: Wiley.

Huysamen, G.K. (1978). *Beginnels van sielkundige meting*. Pretoria: Academica.

Huysamen, G.K. (1988). *Psychological and educational test theory*. Bloemfontein: Author.

Huysamen, G.K. (1993). *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe*. Johannesburg: International Thomson Publishing.

Huysamen, G.K. (1997). *Inferensiële statistiek en navorsingsontwerp. 'n Inleiding*. Pretoria: Academica.

Jennings, A.M., Salts, C.J. & Smith, T.A. (1992). Attitudes towards marriage: Effects of parental conflict, family structure, and gender. *Journal of Divorce and Remarriage*, 17, 67-79.

Johnson, R.H. (2001). Cohabitation (good for him, not for her). Retrieved from the World Wide Web on 12/26/2001: <http://personalwebs.myriad.net/Roland/cohab1.htm>.

King, A.E.O. (1999). African American females' attitudes toward marriage. An exploratory study. *Journal of Black Studies*, 29, 416-437.

Kinnaird, K. & Gerrard, M. (1986). Premarital sexual behavior and attitudes toward marriage and divorce among women as a function of their mothers' marital status. *Journal of Marriage and the Family*, 48, 757-765.

Landis-Kleine, C., Foley, L.A., Nall, L., Padgett, P. & Walters-Palmer, L. (1995). Attitudes toward marriage and divorce held by young adults. *Journal of Divorce and Remarriage*, 23, 63-73.

Leridon, H. & Villeneuve-Gokalp, C. (1989). The new couples: Number, characteristics, and attitudes. English Selection. *Population*, 44, 203-235.

Le Roux, W.L. du P. (1997). Attitudes and practices pertaining to premarital and extramarital sex and cohabitation among whites in South Africa. In HSRC (Ed.), *Premarital and extramarital sex and cohabitation* (pp.61-87). Pretoria: HSRC Publishers.

Lillard, L.A., Brien, M.J. & Waite, L.J. (1995). Premarital cohabitation and subsequent marital dissolution: Is it self-selection? *Demography*, 32, 437-458.

Long, B.K. (1987). Perceptions of parental discord and parental separations in the United States: Effects of daughter's attitudes toward marriage and courtship. *The Journal of Social Psychology*, 6, 573-582.

Louw, D.A., van Ede, D.M. & Louw, A.E. (1998). *Human development*. Pretoria: Kagiso.

Manning, W.D. (1993). Marriage and cohabitation following premarital conception. *Journal of Marriage and the Family*, 55, 839-850.

Motshologane, S.R. (1997). Attitudes and practices pertaining to premarital and extramarital sex and cohabitation among blacks. In HSRC (Ed.), *Premarital and extramarital sex and cohabitation* (pp.47-60). Pretoria: HSRC Publishers.

Muench, D.M. & Landrum, R.E. (1994). Family dynamics and attitudes toward marriage. *The Journal of Psychology*, 128, 425-431.

National Statistics. Living in Britain. (2000). Current cohabitation and trends over time among women. Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: <http://www.statistics.gov.uk/lib/Section211.html>.

Oropesa, R.S. (1996). Normative beliefs about marriage and cohabitation: A comparison of non-Latino whites, Mexican American, and Puerto Ricans. *Journal of Marriage and the Family*, 58, 49-62.

Pedhazur, E.J. (1997). *Multiple regression in behavioral research. Explanation and prediction*. Fort Worth: Harcourt Brace College Publishers.

Popenoe, D. (1993). American family decline, 1960-1990: A review and appraisal. *Journal of Marriage and the Family*, 55, 527-555.

Pretorius, G.A. (1989). 'n Ondersoek na huwelikshoudings en -verwagtinge van leerlinge in hul finale skooljaar en faktore wat daarmee verband hou. Ongepubliseerde magisterverhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Rall, W.J. (1984). *A Comparison of married and living-together couples*. Ongepubliseerde meestersverhandeling. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Ramasar, P. (1997). Attitudes and practices pertaining to premarital and extramarital sex and cohabitation among Indians. In HSRC (Ed.), *Premarital and extramarital sex and cohabitation* (pp.113-140). Pretoria: HSRC Publishers.

Rathus, S.A. (2002). *Psychology in the New Millennium* (8<sup>th</sup> ed.). Fort Worth: Harcourt College Publishers.

Rindfuss, R.R. & Vanden Heuvel, A. (1990). Cohabitation: A precursor to marriage or an alternative to being single? *Population and Development Review*, 16, 703-726.

Sassler, S. & Schoen, R. (1999). The effect of attitudes and economic activity on marriage. *Journal of Marriage and the Family*, 61, 147-159.

Scanzoni, J. (1995). *Contemporary families and relationships. Reinventing responsibility*. New York: McGraw-Hill Inc.

September, W.J. (1997). Attitudes and practices pertaining to premarital and extramarital sex and cohabitation among coloureds. In HSRC (Ed.), *Premarital and extramarital sex and cohabitation* (pp.89-111). Pretoria: HSRC Publishers.

Skolnick, A.S. (1987). *The intimate environment. Exploring marriage and the family*. Boston: Little, Brown and Company.

Starrels, M.E. & Holm, K.E. (2000). Adolescents' plans for family formation: Is parental socialization important? *Journal of Marriage and the Family*, 62, 416-429.

Statistics South Africa (1998). Marriages and divorces. Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: [www.statssa.gov.za](http://www.statssa.gov.za).

Statistics South Africa (2000). Marriages and divorces. Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: [www.statssa.gov.za](http://www.statssa.gov.za).

Stephan, C.W. & Stephan, W.G. (1990). *Two social psychologies* (2<sup>nd</sup> ed.). Belmont, California: Wadsworth Publishing Company.

Stone, M.K. & Hutchinson, R.L. (1992). Familial conflict and attitudes toward marriage. *Journal of Divorce and Remarriage*, 18, 79-91.

Tanfer, K. (1987). Patterns of premarital cohabitation among never-married women in the United States. *Journal of Marriage and the Family*, 49, 483-497.

Taylor, S.E., Peplau, L.A. & Sears, D.O. (2000). *Social psychology* (10<sup>th</sup> ed.). Upper Saddle River, New Jersey: Prentice Hall.

Thomson, E. & Colella, U. (1992). Cohabitation and marital stability: Quality or commitment? *Journal of Marriage and the Family*, 54, 259-267.

Thornton, A. (1985). Reciprocal influences of family and religion in a changing world. *Journal of Marriage and the Family*, 47, 381-394.

Thornton, A. (1988). Cohabitation and marriage in the 1980s. *Demography*, 25, 497-508.

Thornton, A. (1989). Changing attitudes toward family issues in the United States. *Journal of Marriage and the Family*, 51, 873-893.

Thornton, A. (1991). Influence of the marital history of parents on the marital and cohabitational experiences of children. *American Journal of Sociology*, 96, 868-94.

Thornton, A., Axinn, W.G. & Hill, D.H. (1992). Reciprocal effects of religiosity, cohabitation, and marriage. *American Journal of Sociology*, 98, 628-651.

Thornton, A. & Camburn, D. (1989). Religious participation and adolescent sexual behavior and attitudes. *Journal of Marriage and the Family*, 51, 641-653.

Trost, J. (1979). *Unmarried cohabitation*. Vasterås: International Library.

Vanneman, R. (2000). Sociology 441: Stratification. Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: <http://www.bsos.umd.edu/soc/vanneman/soc441/trends/marrage.html>.

Waite, L.J., Goldscheider, F.K. & Witsberger, C. (1986). Nonfamily living and the erosion of traditional family orientations among young adults. *American Sociological Review*, 51, 541-554.

White, J.M. (1987). Premarital cohabitation and marital stability in Canada. *Journal of Marriage and the Family*, 49, 641-647.

Whitehead, B.D. & Popenoe, D. (2001). The state of our unions. The social health of marriage in America. Retrieved from the World Wide Web on 16/08/2002: <http://marriage.rutgers.edu/TEXTSOOU2001.htm>.

Worchel, S., Cooper, J., Goethals, G.R. & Olson, J.M. (2000). *Social psychology*. Australia: Wadsworth Thomson Learning.

Wu, Z. (1995). The stability of cohabitation relationships: The role of children. *Journal of Marriage and the Family*, 57, 231-236.

Wu, Z. & Balakrishnan, T.R. (1992). Attitudes towards cohabitation and marriage in Canada. *Journal of comparative family studies*, 23, 1-12.

BIOGRAFIESE GEGEWENS

Maak 'n kruisie in die blokkie van u keuse

1. Is u...?

Manlik..... 1

Vroulik..... 2

2. Wat is u huistaal?

Afrikaans..... 1

Engels..... 2

Suid-Sotho..... 3

Ander, spesifiseer..... 4

3. Aan watter etniese groep behoort u?

Swart..... 1

Asiër..... 2

Bruin..... 3

Wit..... 4

4. Wat is u ouderdom?

.....

5. In watter akademiese jaar is u?

- tweede jaar..... 1
- derde jaar..... 2
- honncurs..... 3
- magister..... 4
- ander, spesifiseer..... 5

6. U is...

- ongetroud..... 1
- in 'n heteroseksuele saamwoonverhouding..... 2
- getroud..... 3
- geskei..... 4
- vervreem..... 5
- ander, spesifiseer..... 6

7. U ouers...

- is getroud..... 1
- woon saam..... 2
- is geskei..... 3
- vervreem..... 4
- ander, spesifiseer..... 5

**8. Hoe sou u u ouers se verhouding oor die algemeen beskryf?**

- baie gelukkig.....
- gelukkig .....
- nie gelukkig of ongelukkig nie.....
- ongelukkig .....
- baie ongelukkig.....

**9. Hoe gereeld stry/ het u ouers gestry?**

- omtrek elke dag.....
- 'n paar keer per week.....
- 'n paar keer per maand.....
- selde.....

**10. Wat is u godsdienstige oortuiging? (bv. Ateïs, Christen, Moslem, Hindu, Buddis, New Age, ensovoorts)**

.....

**11. Hoe gereeld neem u aan godsdienstige aktiwiteite deel?**

- 'n paar keer per week.....
- 'n paar keer per maand.....
- selde.....
- nooit.....

## BYLAE B

### HOUDING TEENOR DIE HUWELIK VRAELYS

**Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie, waar:**

1 = stem beslis nie saam nie

3 = stem saam

2 = stem nie saam nie

4 = stem beslis saam

1. Mense behoort te trou.
2. Ek is vol vertroue dat my huwelik 'n sukses sal wees.
3. Mense behoort vir die res van hul lewe met hul huweliksmaat getroud te bly.
4. Die meeste paartjies is óf ongelukkig getroud óf is geskei.
5. Ek sal tevrede wees sodra ek trou.
6. Ek is bang om te trou.
7. Ek het my bedenkinge oor die huwelik.
8. Mense behoort net te trou as hulle seker is dat die huwelik vir altyd sal duur.
9. Mense behoort baie versigtig te wees om te trou.
10. Die meeste huwelike is ongelukkig.
11. Die huwelik is 'n heilige instelling.
12. Die meeste huwelike is nie gelyke vennootskappe nie.
13. Die meeste mense moet te veel in die huwelik opoffer.

| Stem<br>beslis<br>saam | Stem<br>saam | Stem nie<br>saam nie | Stem<br>beslis nie<br>saam nie |
|------------------------|--------------|----------------------|--------------------------------|
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |

14. Omdat die helfte van alle huwelike op 'n egskeiding uitloop, lyk die huwelik sinneloos.
15. As ek sou skei, sal ek waarskynlik weer trou.
16. Ek glo mense moet skei as hulle nie oor die weg kom nie.
17. Ek glo 'n verhouding kan net so sterk wees sonder dat 'n mens deur die huwelikseremonie hoef te gaan.
18. My lewensdroom sluit 'n gelukkige huwelik in.
19. Daar bestaan iets soos 'n gelukkige huwelik.
20. Huwelike beperk mense in die bereiking van hul doelwitte.
21. Mense is veronderstel om lewenslank in een verhouding te bly.
22. Die huwelik bied 'n kameraadskap wat in ander tipes verhoudings ontbreek.

|   |   |   |   |
|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 |
| 4 | 3 | 2 | 1 |
| 1 | 2 | 3 | 4 |
| 1 | 2 | 3 | 4 |
| 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4 | 3 | 2 | 1 |
| 1 | 2 | 3 | 4 |
| 4 | 3 | 2 | 1 |
| 4 | 3 | 2 | 1 |

## BYLAE C

### HOUDING TEENoor SAAMWOON VRAELYS

Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie, waar:

1 = stem beslis nie saam nie

3 = stem saam

2 = stem nie saam nie

4 = stem beslis saam

1. Daar is geen wetlike verpligtinge wanneer mense heteroseksueel saamwoon nie.
2. Mens kan seks vrylik beoefen in saamwoon-verhoudings.
3. Heteroseksuele saamwoonverhoudings kan makliker verbreek word.
4. Daar is minder sekuriteit in heteroseksuele saamwoonverhoudings.
5. Irriterende gewoontes kan makliker in saamwoonverhoudings uitgesorteer word.
6. Die samelewing keur saamwoonverhoudings af.
7. Die huwelik bied meer voordele as om saam te woon.
8. Saamwoonverhoudings gee jou 'n geleentheid om te bepaal of jy vir die res van jou lewe saam met 'n persoon sal kan deurbring.
9. Dit is goedkoper om saam te woon.
10. Mens het geen verantwoordelikheid teenoor jou maat in 'n saamwoonverhouding nie.

| Stem<br>beslis<br>saam | Stem<br>saam | Stem nie<br>saam nie | Stem<br>beslis nie<br>saam nie |
|------------------------|--------------|----------------------|--------------------------------|
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 4                      | 3            | 2                    | 1                              |
| 1                      | 2            | 3                    | 4                              |

## *KEY TERMS*

---

Attitudes

Cohabitation

Family conflict

Divorce

Marriage

Marriage status

Lifestyles

Predictors

U.S. BIBLIOTHECA